

**BETEKENISVORMING IN POSTSTRUKTURALISTIESE
LITERêRE TEORIEë EN DIE RELEVANSIE DAARVAN VIR DIE
EIETYDSE AFRIKAANSE VERHAALKUNS**

Martha Aletta Elizabeth Muller, B.A., M.A.

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in die Departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Promotor: **Prof. Hein Viljoen**
Hulppromotor: **Dr. Heilna du Plooy**

Potchefstroom

1994

VOORWOORD

Baie dankie aan professor Viljoen wat deur sy kritiese opmerkings my denke so gekanaliseer het dat ek tot insigte kon kom. En baie dankie ook aan Dr. du Plooy vir haar ongelooflike vermoë om kennis oor te dra. Dit was 'n voorreg om hierdie taak onder twee sulke bekwame akademici se leiding te kon aanpak.

Sonder die flinke diens van die Ferdinand Postma Biblioteek se personeel sou hierdie studie nie vanuit Cradock kon realiseer nie. My hartlike dank aan almal wat betrokke was.

Aan my vriendinne Laetitia Hattingh en Ina Ellis, baie dankie vir jul onbaatsugtige hulp met die proeflees en vertaling.

En aan my man, Amelius en drie seuns, Thomas, Hardus en Bernard, dankie vir julle wonderlike teenwoordigheid in soveel verskillende gedaantes. Dit het hierdie studie moontlik gemaak.

My grootste dank aan U - my Interpretasiestrategie

ABSTRACT

The occurrence of meaning production ("betekenisvorming") in the poststructuralistic literary situation will be studied in this dissertation. This is not merely an investigation of the meaning of a literary text, but also how the production of meaning is viewed in different theories after the paradigm shift from foundationalism to anti-foundationalism. An understanding of how the meaning is produced in the text, in turn leads to an insight into the text itself. New schools of thought will be accommodated in this study, especially those developed within the theory of literature.

Meaning production no longer only takes place in the interdependent unity of the text or the intention of the author, but also within the whole intertextual situation where the text is "written" by the reader and where translinguistic voices are also a contributory factor. The post-structuralist thus moves away from this "closed unity" of the text, to areas beyond the mere text, such as psychology, history, politics, philosophy, and the experience of the reader. As a result of this, the meaning production of the text also occurs in an expanding way. Meaning production in poststructuralist literary theories is no longer viewed as if occurring within a unity, totality or a universal truth. It rather takes place in heterogeneity, fragmentation, the plurality of the play of language, the sub-consciousness, the irrational and the local character of truth and meaning. It is closely interwoven with the current criticism of foundationalism in its transcendental or metaphysical form.

The following theories of meaning production are addressed in this study: The deconstructive meaning production of **Derrida**; the meaning production through blindness and insight of **De Man**; the lateral meaning production of **Miller**; the expanding dialectic meaning production of **Jameson**; meaning production in the transfer situation in **Lacan**, as well as in **Kristeva**; the schizoanalytic meaning production of **Deleuze and Guattari**; **Bakhtin's** heteroglotic meaning production and **Fish's** pragmatic meaning production. These meaning productions are demonstrated by an analysis of the contemporary Afrikaans texts by Strachan (**Die Jakkalsjagter**); Stockenström (**Abjater wat so lag**); Pelsner (**Soveel nagte plotseling**); Viljoen (**Belemmering**); Phillips (**Herfsverhale**); Brink (**Inteendeel**); Van der Vyver (**Griet skryf 'n sprokie**) and Goosen (**Ons is nie almal so nie**).

In the concluding chapter the poststructuralistic meaning production is evaluated. The issues of openness and restriction are discussed, the role of the reader is addressed and the theories of meaning production are subjected to Armstrong's validity tests.

Flowing from the gains of poststructuralism, a conjunctural theory as alternative approach to the literary text is proposed. A short discussion of **Triomf** by Marlene van Niekerk is used to illustrate the applicability of this conjunctural theory.

OPSOMMING

In hierdie studie word 'n ondersoek gedoen na die maniere waarop betekenisvorming in die poststrukuralistiese literêre situasie plaasvind. Dit is nie bloot 'n ondersoek na "wat" die betekenis van die teks is nie, maar hoe die betekenisvorming binne verskillende teorieë in die paradigmaverskuiwing van "begroning" na "anti-begroning" plaasvind. 'n Begrip van "hoe" die betekenisvorming van die teks plaasvind, lei tot 'n groter insig in die teks self. Nuwe denkwyses sal hier geakkommodeer word wat binne die literatuurteorie uitgewerk is.

Betekenisvorming vind nie meer bloot in die samehangende eenheid van die teks of in die intensie van die skrywer plaas nie, maar binne die hele intertekstuele situasie waarin die teks deur die leser "geskryf" word, en translinguistiese stemme saampraat. Die poststrukuralis beweeg dus uit die "geslote eenheid" van die teks uit na terreine buite die teks, soos die psigologie, die geskiedenis, die politiek, die filosofie en die ervaring van die leser. As gevolg hiervan vind die betekenisvorming van die teks ook uitbreidend plaas. Betekenisvorming word nie meer in poststrukuralistiese literatuurteorieë aangebied asof dit binne 'n eenheid, totaliteit of universele waarheid plaasvind nie. Dit vind eerder in heterogeniteit, fragmentering, die pluraliteit van taalspel, die onbewuste, die irrasionele en die lokale aard van waarheid en betekenis plaas. Dit hang alles saam met die hedendaagse kritiek op begroning in sy transendentale of metafisiese vorm.

Die volgende teorieë oor betekenisvorming word bespreek: Die dekonstruktiewe betekenisvorming van **Derrida**; betekenisvorming deur blindheid en insig van **De Man**; die laterale betekenisvorming van **Miller**; die uitkringende dialektiese betekenisvorming van **Jameson**; betekenisvorming in die oordragsituasie by **Lacan** en ook by **Kristeva**; die skisoanalitiese betekenisvorming van **Deleuze en Guattari**; **Bakhtin** se heteroglossiese betekenisvorming en **Fish** se pragmatiese betekenisvorming. Hierdie betekenisvormings word gedemonstreer deur die eietydse Afrikaanse tekste van Strachan (**Die Jakkalsjagter**); Stockenström (**Abjater wat so lag**); Pelser (**Soveel nagte plotseling**); Viljoen (**Belemmering**); Phillips (**Herfsverhale**); Brink (**Inteendeel**); Van der Vyver (**Griet skryf 'n sprokie**) en Goosen (**Ons is nie almal so nie**) te ontleed.

In die slothoofstuk word 'n evaluering gemaak van die poststrukuralistiese betekenisvorming en die toepaslikheid daarvan vir die literêre teks. Die problematiek van oopheid en inperking word bespreek, die rol van die leser word beskou en die betekenisvorming word aan die geldigheidstoetse van Armstrong onderwerp.

Voortspruitend uit die winste van die poststrukuralisme, word 'n **konjunktorele teorie** as alternatiewe benadering tot die literêre teks aangebied. **Triomf** van Marlene van Niekerk word gebruik om die toepassing van hierdie konjunktorele teorie te demonstreer.

VERKORTE INHOUD

INLEIDING

Probleemstelling, doelstellingen en inleidende oriëntering.....	1
--	---

HOOFSTUK 1

Dekonstruktiewe betekenisvorming Jacques Derrida.....	11
--	----

HOOFSTUK 2

Betekenisvorming deur blindheid en insig Paul de Man.....	50
--	----

HOOFSTUK 3

Laterale danse J. Hillis Miller.....	71
---	----

HOOFSTUK 4

Uitkringende dialektiese betekenisvorming Fredric Jameson.....	99
---	----

HOOFSTUK 5

Betekenisvorming in die oordragsituasie Jacques Lacan.....	133
---	-----

HOOFSTUK 6

Betekenisvorming in die oordragsituasie Julia Kristeva.....	159
--	-----

HOOFSTUK 7

Skisoanalitiese betekenisvorming Gillis Deleuze en Fredric Guattari.....	187
---	-----

HOOFSTUK 8

Betekenisvorming deur heteroglossia Mikhail Bakhtin.....	219
---	-----

HOOFSTUK 9

Pragmatiese betekenisvorming Stanley Fish.....	253
---	-----

HOOFSTUK 10

Slot: gevolgtrekkings, voorgestelde benadering en evaluering.....	285
--	-----

BIBLIOGRAFIE.....	313
-------------------	-----

INHOUD

INLEIDING

PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN INLEIDENDE ORIËNTERING

1	PROBLEEMSTELLING.....	1
2	DOELSTELLING EN AFBAKENING VAN STUDIEVELD.....	2
3	WERKMETODE.....	3
4	BEGRIPSOMSKRYWING EN UITEENSETTING VAN STANDPUNTE.....	4

HOOFSTUK 1

DEKONSTRUKTIEWEBETEKENISVORMING.....11

1	JACQUES DERRIDA	
1.1	INLEIDING.....	12
1.2	DERRIDA SE KRITIEK OP LOGOSENTRIESE EN FONOSENTRIESE BETEKENISVORMING.....	14
1.3	DIE DEBAT OOR DIE LITERÊRE EN FILOSOFIESE AARD VAN DEKONSTRUKTIEWE BETEKENISVORMING.....	15
1.4	DEKONSTRUKTIEWE BETEKENISVORMING.....	18
1.4.1	Skrif ("écriture").....	18
1.4.2	Betekenisvorming deur die opheffing van die sentrale teenwoordigheid: die spel van die teks.....	22
1.4.2.1	Die vervanging van die sentrum deur supplemente.....	22
1.4.2.2	Différance.....	24
1.4.2.3	Spoor.....	25
1.4.3	Betekenisvorming deur 'n dubbele strategie.....	27
1.4.3.1	Hymen.....	27
1.4.3.2	Enting.....	28
1.4.3.3	Pharmakon.....	29

1.4.4	Disseminasie.....	31
1.4.5	Opsommend: dekonstruktiewe betekenisvorming.....	32
1.5	TEN SLOTTE: DIE LITERÊR-FILOSOFIESE AARD VAN DEKONSTRUKTIEWE BETEKENISVORMING.....	33
1.6	<u>DIE JAKKALSJAGTER</u> - ALEXANDER STRACHAN.....	38
1.6.1	Inleiding.....	38
1.6.2	Die "sprokies" in die teks.....	40
1.6.2.1	Lenka se verhaal.....	40
1.6.2.2	Magda se verhaal.....	42
1.6.3	Dekonstruering van die sprokie.....	42
1.6.4	Supplemente in die teks.....	43
1.6.4.1	Supplementêre spel tussen mens en dier.....	44
1.6.5	Ten slotte.....	46
1.7	GEVOLGTREKKING.....	47

HOOFSTUK 2

	BETEKENISVORMING DEUR BLINDHEID EN INSIG.....	50
2	PAUL DE MAN	
2.1	INLEIDING.....	51
2.2	DIE ROL VAN TAAL IN BETEKENISVORMING: RETORIESE BENADERING.....	52
2.3	LITERÊRE BETEKENISVORMING: DIE ROL VAN DIE LINGUISTIESE EN RETORIESE.....	55
2.3.1	Betekenisvorming deur die leesaksie.....	55
2.3.1.1	Logika opgelos deur retoriek.....	56
2.3.1.2	Blindheid en insig.....	58
2.4	KRITIESE NABETRAGTING.....	59

2.5	<u>ABJATER WAT SO LAG</u> - WILMA STOCKENSTRÖM.....	62
2.5.1	Logika opgelos deur retoriek.....	62
2.5.2	Insig in die "blindhede" van die leser.....	64
2.5.3	Insig in die "blindheid" van die teks.....	65
2.5.4	Slot.....	67
2.6	GEVOLGTREKKING.....	67

HOOFSTUK 3

	DIE LATERALE DANS: DEKONSTRUKTIEWE BETEKENISVORMING.....	71
--	--	----

3 J. HILLIS MILLER

3.1	INLEIDING.....	72
3.2	VROEë BENADERING: BETEKENISVORMING DEUR INTERSUBJEKTIVITEIT.....	72
3.3	MILLER SE VERANDERDE BENADERING: DIE ROL VAN TAAL IN BETEKENISVORMING.....	73
3.4	DIE LOGIKA VAN DEKONSTRUKSIE: LATERALE BETEKENISVORMING.....	76
3.4.1	Parasiet en gasheer.....	77
3.4.2	Repetisie en verskil.....	79
3.4.3	Die "onleesbaarheid" van die teks: onsamehangende web van die doolhof.....	81
3.4.4	Die laterale dans.....	84
3.5	KRITIESE OORSIG.....	85
3.6	<u>SOVEEL NAGTE PLOTSELING</u> - CHRIS PELSER.....	88
3.6.1	Gasheer-parasiet-verhouding: repetisies met verskille.....	88
3.6.2	Laterale danse tussen werklikheid en fiksie.....	90
3.6.3	Repetisies met verskille.....	91
3.6.4	Die laterale dans.....	92
3.6.5	Slot.....	95
3.7	GEVOLGTREKKING.....	95

HOOFSTUK 4

	UITKRINGENDE DIALEKTIESE BETEKENISVORMING.....	99
4	FREDRIC JAMESON	
4.1	INLEIDING: IN AANSLUITING BY HEGEL.....	100
4.2	DIALEKTIESE BENADERING TOT BETEKENISVORMING.....	102
4.2.1	Dialektiek van teks en agtergrond: die plasing in 'n diachroniese sekwens.....	102
4.2.2	Dialektiek tussen vorm, inhoud en sosiale realiteit.....	104
4.3	POLITIEKE PERSPEKTIEF.....	105
4.3.1	Die politieke onbewuste.....	106
4.4	BETEKENISVORMING DEUR DRIE SEMANTIESE HORISONNE.....	107
4.4.1	Eng historiese semantiese horison: die teks as simboliese daad.....	110
4.4.2	Semantiese horison van die sosiale orde: teks as ideologieem.....	112
4.4.3	Die horison van geskiedenis as geheel: teks as ideologie van vorm.....	114
4.5	KRITIESE OORSIG.....	117
4.6	<u>DIE STOETMEESTER</u> - ETIENNE VAN HEERDEN.....	120
4.6.1	'n Politieke allegorie.....	120
4.6.2	Eng historiese semantiese horison.....	121
4.6.3	Semantiese horison van die sosiale orde.....	124
4.6.4	Die horison van geskiedenis as geheel.....	125
4.6.5	Slot.....	129
4.7	GEVOLGTREKKING.....	130

HOOFSTUK 5

BETEKENISVORMING IN DIE OORDRAGSITUASIE.....	133
--	-----

5 JACQUES LACAN

5.1	INLEIDING.....	134
5.2	BETEKENISVORMING DEUR 'N NUWE MANIER VAN LEES.....	135
5.3	BETEKENISVORMING DEUR DIE VOLLE SPRAAK VANDIE OORDRAGSITUASIE.....	139
5.3.1	Die simboliese orde.....	140
5.3.2	Hoe betekenisvorming in die oordragsituasieplaasvind.....	143
5.4	KRITIESE OORSIG.....	145
5.5	<u>BELEMMERING</u> - LETTIE VILJOEN.....	147
5.5.1	Inleidend.....	147
5.5.2	Die onvervulde begeerte van die teks.....	147
5.5.2.1	Die leemte tussen daadloos- heid en daadkragtigheid.....	147
5.5.2.2	Die leemte tussen die man- like en vroulike.....	150
5.5.3	Betekenaars van die onbewuste.....	152
5.5.4	Die onmag van die teks.....	153
5.5.5	Slot.....	155
5.6	GEVOLGTREKKING.....	156

HOOFSTUK 6

BETEKENISVORMING IN DIE OORDRAGSITUASIE: DIE SEMIOTIESE DISPOSISIE.....	159
--	-----

6 JULIA KRISTEVA

6.1	INLEIDING.....	160
-----	----------------	-----

6.2	DIE BETEKENISGEWENDE PRAKTYK VAN SEMANALISE.....	162
6.2.1	Poëtiese logika (Zero-2).....	162
6.2.2	Die simboliese en semiotiese.....	165
6.2.3	Die subjek-in-proses.....	167
6.2.4	Die betekenisgewende proses.....	168
6.2.4.1	Negatiwiteit.....	169
6.3	SKRYWER, LESER EN TEKS: BETEKENISVORMING IN DIE OORDRAGSITUASIE.....	172
6.4	SAMEVATTEND: BETEKENISVORMING IN 'N OORSKRYDENE, HETEROGENE PRAKTYK.....	175
6.5	<u>HERFSVERHALE</u> - FRANSI PHILLIPS.....	177
6.5.1	Inleidend.....	177
6.5.2	Die simboliese.....	177
6.5.3	Ortokomplementêre struktuur.....	179
6.5.4	Die semiotiese.....	181
6.5.5	Slot.....	182
6.6	GEVOLGTREKKING.....	182

HOOFSTUK 7

	SKISOANALITIESE BETEKENISVORMING.....	187
--	---------------------------------------	-----

7 GILLIS DELEUZE EN FELIX GUATTARI

7.1	INLEIDING.....	188
7.2	KRITIEK TEEN PSIGOANALITIESE BETEKENISVORMING.....	190
7.3	NIETZSCHE SE INVLOED.....	191
7.4	DIE ROL VAN BEGEERTE IN BETEKENISVORMING.....	192

7.5	SKISOANALITIESE BETEKENISVORMING.....	194
7.5.1	Risoom.....	195
7.5.2	Alles is masjiene: produksieproses.....	196
7.5.2.1	Die molêre vlak.....	197
7.5.2.2	Die molekulêre vlak.....	199
a	Dekodering en deterritorialisering.....	200
b	Kapitalisme en skisofrenie.....	201
7.5.2.3	Herterritorialisering.....	202
7.6	LITERêRE BETEKENISVORMING IN DIE VRYVLOEIENDE ENERGIE VAN DIE RISOOM: AS KODERING, DEKODERING EN HERKODERING.....	203
7.7	KRITIESE BESPREKING.....	204
7.8	<u>INTEENDEEL</u> - ANDR� P BRINK.....	207
7.8.1	Inleidend.....	207
7.8.2	Deterritorialisering en herterritorialisering.....	208
7.8.3	Dekodering en herkodering van die waarheid.....	209
7.8.4	Deterritorialisering en herterritorialisering van mag.....	212
7.8.5	Inteendeel: die "anderkant" van die molêre.....	213
7.9	GEVOLGTREKKING.....	216

HOOFSTUK 8

BETEKENISVORMING DEUR DIE OOPMAAKPROSESSE VAN HETEROGLOSSIA.....	219
--	-----

8 MIKHAIL BAKHTIN

8.1	INLEIDING: 'N VERRYKTE TEORIE.....	220
8.2	ONFINALISEERBARE BETEKENISVORMING.....	222
8.2.1	Heteroglossia.....	226
8.2.1.1	Heteroglossia in die roman.....	228
8.2.1.2	Tipologie van fiksionele diskoers.....	230

8.2.2	Dialogisme.....	231
8.2.3	Die karnavaleske.....	233
8.2.3.1	Parodiërende betekenisvorming.....	235
8.3	KRITIESE OORSIG.....	236
8.4	<u>GRIET SKRYF 'N SPROKIE</u> - MARITA VAN DER VYVER.....	239
8.4.1	Inleiding.....	239
8.4.2	Heteroglossia.....	239
8.4.3	Die karnavaleske: dood van die oue.....	243
8.4.3.1	Die ontluistering van tradisionele betaam- likheidsnorme.....	243
8.4.3.2	Die aftakeling van die tradisionele manlik- vroulik-hiërargie.....	246
8.4.4	Die geboorte van die nuwe: om te kan vlieg.....	247
8.5	GEVOLGTREKKING.....	250

HOOFSTUK 9

	PRAGMATIESE BETEKENISVORMING.....	253
--	-----------------------------------	-----

9 STANLEY FISH

9.1	INLEIDING: BEGRONDING EN ANTIBEGRONING.....	254
9.2	DIE STRUKTUUR VAN DIE LESER SE ERVARING.....	256
9.2.1	Die leser se ervaring as betekenisvorming.....	257
9.2.2	Beskrywing en interpretasie.....	259
9.3	INPERKING VAN ONBEPERKTE BETEKENISVORMING.....	260
9.3.1	Inperking deur die kompetensie van die ingeligte leser.....	260
9.3.2	Inperking deur interpretasie- gemeenskappe.....	261
9.3.2.1	Opheffing van die onderskeid subjektief-objektief.....	265
9.3.3	Inperking van betekenisvorming deur situasie en konteks.....	266
9.3.3.1	Kommunikasie.....	267

9.4	PRAGMATIESE BETEKENISVORMING.....	268
9.4.1	Die rol van "verskil" in pragmatiese betekenisvorming.....	268
9.4.1.1	Demonstrasie/oorreding.....	270
9.4.2	Die rol van solipsisme en relativisme.....	271
9.4.3	Die rol van etnosentrisme.....	273
9.5	TENSLOTTE.....	273
9.6	<u>ONS IS NIE ALMAL SO NIE</u> - JEANNE GOOSEN.....	276
9.6.1	Interpretasie strategie.....	276
9.6.2	Interpretasiegemeenskappe in die teks.....	277
9.6.3	Doris as leser van die inter- pretasiegemeenskap.....	280
9.7	GEVOLGTREKKING.....	281

HOOFSTUK 10

SLOT: GEVOLGTREKKINGS, VOORGESTELDE BENADERING EN EVALUERING.....		285
10.1	INLEIDEND.....	285
10.2	OOPHEID EN INPERKING.....	285
10.3	DIE ROL VAN DIE LESER.....	290
10.4	KONJUNKTURELE BENADERING.....	291
10.5	<u>TRIOMF</u> VAN MARLENE VAN NIEKERK.....	295
10.5.1	Inleiding.....	295
10.5.2	Die taal as musiek.....	296
10.5.3	Mitiese teks.....	296
10.5.3.1	Uitbeelding van die laeklasmens.....	298
10.5.3.2	Die karakters se triomf.....	299
10.5.3.3	Die mitiese simbool van die bergtop.....	299
10.5.3.4	Die mitiese triomf van die teks.....	303
10.5.4	Slotopmerkings.....	306
10.6	TEN SLOTTES: EVALUERING.....	306
BIBLIOGRAFIE.....		313

INLEIDING

PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN INLEIDENDE ORIËNTERING

1 PROBLEEMSTELLING

Betekenisvorming kan as 'n kernvraagstuk in die verskillende literatuurteorieë beskou word. Vir die strukturalis vind betekenisvorming deur die strukture van die teks plaas; vir die lesergeoriënteerde kritikus vind betekenisvorming in die leser plaas; vir die semiotikus berus betekenisvorming op kodes; vir die dekonstruksionis dissemineer betekenis, ensovoorts.

Omdat betekenisvorming op soveel verskillende maniere in hedendaagse literatuurteorieë beredeneer word, kan die volgende vraag gevra word: Hoe vind betekenisvorming dan **eintlik** in die literêre situasie plaas? Die antwoord hoef nie noodwendig enkelvoudig te wees nie.

Voordat hierdie kardinale vraag beantwoord kan word, moet antwoorde op die volgende vrae gevind word: Hoe word die verskillende benaderings tot betekenisvorming teoreties beredeneer? Hoe geldig is die verskillende teoretiese benaderings tot betekenisvorming? Hoe relevant is hierdie beskouings oor betekenisvorming vir die bestudering van die literêre teks self? En voortvloeiend hieruit: is literatuurteorie vandag enigsins nog van praktiese waarde vir die bestudering van die literêre teks? En veral: hoe toepaslik is dit vir die bestudering van die Afrikaanse literêre teks in die Suid-Afrikaanse konteks?

Dit wil voorkom asof die grense tussen die literatuurteorie en ander dissiplines soos antropologie, psigoanalise, historiografie en die filosofie van beide kante af oorskry word en hulle mekaar se terreine begin betree. Culler (1987:30) het bevind dat daar as gevolg van die uitbreiding van die literatuurstudie na bogenoemde velde, 'n essensiële "literariteit" ("literariness") in nie-literêre verskynsels ontdek is. Dit is juis omdat die literatuurteorie so in die kader van betekenisvorming inbeweeg het, dat dit met die filosofie begin oorvleuel het. Die literatuurwetenskap vind aansluiting by die filosofie se kritiese benadering tot die streng (Kantiaanse) opvatting van rasionaliteit en die outonome subjek: teenoor universaliteit word die lokale aard van waarheid, argumentasie en geldigheid geplaas; historiese en kulturele veranderlikheid teenoor

onveranderlikheid; heterogeniteit teenoor eenheid ens. Hierdie rasionaliteitskritiek kan saamgevat word as 'n kritiek op die moontlikheid van begronding.

Kontemporêre literatuurteorie dek vandag dus 'n baie wye veld. Culler (1987:30) wys daarop dat "literariteit" ("literariness") nie bloot meer 'n eienskap van 'n kanon van poësie, drama en prosa is nie, maar dat dit 'n aspek van betekenisgewing geword het, wat in 'n verskeidenheid van diskoerse bestudeer kan word.

Is literatuurteorie in hierdie proliferasie van die literêr-teoretiese kanon besig om van funksie te verander? Hoe prominent figureer die literêre teks nog binne hierdie hele situasie? En is die aard van die literatuurteorie sodanig dat dit nog praktiese toepassing het, ook vir die Suid-Afrikaanse teks?

Sodanige vrae kan slegs beantwoord word as indringend gekyk word na die kern van die teorieë, en dit is geleë in die teorieë se beredenering van betekenisvorming. 'n Insig in die manier waarop betekenisvorming plaasvind, kan tot insig in die teks self lei. Die relevansie van die teorie vir die teks kan dan bepaal word.

2 DOELSTELLING EN AFBAKENING VAN DIE STUDIEVELD

Algemene doelstelling: Die doel van hierdie studie is om na te vors hoe betekenisvorming in verskillende poststrukuralistiese literatuurteorieë verduidelik word, en om dan 'n samevattende eie standpunt te ontwikkel.

Spesifieke doelstellings: Verder word in hierdie studie beoog om die geldigheid van 'n aantal literêr-teoretiese benaderings tot betekenisvorming te ondersoek en te probeer vasstel hoe toepaslik hierdie benaderings vir die literêre teks is. Kan betekenisvorming as 'n invalshoek gebruik word om die literêre teks mee te benader?

Afbakening: Daar sal van poststrukuralistiese literatuurteorieë gebruik gemaak word in hierdie ondersoek. Elke teorie in die poststrukuralistiese veld kan nie gedek word nie, aangesien die studie dan te lank sal word. Die teorieë van Jacques Derrida, Paul de Man, J. Hillis Miller, Fredric Jameson, Jacques Lacan, Julia Kristeva, Gillis Deleuze en Felix Guattari, Mikhail Bakhtin en Stanley Fish, sal bespreek word. Sodoende word van die belangrikste poststrukuralistiese teorieë, naamlik die dekonstruksieteorie, die Marxistiese teorie, die psigoanalitiese teorie, die skisoanalitiese teorie, die pragmatiese teorie en Bakhtin se invloedryke idiosinkratiese teorie verteenwoordig. In die volgorde

waarin die teorieë aangebied word, word 'n geleidelike beweging in die rigting van die resente kultuurteorie waargeneem.

In die toepassing sal gefokus word op die eietydse Afrikaanse verhaalkuns. 'n Volledige lesing van elke teks word nie gemaak nie. Daar word gekonsentreer op die toepaslikheid van die teorie vir die teks. Die volgende tekste is hierby ingesluit: Die jakkalsjagter van Alexander Strachan; Abjater wat so lag van Wilma Stockenström; Soveel nagte plotseling van Chris Pelser; Die stoetmeester van Etienne van Heerden; Belemmering van Lettie Viljoen; Herfsverhale van Fransi Phillips; Inteendeel van André P. Brink; Griet skryf 'n sprokie van Marita van der Vyver en Ons is nie almal so nie van Jeanne Goosen.

3. WERKMETODE

My werkwyse sal krities-evaluerend en vergelykend wees en gerig op praktiese toepasbaarheid.

- 3.1 Eerstens sal die verskillende literatuurteoretiese benaderings tot betekenisvorming nagevors word. Omdat daar van die veronderstelling uitgegaan word dat betekenisvorming 'n belangrike komponent van die teorie uitmaak, is dit 'n metode om tot by die kern van die teorieë deur te dring.
- 3.2 Die geldigheid van die verskillende benaderings kan dan vanuit die begrip "betekenisvorming" geëvalueer word.
- 3.3 Die toepasbaarheid van die teorie sal bepaal word deur die soort betekenisvorming wat deur die teorie uitgewerk is, met behulp van 'n teks te demonstreer.
- 3.4 'n Voorstel sal gemaak word oor hoe om, in die lig van die proliferasie van literatuurteorieë vandag, die literêre teks te benader.
- 3.5 'n Evaluering sal dan gemaak word van die toepaslikheid van literatuurteorie vandag. Daar sal bepaal word watter van bogenoemde teorieë (of elemente daarvan) bruikbaar is by die benadering tot 'n literêre teks.

4 BEGRIPSOMSKRYWING EN UITEENSETTING VAN STANDPUNTE

Betekenisvorming dui in hierdie studie nie bloot op die "betekenis van die teks" nie. Dit is nie 'n blote "interpretasie" van 'n werk waarvolgens die "verskuilde betekenis" na vore gebring word wat 'n soort suiwerende herhaling is wat "meer sê" deur eintlik "minder te sê" nie. Macherey (1978:76) wys daarop dat die rykdom van die "geheim" wat op hierdie manier na vore gebring word, eintlik 'n onthulling van die armoede van die werk is: "That was it, that and nothing more." "Betekenisvorming" is hier eerder 'n aanduiding waar en hoe betekenisvorming in die literêre situasie plaasvind: in die teks, in die leser, tussen teks en leser, deur die outeur, in die onbewuste, deur begeerte, in verhouding met die sosiale realiteit, in wisselwerking met die kulturele agtergrond, op 'n dialektiese manier, deur uitbreiding van die teks, hetsy krapsgewys of disseminerend, dekonstruktief, of hoe ook al.

Betekenisvorming word in poststruktureelste literatuurteorieë nie meer aangebied asof dit binne 'n eenheid, totaliteit of universele waarheid plaasvind nie. Dit vind eerder in heterogeniteit, fragmentering, die pluraliteit van taalspel, die onbewuste, die irrasionele en die lokale aard van waarheid en betekenis plaas. Dit hang alles saam met die hedendaagse kritiek op begroning in sy transendentale of metafisiese vorm.

Fish het in hierdie verband twee teoretiese diskoerse onderskei: 'n **begroningsteorie** ("foundationalist") en **antibegroningsteorie** ("anti-foundationalist"). Begroning is vir Fish (1987:66) die anker van kritiese aktiwiteite aan 'n vaste basis. Hierdie vaste basis bly onveranderlik deur kontekste heen; dit staan verwyderd van politieke en subjektiewe bedrywighede, en kan dit selfs beheer; dit bied 'n verwysingspunt vir die beoordeling van sukses en kennis. Betekenisvorming word hier dus vanuit 'n vaste verwysingspunt verkry. In die antibegroningsituasie (Fish, 1987:68) kan buitekontekstuele, ahistoriese, nie-situasionele realiteite, wette of waardes nie gevind word nie. Vrae oor feite, waarheid, korrektheid, geldigheid en helderheid is slegs debatteerbaar binne die konteks of paradigma of situasie of gemeenskap wat daaraan 'n lokale of veranderlike vorm kan gee. Die stabiliteit en onafhanklikheid van die begrongingsanker word hier ontken.

Die antibegroningsbenadering is deesdae aan die orde van die dag, en hierdie begroning-antibegroning-opposisie sluit aan by 'n worsteling tussen **orde** en **die verbreking van orde** wat dwarsdeur die geskiedenis opgespoor kan word. In verskillende tye of benaderings val die klem swaarder op een van die twee pole. Dit

is 'n polariteit tussen verstarring en wording wat 'n voortgaande proses is, want verstening en verval word altyd opgevolg deur nuwe stryd en gestaltegewing. Hierdie proses word ook dikwels **klassisime** en **romantisisme** genoem wat mekaar deur die eeue afwisselend opgevolg het. Nietzsche het in hierdie opsig 'n sterk onderskeid gemaak. Hy onderskei op die patroon van die Griekse mitologie tussen die **Apolliniese** en die **Dionisiese**.¹ Die Dionisiese is die simbool van wording en fatsoenering, van die heftige demoniese. Die Apolliniese is die verstarring van hierdie wording in die vorm van klassieke rus en harmonie (Du Plessis, 1971:17). Meestal word die ordelike met die goddelike en die onordelike met die bese of die wêreldlike vergelyk. Nietzsche bied dit as twee primêre estetiese patrone aan, waartussen daar voortdurend wisselwerking is. Hy vergelyk die Dionisiese met die skeppingsproses en die Apolliniese met die "wetenskaplike oorgawe aan die waarheid". Hy is bewus van hul wedersydse afhanklikheid van mekaar as "wording" en "vorm".

In my ondersoek na betekenisvorming in poststrukturelitiese literatuurteorieë het hierdie twee pole hul verval in die vorm van **oopenheid** en **inperking** gemanifesteer, met 'n voorkeur vir "oopenheid". In my eie ondersoek na hoe die betekenisvorming in die verskillende teorieë plaasvind, het ek gekonsentreer op die manier waarop betekenisvorming deur elke teorie aangebied word. My eie betekenisvorming is dus wel in die teorieë begrond. In die toepassing van die teorieë op literêre tekste, staan ek egter binne die "konjunktorele" benadering wat in die slothoofstuk as alternatiewe benadering tot die literêre teks aangebied word.

Betekenisvorming vind volgens die poststrukturelitiese teorieë nie meer in die struktuur van die teks plaas, soos wat in die strukturelitiese benaderings gebeur het nie. Dit bestaan ook nie meer binne die teks se geharmoniseerde konnotasies, tone, beelde, simbole en ander semantiese eienskappe intrinsiek aan die teks, sodat die leser deur 'n "close reading" daarvan na betekenisvorming toe gelei word, soos in die New Critics se benadering nie. In die New Critics se benadering is 'n premie geplaas op balans, harmonie en eenheid, en is openinge geherkodeer as paradokse, ironieë

¹ Nietzsche (1913:415) beskryf die Apolliniese en die Dionisiese soos volg:
Apollo's misapprehension: the eternity of beautiful forms, the aristocratic prescription, "**Thus shall it ever be!**"
Dionysus: Sensuality and cruelty. The perishable nature of existence might be interpreted as the joy of procreative and destructive force, as **unremitting creation**.

en meerduidighede (Leitch, 1992:105). Die poststrukuralis kan hom nie meer met so 'n intrinsieke benadering vereenselwig nie, en betekenisvorming sal vir hom noodwendig meer "oop" word, soos hy uit hierdie "geslote eenheid" uitbeweeg. Daardeur het 'n verskuiwing plaasgevind van 'n fokus op die individuele teks na die psigologie, die geskiedenis, die politiek, die dekonstruktiewe filosofie, die pragmatisme, die kulturele gemeenskap en selfs die institusie van die letterkunde (Horton, 1989:286).²

Weens hierdie "uitbeweeg" na terreine buite die teks, vind betekenisvorming noodwendig **uitbreidend** plaas. Die teks word uitgebrei:

- * na die **taalveld** waar uitbreiding van die teks byvoorbeeld kan plaasvind wanneer retoriek of dubbele strategieë ensovoorts 'n rol speel in betekenisvorming, soos in Derrida, De Man en Miller se teorieë;
- * na die **kulturele** of **sosiale** veld waar mites, ideologieë, waarheidsdiskoerse, sosiale kontekste, historiese dimensies, magsdiskoerse, die wegbreek uit gekodeerde gemeenskappe, die stem van die "ander" ens. 'n rol speel, soos by Iser, Barthes, Eco, Fish, Jameson, Bakhtin en Deleuze en Guattari;
- * na die veld van die **onbewuste** waar die konstituering van betekenis ontwig word deur die rol van drange en die intuïsie, en daar 'n eindelose beweging van die teks plaasvind omdat die betekenis in die veld van die Ander lê, soos in Lacan en Kristeva se teorieë.

² Susan R. Horton (1989:285) bied 'n skaal aan vir die situasie soos dit vandag onder literêre kritici gevind word:

Heel ver regs lê diegene wat ons belangrikste taak sien as die lees van tekste, soos hulle glo ons het altyd gedoen. Langs hulle, diegene wat saamstem dat ons hoofsaaklik die onderrig van tekste is, maar hulle brei die omvang van tekste uit na nie-tradisionele, nie-kanonieke, nie-Westerse tekste. 'n Bietjie meer na links lê diegene wat ons belangrikste taak nie soseer as die lees van literêre tekste sien nie, maar as die lees van die kultuur as 'n geheel. Hulle leer studente kritiese leesvaardighede aan wat hulle in staat stel om ook kritiese lesers van hul kultuur te word. Nog meer links is diegene wat voorstel dat ons beste werk die lees van onself en die institusies waarbinne ons werk, moet wees, asook 'n ondersoek van ons rol as senders van kultuur. Nog meer links is die wat voorstel dat ons onself nie slegs as senders of verbruikers van kultuur moet sien nie, maar as mense wat direk betrokke is by die **skryf** van kultuur, as vormers van etiek, moraal, gedrag. Die verste links is diegene wat "kultuur" self as 'n geval van katachrese ("catachresis") sien: nie iets wat oorgesein moet word nie, maar as 'n ander arena waar kragte wat nog nie onder die heerskappy van die staat is nie, geïdentifiseer, getap en losgelaat kan word.

In Barthes (1974) se S/Z, wat al tekenend geword het van die "begin van poststrukuralisme", word hierdie "uitbreiding van die teks" feitlik letterlik verbeeld. Die leser deel die teks in leksias op en brei die leksias deur middel van konnotasies uit. Dit geskied in die herlees van die teks. Betekenisvorming vind dus as konnotasie op denotasie (die eerste lees) plaas. Hierdeur word die tweede-orde mitiese betekenis van die teks - die geënkodeerde werklikheid, die komplekse politieke en semiotiese ideologie - ontbloot, waardeur die illusie van natuurlikheid, die "vanselfsprekende", aan die kaak gestel word.

Uit Barthes se benadering kom dus ook die "hermeneutics of suspicion" na vore, wat deur Ricoeur in die werke van Nietzsche, Marx en Freud herken is. Volgens Baynes, Bowman & McCarthy, (1987:352) word die volheid van betekenis in hierdie suspisieuse benadering nie in die teks "herstel" nie, maar word betekenis gedemistifiseer deur die ontmaskering van die verskuilde magte daaragter. Hierdie "tweede-orde-betekenisvorming" kom op verskillende maniere in die poststrukuralistiese teorieë tevoorskyn, en is deels verantwoordelik vir die wegbeweeg van 'n binêre logika na 'n logika van ambivalensie, dekonstruksie, blindheid-as-insig.

Binne hierdie betekenisvormings word geworstel met die kwessie van **oopheid en inperking**. Dit bring ons terug by die ou kwessie van die dogmatiese bevestiging van een betekenis teenoor die relativistiese aanvaarding van enige betekenis. Behalwe hierdie relativistiese betekenisvorming word ons ook noodwendig gekonfronteer met subjektivistiese en solipsistiese betekenisvorming, oneindige semiose en onbepaalde betekenisvorming.

Die klem val ook sterk op die **aktiewe rol van die leser** - nie bloot aktief in die sin dat die leser die eintlike betekenisvormer is nie, maar omdat haar benadering sodanig is dat die betekenisvorming ook 'n vernuwende effek op die leser self kan hê. Die literêre kunswerk vorm deel van die paradigmaverskuiwings wat voortdurend plaasvind. As die leser die eietydse verhaalkuns wil verstaan, moet sy/haar kompetensie ook deel vorm van hierdie paradigmaverskuiwing. Omdat 'n formalistiese ingesteldheid nie meer die hedendaagse denkwysse oorheers nie, is 'n literêre kompetensie wat 'n bevoegdheid vertoon ten opsigte van genres, strukturalistiese literêre tegnieke, kennis van die literêre kanon, ensovoorts, nie meer voldoende nie. Ook 'n "wyer kompetensie" wat 'n poststrukuralistiese denkwysse akkommodeer, het nodig geword om die eietydse teks te kan interpreteer.

In die volgende gedeelte sal 'n kort aanduiding gegee word van die soort betekenisvormings wat in hierdie studie bespreek sal word.

As gevolg van die dubbele, onbeslisbare betekenis wat daar in die literatuur opgesluit lê, bied **Derrida** 'n dekonstruktiewe betekenisvorming aan. Hiervolgens vind betekenisvorming nie meer binne hiërargiese opposisies en kontradiksies plaas nie, maar juis deur die gelyktydige bevestiging en opheffing daarvan. Binne hierdie dubbele beweging kan daar nie meer 'n vaste sentrum wees wat "rigtingaanduidend" kan optree vir die vorming van betekenis nie, en 'n disseminerende spel kom na vore in die vorm van vervangende supplemente wat probeer om die plek van die "betekenisgewende sentrum" in te neem.

De Man bied ook 'n betekenisvorming aan wat nie epistemologies-stabiel plaasvind nie, maar binne die onbeslistheid van die retoriese. Logika word deur retoriek opgelos, en slegs "mislesings" kan gemaak word. Blindhede kan in hierdie mislesings raakgelees word wat vir 'n ander leser 'n insig word, maar vir 'n volgende leser weer op 'n blindheid dui wat deur sy insig raakgelees word. So kan talle mislesings gemaak word, en 'n "finale" betekenisvorming word nie aangebied nie.

Ook vir **Miller** kan betekenisvorming nie ondubbelsinnig plaasvind nie, omdat eendersheid en verskil gelyktydig teenwoordig is. Hierdie ongelyksoortige dinge bestaan in 'n gasheer-parasiet-verhouding saam, en slegs 'n onbeslisbare betekenisvorming in die vorm van mislesings kan uit hierdie situasie na vore kom. Omdat nie by 'n enkele bepaalde betekenis uitgekom kan word nie, neem die betekenisvorming 'n sywaartse beweging aan, wat deur Miller as "laterale danse" aangebied word.

Vir **Jameson** vind betekenisvorming plaas wanneer die dialektiese verhouding tussen die teks en die wyer uitkringende sosiale basis van die teks sigbaar gemaak word. Omdat Jameson die politieke perspektief as 'n absolute horison van betekenisvorming beskou, tree die politieke onbewuste (die groot kollektiewe verhaal van die ontworsteling van Vryheid uit Noodsaak, maar in die politieke betekenis daarvan) wat as latente struktuur onder alles lê, totaliserend op.

Volgens **Lacan** se teorie vind betekenisvorming in die volle spraak van die oordragsituasie plaas, wat beteken dat die onbewuste ook hierby ingesluit is. Die oordragsituasie bestaan tussen die leser as analis en die teks as analisand. Omdat

die onbewuste vir Lacan soos taal is, neem betekenis slegs vorm aan in die afwesigheid van die objek wat be-teken word. Die leser as analis het dus net toegang tot die beweging van begeerte wat 'n beweging van betekenaars is wat die leemte vervang. Die leser sal dus die leemte in die teks probeer opspoor deur die pad van die betekenaars te volg. In hierdie hele oordragproses word die leser ook deur die teks geaffekteer, wat tot gevolg het dat hy voortdurend heraanpassings moet maak in sy soeke na die onbewuste genereerders van betekenis.

In die oordragsituasie wat deur **Kristeva** aangebied is, ervaar die leser as "betekenisgewende proses" self die ontwrigtende kragte van die semiotiese in die oordragproses. Omdat die semiotiese voorsimbolies is, het dit 'n ontwrigtende invloed op die vaste betekenisvorming van die simboliese. Die leser lees die paragrammatiese, ortokomplementêre struktuur van die teks binne die saambestaan van logika en die ontkenning van logika, en ervaar die ontwrigtende prosesse van die semiotiese omdat hy die teks nie meer bloot simbolies kan ervaar nie. Meervoudige diskoerse en alternatiewe betekenisne kom op hierdie manier uit die oordragproses na vore. Dit is dus nie 'n reglynige oordragproses tussen leser as subjek en teks as objek nie, want die semiotiese disposisie bring die onbekende vir die leser na vore wat die diskoers, en sodoende die leser self ook, kan hernu.

Deleuze en Guattari se "begeerte" word nie, soos in Lacan se teorie die geval is, aan 'n leemte gekoppel nie, maar word geskep as die molekulêre vlak gevorm word. Die molekulêre vlak word juis gevorm as die begeerte wegbreek uit die onderdrukking van begeerte in die molêre vlak. Dit vind plaas deur deterritorialisierungs- en dekodeeringsprosesse tussen die molêre en molekulêre. Betekenisvorming vind plaas as die leser hierdie prosesse in die teks navors en self ook deur die ewig-terugkerende wordingsprosesse geaffekteer word.

Bakhtin bied 'n "heteroglossia" aan waarbinne dialogiese, parodiese en dubbelstemmige diskoerse veroorsaak dat die betekenisvorming van 'n teks onfinaliseerbaar is. Heteroglossia is die oop eenheid wat gevorm word as die grense tussen die binne- en buitekatégorieë van 'n teks oorskry word. Dit sluit dus woorde en betekenisne binne die teks en ook vanuit die grenslose konteks in, waarby Bakhtin se nosie van die "karnavaleske", met sy eie vorm van vernuwing, ook ingesluit is. Woorde en uitings in die teks is dan deurspek met ander se intensies en aksente. Hierdie scenario veroorsaak dat betekenisvorming dialogies, maar ook parodies, kan plaasvind as die offisiële norme byvoorbeeld deur die karnavaleske opgehef word. Maar

betekenisvorming vind ook ambivalent plaas tussen die taal wat parodieer en die taal wat geparodieer word. Hier het ons te doen met Bakhtin se tipiese "dubbelstemmige diskoers" wat op verskillende maniere in hierdie heteroglossia kan plaasvind. Die heteroglossia en ambivalensie in Bakhtin se teorie gee aanleiding tot 'n onfinaliseerbare betekenisvorming.

In die pragmatiese betekenisvorming wat **Fish** aanbied, speel die interpretasiegemeenskap van waaruit die leser die teks benader, 'n belangrike rol in betekenisvorming. Die oortuigings, belange, veronderstellings en uitgangspunte van die interpretasiegemeenskap waarbinne die leser staan, sal sy betekenisvorming grootliks bepaal. Verskillende lesers wat aan verskillende interpretasiegemeenskappe behoort, sal dus verskillende betekenisvormings aanbied. Hulle kan mekaar wel deur middel van oorredingsmodelle probeer oortuig.

In my ondersoek na die verskillende maniere waarop betekenisvorming in die verskillende benaderings plaasvind, word gekyk hoe hierdie kwessies hanteer word, en in die slothoofstuk sal 'n voorstel gemaak word hoe die literêre teks in hierdie proliferasie van teorieë benader kan word.

HOOFSTUK 1

DEKONSTRUKTIEWE BETEKENISVORMING

Dekonstruktiewe betekenisvorming het 'n literêr-filosofiese aard omdat die benadering hier is dat rasionele taal alreeds deurspek is met retoriek. Die "onbeslisbares" is dus ook deel van die "principle of reason" - dit lê slegs aan die buitenste limiet daarvan. Betekenisvorming kan daarom binne 'n "spel" plaasvind wat nie deur 'n vaste struktuur (of sentrum) beperk word nie, maar kan plaasvind omdat die sentrum aangebied word as 'n spoor wat slegs deur die vervanging van supplemente sigbaar word. Betekenis word op hierdie manier deur différence se beweging van "verskil" en "verplasing" gevorm.

Dekonstruktiewe betekenisvorming vind nie meer binne hiërargiese opposisies en kontradiksies plaas nie, maar juis deur die opheffing daarvan omdat daar 'n dubbele, onbeslisbare betekenis in hulle opgesluit lê. Die redelike en die literêre het dus 'n gesamentlike werking in hierdie betekenisvorming.

Dekonstruktiewe betekenisvorming is 'n "oop" betekenisvorming wat die skeppende vryheid van die verbeelding tot sy reg laat kom. Die teks word op 'n interessante manier uitgebrei en die aktiewe leser sal in sy element wees! Die enigste inperking hier is die leser se inkompetensie.

JACQUES DERRIDA³

1.1 INLEIDING

Derrida is nie 'n literatuurteoretikus nie, maar wel 'n filosoof. Tog het sy werk, omdat dit 'n reaksie op strukturalisme en fenomenologie is, en omdat hy die onhoudbaarheid

³ Jacques Derrida (1930) is 'n Franse filosoof wat filosofie by die Ecole Normale Supérieure in Parys doseer. Hy bied ook elke lente 'n kursus in Amerika aan by Yale se "Department of Comparative Literature". Hy het veral vanaf die sewentigerjare 'n groot invloed op literatuurstudies in Amerika met die Engelse vertaling van sy drie boeke wat in 1967 in Frans verskyn het:

- 1973. Speech and phenomena, vertaal deur David B. Allison. Evanston : Northwestern University Press.
- 1976. Of Grammatology, vertaal deur G. C. Spivak. Baltimore : Johns Hopkins University Press.
- 1978. Writing and difference, vertaal deur Alan Bass. Chicago : University of Chicago Press.

Hy skryf ook:

- 1974. Glas. Paris : Editions Galilée.
- 1977. Edmund Husserl's "The origin of geometry": An introduction, vertaal deur John P. Leavey. Stony Brook : N. Hays.
- 1979. Spurs: Nietzsche's Styles, vertaal deur Barbara Harlow. Chicago : University of Chicago Press.
- 1979. "Living on" in Bloom, H. e.a. 1979. Deconstruction and criticism. New York : Seabury Press.
- 1980. La Carte postale de Socrate à Freud et au-delà. Paris : Flammarion.
- 1981. Dissemination, vertaal deur Barbara Johnson. Chicago : University of Chicago Press.
- 1981. Positions, vertaal deur Alan Bass. Chicago : University of Chicago Press.
- 1982. Margins of philosophy, vertaal deur Alan Bass. Chicago : University of Chicago Press.
- 1984. Signéponge = Signsponge, vertaal deur Richard Rand. New York : Columbia University Press.
- 1986. Parages. Paris : Galilée.
- 1987. Psyche: invention de l'autre. Paris : Galilée.

Hy skryf 'n magdom tydskrifartikels, waarvan 'n paar hier genoem word:

- 1969. The ends of man. Philosophy and phenomenological research, 30:31-57.
- 1974. White mythology: metaphor in the text of philosophy. New Literary History, 6:5 -74.
- 1977. Signature, event, context. Glyph, 1:172-197.
- 1977. Limited INC abc.... Glyph, 2:162-254.
- 1980. The law of genre. Glyph, 7:202-232.
- 1983. The principle of reason: the university in the eye of its pupils. Diacritics, 13(3):3-20.
- 1984. No apocalypse, not now. Diacritics, 14(2):20-31.
- 1984. Of an apocalyptic tone recently adopted in philosophy. Oxford Literary Review, 6(2):3-37.
- 1986. But, beyond.. Critical Inquiry, 13:155-170.
- 1989. Comment donner raison? "How to concede, with reasons?" Diacritics, 19(3-4):4-9.

van 'n streng onderskeid tussen die filosofiese en die literêre uitwys, 'n groot invloed op die literêre teorie.

Derrida dekonstrueer betekenisvorming soos aangehang deur die strukturalisme, New Critics en die fenomenologie. In die formalisties-strukturalistiese benadering tot betekenisvorming is die teks 'n draer van "vaste betekenisse" en die kritikus moet hierdie vasgelegde betekenis ontdek deur 'n proses van betekenistoekenning aan woorde en beelde wat in 'n geheel aan mekaar verbind is. Derrida ontken dat 'n teks 'n vasgelegde betekenis het en daardeur bevraagteken hy die strukturalistiese betekenisvorming.

Die New Critics se betekenisvorming berus op die aanname dat daar 'n verskil tussen rasonale en poëtiese taalgebruik is. Vir die New Critics het die kritikus 'n rasonale taalgebruik en betekenisvorming vind plaas as hy die ironie, paradoks en spanning in die literêre werk deur middel van hierdie rasonale taal verduidelik. Vir Derrida is enige taal alreeds deurspek met retoriese middele en deur hierdie ondermyning van die verskil tussen die twee soorte taalgebruik, dekonstrueer hy die New Critics se betekenisvorming.⁴

Derrida dekonstrueer ook fenomenologiese betekenisvorming. Vanuit 'n fenomenologiese standpunt is die "lewende teenwoordigheid" van bewustheid die bevoorregte punt vanwaar betekenisvorming plaasvind. Betekenisvorming vind plaas deur 'n "selfteenwoordigheid" wat taal voorafgaan. Taal is dus bloot 'n sekondêre instrument vir die verwoording van ervaring. Fenomenologiese betekenisvorming lê hiervolgens in die "bedoeling" of bewuste skeppingsdaad van die skrywer op die (teenwoordige) oomblik van uiting. Derrida staan krities teenoor hierdie fenomenologiese betekenisvorming wat hy as die "logosentrisme" en "fonosentrisme" van die Westerse kultuur kritiseer. Hy noem dit die "metafisika van teenwoordigheid" waardeur "bestaan" gesien word deur 'n bril van "dit wat teenwoordig is". Die verlede is dan 'n vorige teenwoordigheid en die toekoms 'n geantisipeerde teenwoordigheid. In sy dekonstruksie van logosentrisme wys Derrida op die gelyktydige bevestiging en ondermyning van die metafisika van teenwoordigheid in tekste.

⁴ Ook Amerikaanse poststrukturaliste soos Geoffrey Hartman, Paul de Man en J. Hillis Miller bevraagteken hierdie rasonale status van die literêre werk omdat alle taal vir hulle alreeds retories is.

1.2 DERRIDA SE KRITIEK OP LOGOSENTRIESE EN FONOSENTRIESE BETEKENISVORMING

In Derrida se eerste drie boeke (Derrida, 1973, 1976, 1978) dekonstrueer hy die Westerse metafisika of "logosentrisme" met sy hiërargiese opposisies van "logos/mythos", logika/retoriek, spraak/skrif, letterlik/figuurlik, natuur/kultuur, intuïsie/betekenisgewing, vorm/betekenis, liggaam/siel, letterlik/metafories, ens. Dit is vir Derrida etnosentriese begrippe wat die konsep van skrif ten koste van interne kontradiksies en onderdrukte paradokse beheer het. Hy bevraagteken die nosie van Syn ("Being") as "teenwoordigheid" wat die opposisies onderlê:

...presence as substance/essence/existence ["ousia"],
temporal presence as point ["stigmè"] of the now or of the
moment ["nun"], the self-presence of the cogito,
consciousness, subjectivity... (Derrida, 1976:12).

Hierdie nosie van "teenwoordigheid" het in die filosofie die "fundamentele" beskryf, wat as 'n soort sentrerende of begrondende krag beskou is. In bogenoemde opposisies het die "hoër" term as 'n hoër teenwoordigheid aan die logos behoort, en is die "laer" term as minderwaardig beskou. Logosentrisme verleen dus prioriteit aan die eerste term, terwyl die tweede as 'n komplikasie of 'n ontkenning of selfs as 'n ontwrigting van die eerste beskou word. Die outoriteit van teenwoordigheid struktureer ons hele denke, soos gesien kan word in die nosies "om iets te begryp", "om iets duidelik te maak", "te demonstreer", "te onthul", ensovoorts. Die metafisika van teenwoordigheid kom ook duidelik na vore in die idee dat betekenis in die bewussyn van die spreker lê.

Hierdie gerigtheid op "teenwoordigheid" van die logosentrisme geld veral vir die hoofvariant van logosentrisme, naamlik "fonosentrisme", wat prioriteit verleen het aan "spraak" bo "skrif". In die Westerse tradisie is skrif gedevalueer (die tweemaal verwyderde "teken van 'n teken", sê Plato, Rousseau, De Saussure⁵) ten gunste van lewende spraak, wat met die eerste oogopslag 'n meer intieme verhouding met "syn" het, omdat jou gedagte die indruk van onmiddellike teenwoordigheid skep. "Natural writing is immediately united to the voice and to breath. Its nature is not

⁵ Plato noem skrif 'n onegte kind, terwyl "spraak" die wettige kind van die "logos" is; Rousseau beskou skrif as 'n gevaarlike supplement tot spraak; en De Saussure sluit dit van die algemene studie van linguïstiek uit omdat dit die natuurlike band tussen die foniese betekenaar en die betekende versteur.

grammatological but pneumatological" (Derrida, 1976:17). Vir De Saussure het die betekende in skrif nie 'n "natuurlike verbintenis" met die betekenaar in die realiteit nie. Derrida (1976:46) stem daarmee saam, maar hy bevraagteken die woord "natuurlike". Vir Derrida is alle betekenisgewende terme, in spraak en in skrif, sekondêr. Geen absolute onderskeid kan getref word nie, aangesien albei "spore" dra van al die ander betekenisgewende elemente waarmee hulle verbind is. Maar vir De Saussure is spraak nie, soos skrif, sekondêr nie - skrif is eerder ondergeskik aan spraak: "Language and writing are two distinct systems of signs; the second exist for the sole purpose of representing the first" (Derrida, 1976:43).

Derrida (1976:43) kritiseer die logosentriese metafisika van De Saussure waarin die taalsisteem met die foneties-alfabetiese skryfwyse geassosieer word, waarvolgens die sinsbestaan as "teenwoordigheid" geproduseer word. Hierdie logosentrisme het die "vrye refleksie" op die oorsprong en status van skrif in parentese geplaas of onderdruk.

In sy teorie dekonstrueer Derrida die begrondende krag wat die logosentriese hiërgargiese opposisies onderlê. In die plek van die metafisiese binêre opposisies bied hy "onbeslisbares" ("undecidables") aan (soos "spoor", "hymen", "supplément", "gram", "spacing", ens.) wat weerstand bied teen filosofiese opposisies en wat nie ruimte laat vir 'n oplossing in die vorm van 'n spekulerende dialektiek nie (Derrida, 1981b:43). Dit is 'n radikale verandering in die filosofiese tradisie wat baie reaksie uitgelok het.

1.3 DIE DEBAT OOR DIE LITERÊRE OF FILOSOFIESE AARD VAN DEKONSTRUKTIEWE BETEKENISVORMING

Wood (1992:1) meen dat die resepsie van Derrida se werke nou 'n derde fase betree. Aanvanklik, in die laat sestigerjare, was daar ongeloof, entoesiasme en onverskilligheid; sedertdien het daar 'n afbakening van posisies en 'n aanpassing by die nuwe idees plaasgevind; vanaf die laat tagtigerjare is 'n produktiewe, kritiese betrokkenheid by filosowe en literêre kritici te bespeur. Baie kritiese besprekings⁶ van

⁶ Sien byvoorbeeld:

Gasché, Rodolphe. 1986. The tain of the mirror: Derrida and the philosophy of reflection. Cambridge : Harvard UP.

Llewelyn, John. 1986. Derrida on the threshold of sense. London : Macmillan.

Harvey, Irene. 1986. Derrida and the economy of différance. Bloomington : Indiana UP.

Habermas, J. 1987. The philosophical discourse of modernity: twelve lectures. Cambridge : Polity Press.

Sallis, John. (ed.) 1987. Deconstruction and philosophy: the texts of Jacques

Derrida se werk sien die lig.

Ek meen dat sy werk kritiese bespreking uitlok, nie weens die radikale aard daarvan nie, maar omdat hy tegelykertyd 'n ernstige filosofiese denker en 'n skrywer van speelse stilistiese virtuositeit is. Wat Derrida hier doen, is om van twee maniere van betekenisvorming gebruik te maak. Baie kritici kan hierdie twee eienskappe nie met mekaar versoen nie, en hulle beklemtoon die een of die ander, op 'n positiewe of 'n negatiewe manier. Daar is byvoorbeeld 'n verskil van opinie oor die "vrye spel" van betekenisvorming in sy benadering. Sommige kritici soos Searle en Ellis staan negatief teenoor die "speelsheid". Hulle kan nie sien hoe 'n ernstige filosoof sy filosofie deur die spel van die teks kan bedryf nie. Ander soos Rorty prys hom vir hierdie speelsheid en vir die feit dat hy daardeur uitgediende epistemologiese konsepte omvergewerp het. Rorty kan dit nie aanvaar dat daar kritici soos Norris, Culler en Gasché is wat Derrida, ten spyte van sy radikale breuk met Westerse metafisika, nog in die kader van beredenering en "ernstige" filosofiese argumentasie wil plaas nie. Gasché en kliek die insig dat Derrida nie bloot die genre-onderskeiding tussen letterkunde en filosofie wil ophef nie - 'n kritiek wat Habermas teen hom inbring - maar dat Derrida deur filosofiese beredenering wil toon dat die onderskeid tussen letterkunde en filosofie op 'n reeks onstabiele opposisies berus, soos konsep/metafoor, letterlik/figuurlik, rede/retoriek, ens. Gasché (1986:87) wys daarop dat Derrida in Hegel se filosofiese tradisie dink - hy dink net 'n bietjie verder as Hegel. Waar Hegel op sy beurt dit wat Kant onbedink gelaat het, bedink, naamlik dat teenoorgesteldes 'n eenheid veronderstel, bedink Derrida weer dit wat Hegel onbedink gelaat het. Waar Hegel dus die identiteite bedink wat verskille versoen, bedink Derrida weer die verskille wat identiteite verdeel. In hierdie filosofie van verskille, meen Gasché (1986:152), bied Derrida 'n "nie-fundamentele struktuur" aan wat nie heeltemal 'n struktuur is nie.

Derrida. Chicago : University of Chicago Press.

Wood, David & Bernasconi, Robert (ed.) Derrida and différance. Evanston : Northwestern University Press.

Carroll, David. 1987. Paraesthetics: Foucault, Lyotard, Derrida. New York & London : Methuen.

Ellis, John M. 1989. Against deconstruction. Princeton UP.

Michelfelder, D. & Palmer, R. 1989. (ed.) Dialogue and deconstruction: the Gadamer-Derrida encounter. State University of New York.

Wood, David. 1992. (ed.) Derrida: a critical reader. Oxford/ Massachusetts : Blackwell.

In Derrida, this difference links identity based on self-relation to difference, each time in a different manner, in such a manner that what is held together does not form a whole.

Hiermee wil Gasché sê dat dekonstruksie nie bloot 'n spel is nie, maar ernstige filosofie. Hy beskou hierdie boek van hom dan ook as 'n korrigerende van mislesings van Derrida deur dekonstruktiewe literêre kritici wat die self-dekonstruksie van tekste demonstreer. Hy ontleed egter nie spesifieke voorbeelde nie, en bly gevolglik vaag hieroor.

Die probleem met baie negatiewe kritici teen Derrida is dat hulle (soos bv. Ellis, 1989) glo dat om 'n teks te "dekonstrueer" beteken om net vir die pret daarvan die onsamehangendhede, blinde kolle, ens. uit te wys. Dit is waarskynlik na sodanige ontledings wat Gasché verwys. Dit speel wel 'n rol in sekere stadiums in Derrida se werke, soos in sy skrywes oor Plato, Kant, Husserl. Maar dit is nie bloot gedoen ter wille van die pret daarvan nie. Sy doel daarmee was om uit te wys dat beide saam met en teen hierdie idees gedink kan word.

Tog kan hierdie meer literêre en spelerige skrywes van Derrida nie geïgnoreer word nie. Tesame met die besondere omvang en diepte van sy filosofiese denke, bied hy dikwels 'n literêre styl aan met 'n stilistiese virtuositeit wat jou stom laat. Vergelyk sy "The principle of reason" (1983) asook sy "Passions: an oblique offering" in Wood (1992). Dit is na my mening onnodig dat daar twee kampe (filosofiese en literêre benaderings) moet wees van waaruit kritici Derrida beskou. Die kritici is in twee kampe verdeel omdat dit gaan oor die kwessie van hoe betekenisvorming vir Derrida plaasvind: filosofies, volgens 'n "beginsel van rede" ("principle of reason") of literêr, metafories, irrasioneel. Omdat Derrida met die logosentriese tradisie breek, is daar sekere filosowe en literêre teoretici wat 'n soort "exuberant verbal freeplay" aan hom toeskryf. Hartman (1981) bied Derrida se dekonstruksie as 'n soort bevryde intertekstualiteit aan waar tale eindeloos rondswerf en meng. Hierdie siening lok 'n teenreaksie uit van kritici soos Gasché en Harvey (1986) wat Derrida se "filosofiese betekenisvorming" wil red.

Hierdie verdeling in twee kampe is nie regtig nodig nie omdat die poëtiese, die "onbeslisbares" vir Derrida (1983:14) ook deel is van die "principle of reason", dit lê slegs aan die buitenste limiet daarvan:

But if the analysts end up for example working on the structures of the simulacrum or of literary fiction, on a poetic rather than an informative value of language, on the effects of undecidability, and so on, by that very token they are interested in possibilities that arise at the outer limits of the authority and the power of the principle of reason.

Voordat ek Derrida se eie benadering tot die "principle of reason" gaan uiteensit, is dit nodig om 'n uiteensetting te gee van sy dekonstruktiewe betekenisvorming.

1.4 DEKONSTRUKTIEWE BETEKENISVORMING

Om die fonosentrisme wat hierbo gekritiseer is, op te hef, bied Derrida 'n teorie van skrif ("writing", waarna hy ook verwys as "écriture") aan, naamlik "grammatologie".

1.4.1 Skrif ("écriture")

Binne grammatologie is "skrif" nie meer die gewone "skrif" soos dit teenoor "spraak" gestel word nie, maar word dit die gemeenskaplike basis van skrif en spraak. Derrida (1981b:26) noem dit self "a new concept of writing". Dit is veel meer as die skriftelike tekens op papier:

...to designate not only the physical gestures of literal pictographic or ideographic inscription, but also the totality of what makes it possible; and also, beyond the signifying face, the signified face itself. And thus we say "writing" for all that gives rise to an inscription in general, whether it is literal or not, and even if what it distributes in space is alien to the order of the voice: cinematography, choreography, of course, but also pictorial, musical, sculptural "writing". One might also speak of athletic writing, and with even greater certainty of military or political writing in view of the techniques that govern those domains today. All this to describe not only the system of notation secondarily connected with these activities, but the essence and content of these activities themselves. It is also in this sense that the contemporary biologist speaks of writing and "pro-gram" in relation to the most elementary processes of information within the living cell. And finally, whether it has essential limits or not, the entire field covered by the cybernetic "program" will be the field of writing (Derrida, 1976:9).

Hierdie nuwe konsep van "skrif" kan nie binne 'n metafisika van "teenwoordigheid" bestaan nie:

This arche-writing...cannot and can never be recognized as the "object of a science". It is that very thing which cannot let itself be reduced to the form of "presence" (Derrida, 1976:57).

"Skrif" kan vir Derrida slegs buite teenwoordigheid plaasvind. As dit nie so was nie, sou 'n geskrewe of ook 'n gesproke stuk slegs in die konteks van sy oorspronklike produksie kon funksioneer, en sou dit nie 'n verteenwoordiging van daardie konteks wees nie, maar 'n deel daarvan. Dit sou 'n stukkie teenwoordigheid wees. Daarom is skrif vir Derrida (1977:179) altyd herhaalbaar ("iterable"):

Such iterability... structures the mark of writing itself, no matter what particular type of writing is involved (whether pictographical, hieroglyphic, ideographic, phonetic...). A writing that is not structurally readable - iterable - beyond the death of the addressee would not be writing.

In die leesaksie kan daar dus nie iets soos 'n "nie-herhaalbaarheid" wees nie, en is elke gebeurtenis altyd en alreeds 'n representasie of 'n repetisie. In die normale konteks word "iterability" beskou as iets wat na 'n oorspronklike gebruik "weer" ("iter") gebruik kan word; vir Derrida is "iterability" 'n toestand wat vanaf die oorspronklike gebruik in "skrif" geld.

"Nie-herhaalbaarheid" kan dus toegepas word op "onbemiddelde teenwoordigheid", terwyl "herhaalbaarheid" binne "skrif" geldig is. Binne "skrif" of "grammatologie" geld die metafisika van teenwoordigheid met sy vaste sentrum nie meer nie. Logosentriese betekenisvorming geld dus nie meer nie, en Derrida bied 'n nuwe manier van betekenisvorming aan. Omdat "teenwoordigheid" nie meer 'n sentrerende en begrondende krag is nie, vind betekenisvorming vir Derrida nie binne 'n struktuur met 'n vaste sentrum plaas nie. Hy bied 'n dekonstruktiewe betekenisvorming aan wat op verskillende maniere kan plaasvind, waarvan die belangrikste is:

a die opheffing van 'n sentrale teenwoordigheid deur 'n **spel** wat nie deur 'n struktuur beperk word nie;

b die opheffing van die logosentriese konsepsies van hiërargiese opposisies, kontradiksies en skeidslyne deur 'n **dubbele dekonstruksiebeweging**.

Derrida se dekonstruktiewe betekenisvorming deur middel van spel en dubbele strategie word verderaan met behulp van die volgende diagram verduidelik:

LESER SE VASSTELLING VAN
TEKS SE DEKONSTRUKSIE:
Disseminasie deur: spel van teks
en dubbele strategie

SPEL VAN TEKS

Opheffing van sentrale teenwoordigheid

Différance: (geen sentrum)

Spoor	→	betekende (spoor)	→	betekende (spoor)
Supplement		= supplement		= supplement →
		= betekenaar		= betekenaar

DUBBELE STRATEGIE

Opheffing van hiërargiese opposisies,
kontradiksies en skeidslyne.

begeerte → HYMEN ←→ vervulling

Die gelyktydige opheffing en samevoeging
van teenoorgesteldes is ook die dekonstruksie
van die konseptuele orde van "verskil en nie-verskil".

Enting
marginale → sentrale

Die omkering van die essensiële en die onessensiële
is ook die dekonstruering van die konseptuele orde
van "binne en buite".

PHARMAKON
geneesmiddel ←→ gif

Teenoorgesteldes gaan in mekaar oor.
Konsepsie van kontradiksie word gedekonstrueer.

PHARMAKON
Uitsluiting van skrif
suiwer orde van spraak & denke.

PHARMAKOS
Uitsluiting van sondebok
suiwer stad.

Maar om uitgesluit te word, beteken hulle is reeds binne.
Skeidingslyn tussen binne en buite word
gedekonstrueer.

1.4.2 Betekenisvorming deur die opheffing van die sentrale teenwoordigheid: die spel van die teks

Betekenisvorming vind vir Derrida binne 'n "spel" plaas wat nie meer deur die organiserende beginsel van 'n struktuur beperk word nie. Hierdie "spel" is die beweging van betekenisgewing, naamlik "différance". Hoe hierdie beweging plaasvind, sal in die volgende paar afdelings bespreek word. Daar sal gekyk word hoe die "supplement" die "sentrum" se plek oorneem en hoe die "spoor" die plek van "teenwoordigheid" inneem, en daar gevolglik slegs verskuiwings en verplasings plaasvind. Literêre betekenisvorming sal hier dus nie in 'n "sentrum", soos in die teks of die intensie van 'n skrywer plaasvind nie, maar tussen die "spore" en "supplemente" wat deur die teks gesaai is. Eerstens word daar gekyk na die rol van die sentrum en supplemente in Derrida se betekenisvorming.

1.4.2.1 *Die vervanging van die sentrum deur supplemente*

Derrida wys daarop dat sy "grammatologie" nie binne 'n struktuur met 'n vaste sentrum kan figureer nie. Vir Derrida (1988:109) was die funksie van die sentrum nie bloot om die struktuur te organiseer, balanseer en te oriënteer nie, maar om te verseker dat die organiserende beginsel van die struktuur die "spel" van die struktuur beperk.

Derrida (1988:117) wys daarop dat Lévi-Strauss⁷ in sy model die afwesigheid van enige werklike vaste sentrum in die mitiese of mitologiese diskoers vind. Die afwesigheid van 'n sentrum is hier die afwesigheid van 'n subjek en die afwesigheid

⁷ Lévi-Strauss vind geen absolute eenheid of bron vir die Bororo-mite nie. Die fokus of die bron van die mite is altyd skaduwees en virtualiteite wat ontwykend en onrealiseerbaar is. Alles begin met struktuur, konfigurasie of verwantskap. Die diskoers van die asentriese struktuur waaruit die mite self bestaan, kan self nie 'n absolute subjek of 'n absolute sentrum hê nie. In teenstelling met "epistemiese" diskoers, moet strukturele diskoers oor die mite self "mitomorfies" wees (Derrida, 1988:116). Dit moet met ander woorde die vorm hê van dit waaroor dit praat. Volgens Lévi-Strauss kan die mite nie volgens die Cartesiaanse beginsel in kleiner deeltjies opgebreek word om by die oplossing te probeer uitkom nie.

There is no real end to methodological analysis, no hidden unity to be grasped once the breaking-down process has been completed. Themes can be split up "ad infinitum". Just when you think you have disentangled and separated them, you realize that they are knitting together again in response to the operation of unexpected affinities (Derrida, 1988:116).

van 'n outeur. As gevolg van die afwesigheid van die sentrum en omdat die mite vergelykbaar is met sy spraak, kan daar voortdurend onverwagse verbindings gemaak word, en kan 'n ondersoek na die mite nooit "voltooi" word nie. Die somtotaal kan nie bepaal word nie, en totalisering het hier dus nie betekenis nie.

As totalisering nie meer betekenis het nie, is dit nie omdat die oneindigheid van 'n veld nie deur 'n eindigende blik of diskoers gedek kan word nie, maar omdat die aard van die veld totalisering uitsluit. Hierdie veld is die taalveld, wat in effek dié van "spel" is, naamlik 'n veld van oneindige vervangings omdat die sentrum weg is - die sentrum wat hierdie spel van vervangings begrond het. Derrida noem hierdie beweging van spel, wat toegelaat word as gevolg van die afwesigheid van 'n sentrum of 'n oorsprong, die beweging van "supplementariteit" (Derrida, 1988:119).

Die sentrum kan nie bepaal word nie, en totalisering kan nie bereik word nie omdat die teken wat die sentrum verplaas, wat die "supplement" vorm, die sentrum se plek in sy afwesigheid inneem. Dit vervang dus iets anders, maar is terselfdertyd ook 'n byvoegsel omdat dit iets byvoeg by 'n afwesigheid aan die kant van die betekende.

The "overabundance" of the signifier, its "supplementary" character, is thus the result of a finitude, that is to say, the result of a lack which must be "supplemented" (Derrida, 1988:120).

Die woord "supplément" se twee betekenisse in Frans is "byvoeging" en "verplasing". Die supplement voorsien, in die leemte van 'n volle eenheid, 'n ander eenheid in die plek daarvan, wat eenders genoeg is, maar wat ook verskillend genoeg is sodat 'n verplasing deur 'n byvoeging kan plaasvind (Derrida, 1981a:168).

One ought to distinguish, between two repetitions.
-But they repeat each other, still; they substitute for each other...
-Nonsense: they don't replace each other, since they are added...
-Precisely....

(Derrida, 1981a:170)

Omdat die supplement die plek van die ander inneem, het dit geen essensialiteit nie. Dit is nooit hier en nou teenwoordig nie. Dit is minder as niks, en ook veel meer as niks. Dit is nie 'n teenwoordigheid nie en ook nie 'n afwesigheid nie. "No ontology can think its operation" (Derrida, 1976:314, 1981a:109).

As die supplement binne die spel van complementariteit verwant gemaak word aan sy betekende, sal die betekende altyd 'n ander betekenaar wees (Derrida, 1976:266).⁸

Uit bogenoemde verduidelikings van die supplement, is dit duidelik dat complementariteit in werklikheid ook "différance" genoem kan word, "the operation of differing which at one and the same time both fissures and retards presence, submitting it simultaneously to primordial division and delay" (Derrida, 1973:88).

1.4.2.2 *Différance*

Nog 'n "onbeslisbare" waarbinne die "spel" in Derrida se skrif plaasvind, is **différance**, wat nóg 'n woord nóg 'n konsep is, omdat dit nie gereduseer kan word tot 'n enkele betekenis nie, maar die betekenis bly opgelos tussen:⁹

"differre" (Latyn), wat beteken om uit te stel tot later ("a detour, a respite, a delay, a reserve, a representation" Derrida, 1973:136); en

"différer" (Frans), wat beteken om te verskil, om nie identies te wees nie, om anders te wees.

Uit bogenoemde word dit duidelik dat tydsverskille ook 'n rol speel in Derrida se **différance**. Die "teenwoordigheids-definisie" van die betekenis word dus opgehef omdat betekenis uitgestel kan word deur die supplementêre aard van die Derridaanse spel. Die "a" in "différance" dui dan ook, volgens Derrida (1973:130) op die "spel" ("jeu") van verskille. Volgens Derrida (1981b:27) is *différance* die

⁸ Ook in Lacan se teorie maak die metaforiese wêreld van die spieël plek vir die metonimiese wêreld van taal as die betekenisgewende ketting oneindig word. Die beweging van een betekenaar na 'n ander word hier die begeerte se beweging wat probeer om die leemte te vul, omdat die objek wat vroeër in die plek van die leemte was, nou in die onbewuste is.

⁹ Let daarop dat hierdie onreduseerbare betekenis nie net 'n uitbreiding van die Saussuriaanse begrip van 'n netwerk van differensies of verskil is nie, maar dit is ook 'n vereniging van verskillende denke in ons tyd: the differences of forces in Nietzsche, Saussure's principle of semiological difference, differing as the possibility of (neurone) facilitation, impression and delayed effect in Freud, difference as the irreducibility of the trace of the other in Levinas, and the ontic-ontological difference in Heidegger (Derrida, 1973:130).

sistematiese spel van verskille, van die "verruimteliking" ("spacing") waardeur elemente aan mekaar verwant is. Die aktiwiteit of produktiwiteit wat by die "a" van *différance* ingesluit is, verwys na die genererende beweging in die spel van verskille (Derrida, 1981b:27). Daar is dan ook geen subjek of outeur of meester van *différance* wat *différance* kan voorafgaan nie. Subjektiviteit - soos ook objektiviteit - is 'n effek van *différance* wat alreeds ingeskryf is in 'n sisteem van *différance* (Derrida, 1981b:28). Die verhouding tot 'n teenwoordige realiteit is dus altyd uitgestel: 'n element funksioneer en neem slegs betekenis aan deur na 'n ander element in die verlede of die toekoms in 'n ekonomie van spore te verwys. Hier is dus nie 'n verwysing na 'n teenwoordigheid of na iets teenwoordig nie, maar na iets anders, soos 'n "spoor".

1.4.2.3 *Spoor ("trace")*

In die plek van die metafisiese "teenwoordigheid" bied Derrida die "spoor" aan. Waar metafisika na die ding self soek, na aanwesigheid, betekenisvolheid, na iets wat in homself waar en denkbaar is, bedink Derrida betekenis teen die agtergrond van spoor. Derrida draai die metafisiese tradisie dus om en bedink betekenis nie meer vanuit die aanwesigheid van iemand, iets, 'n god of 'n sentrum nie, maar dit word 'n effek van die spoor. Hy maak dan ook van die spoor gebruik om die metafisika van teenwoordigheid te dekonstrueer:

This deconstruction of presence accomplishes itself through the deconstruction of consciousness, and therefore through the irreducible notion of the trace ("Spur"), as it appears in both Nietzschean and Freudian discourse (Derrida, 1976:70).

Omdat die spoor nie 'n entiteit of 'n teenwoordigheid is nie, kan dit nie bestaan nie. "The trace itself does not exist"¹⁰ (Derrida, 1976:167). Die spoor lê in "*différance*", daar waar die beweging van betekenisgewing moontlik gemaak word, as die element wat sogenaamd "teenwoordig" behoort te wees, verwant gemaak word aan iets anders as sigself en aan tyd uit die verlede en die toekoms: die merk van 'n element uit die verlede en van 'n verhouding met 'n toekomstige element is alles spore wat in die beweging van *différance* lê.

¹⁰ Net soos die "spoor" vir Derrida nie kan bestaan nie, is ook die onbewuste vir Lacan (1977b:29) pre-ontologies. Dit is "neither being, nor non-being, but the unrealized".

This trace relates no less to what is called the future than to what is called the past, and it constitutes what is called the present by this very relation to what it is not, to what it absolutely is not (Derrida, 1973:142).

Tyd sowel as ruimte speel 'n rol in die onbeslisbare "spoor". 'n Interval verdeel die spoor van wat dit nie is nie, en terselfdertyd moet daardie interval die oomblik waarin dit geskied, self ook verdeel, en alles wat daarmee saamgaan, soos die substansie of subjek. Hierdie interval wat alles verdeel, noem Derrida (1973:143) "spacing": tyd wat ruimtelik word of ruimte wat tydelik word.¹¹ Hierdie verandering van die "teenwoordige" in 'n sintese van spore, retensies en protensies lei Derrida (1973:143) na die benamings "protowriting", "prototrace" en "différance". Omdat die metafisika van teenwoordigheid in hierdie redenasies opgehef word, sal die gewone begrippe van tyd en ruimte noodwendig opgehef word. Daarom kan Derrida (1986a:66) "teenwoordigheid" definieer as "die spoor van die spoor, die spoor van die uitwissing van die spoor", en daarom kan hy sê:

Such a "différance" would at once, again, give us to think a writing without presence and without absence, without history, without cause, without "archia", without "telos", a writing that absolutely upsets all dialectics, all theology, all teleology, all ontology. A writing exceeding everything that the history of metaphysics has comprehended in the form of the Aristotelian "gramme", in its point, in its line, in its circle, in its time, and in its space.

Uit voorgaande het dit duidelik geword dat betekenisvorming vir Derrida nie meer in 'n struktuur wat 'n totaliteit vorm en wat deur 'n "sentrum" beheer word, plaasvind nie, maar wel in die beweging van "différance". Die beweging van "différance" lê in sy twee betekenisse van "verskil" en "verplasing": omdat 'n "spoor" die plek van "teenwoordigheid" ingeneem het, en 'n "supplement" die sentrum se plek oorgeneem het, kry ons slegs verskuiwings en verplasinge - die supplement word die betekenaar van die betekende (wat slegs 'n spoor is - nie meer 'n teenwoordigheid nie), wat dan weer die betekenaar van die volgende "betekende" word. Omdat die betekende nie meer 'n teenwoordigheid is nie, is dit 'n leemte wat voortdurend deur die supplement vervang moet word. Betekenis word so

¹¹ Weer eens sluit Lacan se "onbewuste" by Derrida se "spoor" aan in die opsig dat kontradiksie, tydruimtelike plasing en tyd nie vir Lacan (1977b:31) 'n rol speel in die onbewuste nie.

"bygevoeg" en "verplaas". Die supplement self het geen essensialiteit nie, geen teenwoordigheid of afwesigheid nie, dit speel slegs 'n rol in die spel van *différance*. Deur die supplementêre aard van die spel word betekenis voortdurend uitgestel: 'n element neem slegs betekenis aan deur na 'n ander element in die verlede of toekoms in 'n ekonomie van spore te verwys. Net soos die supplement, het die spoor ook nie 'n essensialiteit nie, maar bestaan dit slegs in 'n beweging van betekenisgewing, in "*différance*", die "spel" van die teks.

Dekonstruktiewe betekenisvorming vind egter nie net in die "spel" van die teks plaas nie, maar ook deur 'n "dubbele beweging" in die teks.

1.4.3 Betekenisvorming deur 'n dubbele strategie: die opheffing van hiërargiese opposisies, kontradiksies en skeidslyne

Dekonstruktiewe betekenisvorming vind nie meer deur 'n sentrale teenwoordigheid, binne hiërargiese opposisies, kontradiksies en skeidslyne plaas nie, maar juis deur die opheffing van hierdie dualiteite. In die dekonstruering van die dualiteite word logosentriese konseptuele ordes soos dié van "verskil teenoor nie-verskil" en "binne teenoor buite" opgehef. In die volgende gedeeltes sal gekyk word hoe die dubbele beweging plaasvind as die sentrale teenwoordigheid en teenoorgesteldes in die "hymen" opgehef word; as die hiërargiese opposisie "marginaal-sentraal" in die entingsproses opgehef word; en as kontradiksies en skeidslyne in die "pharmakon" opgehef word.

1.4.3.1 "Hymen" (maagdevlies)

Derrida (1981a:209) verduidelik hoe "hymen" terselfdertyd 'n opheffing en samevoeging van teenoorgesteldes kan wees.¹² "Hymen" is eerstens 'n teken van eenwording, van identifikasie tussen twee mense in die huwelik. Binne hierdie eenwording is daar nie meer 'n afstand tussen begeerte en vervulling, tussen afstand en nie-afstand nie; daar is nie meer 'n verskil tussen begeerte en bevrediging nie. Dit is dus nie slegs die verskil tussen begeerte en vervulling wat opgehef is nie, maar ook die verskil tussen verskil en nie-verskil. Nie-teenwoordigheid, die opening van begeerte, en teenwoordigheid, die volheid van

¹² Kristeva (1986:40) vertoon 'n soortgelyke denkwysie met haar "paragram" wat tegelyk 'n spesifieke logika en sy implisiete ontkenning is.

genieting, kom op dieselfde neer. Maar 'n "hymen" is ook 'n membraan, en 'n membraan tussen begeerte en vervulling hou hulle ook afsonderlik. Wat in hierdie "hymen" tussen die toekoms (begeerte) en die teenwoordige (vervulling), tussen die verlede (herinnering) en die teenwoordige (daad), bestaan, is slegs 'n reeks temporele verskille sonder enige sentrale teenwoordigheid, sonder 'n teenwoordige waarvan die verlede en toekoms slegs modifikasies is. In hierdie opheffing van tyd en ruimte vra Derrida (1981a:210): "Can we then go on speaking about "time", "tenses", and "temporal" differences?" Dit is 'n werking wat beide verwarring saai tussen teenoorgesteldes en terselfdertyd staan dit tussen die teenoorgesteldes. Wat hier van belang is, sê Derrida (1981a:212), is die "tussen-in", die "in-between-ness" van die "hymen". Die "hymen" vind plaas in die ruimte tussen begeerte en vervulling, tussen die daad en die herinnering.

What holds for "hymen" also holds, "mutatis mutandis", for all other signs which, like "pharmakon", "supplément", "différance", and others, have a double, contradictory, undecidable value that always derives from their syntax (Derrida, 1981a:221).

Derrida se dekonstruksie van metafisiese begrippe wat gebaseer is op die logika van "supplementariteit" kan ook verder verduidelik word deur 'n entingsproses wat Derrida "grafting" noem.

1.4.3.2 *Enting ("grafting")*

Derrida maak op verskillende maniere van die entingsproses gebruik wat gewoonlik by die enting van vrugtebome gebruik word. "Among other things" sê Derrida (1981a:202), "this would help us understand the functioning of footnotes, for example, or epigraphs, and in what way, to the one who knows how to read, these are sometimes more important than the so-called principal or capital text." Hierdie oënskynlik terloopse opmerking van Derrida kan egter sentraal geplaas word in sy hele dekonstruksie-strategie. Hy konsentreer hier op die marginale, en plaas dan die hele logika van complementariteit in werking. Dit wat na die kantlyn toe verplaas is, kan juis belangrik wees vir die spesifieke redes waarom dit daarheen verplaas is. Die enting van die marginale op die sentrale teks gee dan aanleiding tot Derrida se "dubbele strategie": die sentrale teks is gewoonlik as die belangrike beskou; daarin lê "betekenis". Marginale enting keer dan hierdie strategie om: as die belangrike in die marginale lê, word dit inderwaarheid sentraal. Hierdie omkering is

egter nie bloot die identifikasie van 'n nuwe "sentrum" nie. Wat hier omvergegooi word, is die basiese onderskeidings tussen wat essensieel en wat onessensieel is, die vraag word gevra na die konseptuele orde van binne en buite: wat is sentraal as die marginale sentraal word? Derrida maak op hierdie manier van die sentrale-marginale-opposisie (wat 'n metafisiese onderskeiding is) gebruik om daardie eerste onderskeiding te dekonstrueer. Deur hierdie entingsproses werk hy dus terselfdertyd van binne en van buite.

Hierdie "dubbele praktyk" in die entingsproses verklaar ook Derrida se behoud van die term "skrif" terwyl dit nie meer die betekenis van die gewone skrif wat gewoonlik teenoor die spraak gestel word, behou het nie. Derrida (1981b:71) identifiseer dit as 'n "paleonomiese" vraag ("the question of paleonomy"): wat is die noodsaak om 'n ou naam behoue te laat bly in 'n nuwe konsep? Hy beantwoord hierdie vraag in Positions (1981b:71) en in Signature event context (1977:195): hy wil sy greep behou op die hiërargiese opposisie (spraak/skrif) wat hy ook wil verander. Hierdie paleonomiese enting geld vir Derrida se hele dekonstruksietegniek. Hy verduidelik dit verder (1977:195): 'n opposisie van metafisiese konsepte is in werklikheid nie die konfrontasie van twee terme nie, maar 'n hiërargiese orde. Dekonstruksie kan nie beperkend te werk gaan nie, maar dit moet deur 'n dubbele beweging, 'n dubbele wetenskap, 'n dubbele skrif, 'n "omkering" van die klassieke opposisie én 'n algehele "vervanging" van die sisteem teweegbring. Slegs op daardie manier kan dekonstruksie 'n ingryping in die veld van die opposisies wat dit kritiseer, bewerkstellig. So ent Derrida byvoorbeeld sekere onderdrukte eienskappe van skrif op die nuwe konsep van skrif oor. Om die ou konsep van skrif behoue te laat bly, kom daarop neer dat die struktuur van die ent behoue bly, dat die merke van die ingryping in die historiese veld, sigbaar is. Die werkinge van dekonstruksie kan met ander woorde gesien word, en dit kry ook die geleentheid tot kommunikasie.

1.4.3.3 "Pharmakon"

'n Verdere "onbeslisbare" waarmee Derrida die werkinge van dekonstruksie sigbaar maak, is die "pharmakon". In Plato se Phaedrus vergelyk Socrates die geskrewe tekste wat Phaedrus saamgebring het, met medisyne ("pharmakon") (Derrida, 1981a:70). Soos die pharmakon as medisyne marginaal is tot die orde van die natuur, is die pharmakon as skrif marginaal tot die orde van spraak. Hierdie "pharmakon", hierdie medisyne, tree beide as 'n geneesmiddel en as 'n gif op. Alhoewel die pharmakon (as skrif) vir die mensdom as 'n geneesmiddel aangebied

word (byvoorbeeld vir 'n swak geheue), beskou Socrates dit as 'n gevaarlike dwelmmiddel. Die pharmakon as supplement het hier dus 'n dubbele betekenis: dit is 'n kunsmatige byvoeging tot "spraak" wat genees en besoedel. As gevolg van die dubbele betekenis van die pharmakon as supplement, beskou Plato dit as gevaarlik: dit is nie 'n syn ("on") nie, maar dit is ook nie 'n nie-syn ("me on") nie (Derrida, 1981a:109). Dit val dus buite die alternatief teenwoordig/afwesig. En dáárin lê die gevaar, want dit maak dit vir die supplement moontlik om as die oorspronklike deur te gaan. Sodra die supplementêre buitekant oopgemaak word, sê Derrida (1981a:109), impliseer die struktuur dat die supplement self "getipeer" kan word, verplaas word deur sy dubbelganger, en dan word dit nodig dat 'n supplement deur 'n supplement vervang word, omdat hierdie beweging nie 'n empiriese "toevalligheid" is nie: "it is linked to the ideality of the "eidos" as the possibility of the repetition of the same" (Derrida, 1981a:109). Skrif kom vir Plato voor as daardie proses van verdubbeling waarin ons noodwendig saamgesleep word: die supplement van 'n supplement, die betekenaar, die verteenwoordiging van 'n verteenwoordiging. Die pharmakon is dus beweging en spel: die (produksie van) verskil. Derrida (1981a:127) noem dit die "différance" van "difference". Daarin gaan teenoorgesteldes oor in mekaar, (siel/liggaam, goed/kwaad, binne/buite, geheue/vergeetagtigheid). Kontradiksies en teenoorgestelde pare word uit hierdie reserwe van verskil en verplasing gelig.

Die dubbele werking van skrif kom ook na vore in die verbinding van "pharmakon" met "pharmakos" (sondebok). Soos die uitsluiting van die sondebok die stad suiwer, suiwer die uitsluiting van skrif ook die orde van spraak en denke. Culler (1984:143) verduidelik dit soos volg: die "pharmakos" is uitgewerp omdat hy die kwade wat die stad besoedel, verteenwoordig. Hy is juis uitgewerp sodat die kwade weer na die buitekant kan terugkeer van waar dit gekom het. Sodoende word die onderskeid tussen binne en buite beklemtoon. Maar om uitgewerp te word, moet die "pharmakos" van binne die stad gekies word. Die moontlikheid om die "pharmakos" te gebruik om die onderskeid tussen 'n suiwer binnekant en 'n korrupte buitekant te vestig, hang van die feit af dat hy alreeds binne is. So ook kan die uitwerping van skrif slegs 'n suiwerende funksie hê as skrif reeds binne spraak is. Die seremonie van die "pharmakos" word dus uitgespeel op die skeidingslyn tussen binne en buite. As oorsaak van verskil en verdeling word die kwade geïntrojekteer en geprojekteer. Skeidingslyne verval en disseminasie neem oor.

1.4.4 Disseminasie

Disseminasie is die bevrydende spel van dekonstruktiewe betekenisvorming. Die leser ervaar betekenisvorming as disseminasie deur die spel van die teks en die werking van dubbele strategieë.

Om die betekenis van disseminasie duidelik te maak, stel Derrida (1981a:262) dit teenoor die hermeneutiese konsep van polisemie. Polisemie eien gerepresenteerde betekenis toe - dan is die teks die uitdrukking of representasie van een of ander waarheid wat 'n boodskap aanbied wat in 'n intensionaliteit of in 'n lewende ervaring lê, en wat tematiese eenheid tot gevolg het. Die baie betekenis - polisemie - word dan toegeëien en op hierdie manier word betekenis ook ingeperk.¹³ Teenoor polisemie-betekenis dui disseminasie op speelse uitstorting, verplasing en vrylating van die sinvolle sowel as die onsinvolle. Disseminasie kan nie teruggelei word na 'n teenwoordige of eenvoudige oorsprong nie, en ook nie na 'n eskatologiese teenwoordigheid nie, maar eerder na 'n genererende meervoudigheid (Derrida, 1981b:45). Derrida (1981a:268) sien die "skyn"-betekenis van disseminasie as die onmoontlike en belemmerde terugkeer na die hereniging van betekenis. Disseminasie bevêstig die alreeds verdeelde generering van betekenis:

...dissemination represents the affirmation of this nonorigin, the remarkable empty locus of a hundred blanks no meaning can be ascribed to, in which mark supplements and substitution games are multiplied "ad infinitum" (Derrida, 1981a:268).

Disseminasie bevestig (nie "produseer" of "beheer") eindelose vervanging, dit vang spel nie vas of beheer dit nie.

¹³ Bakhtin se benadering tot polifonie bewys hierdie stelling van Derrida as ongeldig. Polisemie betekenis is nie noodwendig ingeperkte betekenis nie omdat dit wat 'n teks polifonies maak, ook afhang van "the dialogic angle at which these styles are juxtaposed and counterposed in the work" (Bakhtin, 1984:182). Die dialogiese verhouding tussen outeur en "vreemde" taal in die teks kan ook 'n ironiese verwantskap wees wat tot 'n uitstorting van betekenis of 'n belemmerde terugkeer van die hereniging van betekenis kan lei.

1.4.5 Opsommend: dekonstruktiewe betekenisvorming

Met dekonstruksie wil Derrida nie probeer bewys dat betekenis onmoontlik is nie. Dit is nie betekenis wat vernietig word nie, maar die dominerende van een betekenismodus deur 'n ander. Die swak punte of foute van 'n outeur word nie noodwendig uitgewys nie, maar wel dit wat hy, as gevolg van die betekenismodus waarin hy dink, nie raaksien nie. Daar word dus krities gekyk na die moontlikhede wat binne die denksisteem self lê. Derrida se dekonstruksiekritiek toon dat die uitgangspunt van dit wat deur die metafisika as natuurlik, voor-die-hand-liggend en universeel beskou is, nie natuurlik is nie, maar wel 'n kulturele konstruksie, wat gewoonlik blind is vir sy eie moontlikhede. Die dekonstruktivist beskou die saak dan van binne hierdie kulturele konstruksie sowel as van buite.

Dekonstruktiewe betekenisvorming is dus 'n wegbeweeg van 'n enkele vaste verwysingspunt (wat 'n bevoorregte posisie impliseer van waaruit betekenis finaal vasgestel sou kon word). In dekonstruksie word gewerk vanuit 'n dubbele beweging, beide binne en buite vorige onderskeidingskategorieë, as: die filosofie wat die diskoers bevestig, of die hiërargiese opposisies waarop die filosofie berus, ondermyn word. Die filosofie word ondermyn deur die retoriese werkinge wat die argument onderlê, te identifiseer, en dan juis van die retoriese werkinge binne die argument gebruik te maak om die argument te dekonstrueer. Hierdie argumentasie hou die implikasie in dat verwysingspunte geen finaliteit kan hê nie, dus nie "vas" kan wees nie, en op nuwe maniere in verband met mekaar gebring kan word. Sodoende is 'n vrye spel met tekens moontlik, en kan die kreatiwiteit van die menslike verbeelding tot sy reg kom.

Omdat "teenwoordigheid" nie meer 'n sentrerende en begrondende krag is nie, vind betekenisvorming vir Derrida nie binne 'n struktuur met 'n vaste sentrum plaas nie. Betekenisvorming lê in die leser se vasstelling van die **spel van die teks** en in sy navorsing van die **dubbele strategie** waarvolgens dekonstruksie plaasvind.

Literêre betekenisvorming sal dus binne die beweging van "différance" plaasvind. Dit lê nie in 'n "sentrum" soos die teks of die intensie van die skrywer nie, maar tussen die "spore" en "supplemente" wat deur die teks gesaai is. Dit word gevind binne die dekonstruksiebeweging wat 'n "dubbele beweging" is en gevind kan word in die opheffing van 'n sentrale teenwoordigheid, in die opheffing van hiërargiese

opposisies, in die opheffing van kontradiksies en skeidslyne. Bogenoemde opheffings kan in die onbeslisbares "hymen", die "enting", in "pharmakon" en "pharmakos" gevind word. Betekenisvorming vind dan ook plaas as die leser hierdie dubbele beweging navors.

Betekenisvorming vind volgens Derrida se dekonstruktiewe benadering dus binne die disseminerende spel van "différance" plaas. Literêre betekenisvorming lê nie hier in 'n sentrale teks, in 'n struktuur, in die bewussyn van 'n skrywer of leser nie, maar in die spel van supplemente en spore in die taal van die "skrif" wat deur die leser "geskryf" word.

1.5 TEN SLOTTE: DIE LITERÊR-FILOSOFIESE AARD VAN DEKONSTRUKTIEWE BETEKENISVORMING

Omdat Derrida se dekonstruktiewe betekenisvorming aanleiding gegee het tot spekulاسies oor die aard en die geldigheid van hierdie betekenisvorming, gaan ek Derrida se eie benadering tot die "principle of reason" hier uiteensit. Derrida (1983:8) sê:

We have to respond to the call of the principle of reason...To respond to the call of the principle of reason is to "render reason" to explain effects through their causes, rationally; it is also to ground, to justify, to account for on the basis of principles or roots.

Maar om gehoor te gee aan hierdie roepstem van die beginsel van rede, beteken nie dat dit bloot gehoorsaam moet word nie, dit beteken vir Derrida (1983:9) ook dat vrae oor die oorsprong of basis van hierdie beginsel gevra moet word. Dan gehoorsaam ons nie die beginsel van rede nie, maar dit beteken ook nie dat ons dit nie gehoorsaam nie. Derrida verduidelik dat ons hier nie met 'n sirkel te doen het nie, maar met 'n kolk, 'n bodemlose poel ("abyss"). In die sirkel gee ons rede oor aan die beginsel van rede, sodat die beginsel van rede uiteindelik niks oor rede self sê nie. Maar die kolk, die "Abgrund", is 'n onmoontlikheid vir die beginsel van begronding om homself te begrond. Hierdie begronding moet homself opgelos hou bo die mees eienaardige leegte.

Die beginsel van rede lê vir Derrida (1983:10) eintlik in die "deurdink" van die beginsel van rede self, in die ondersoek waarvandaan daardie aanspraak van rede gemaak word. Hy verwerp die "onbevraagtekende outoriteit" van die beginsel van

rede en bied 'n "bevraagtekende outoriteit" aan (Derrida, 1983:16). Derrida stel die onbevraagtekende outoriteit gelyk aan 'n "gemeenskap van denke" en 'n bevraagtekende outoriteit aan 'n "gemeenskap van navorsing" van wetenskap of filosofie.

Such a community would interrogate the essence of reason and of the principle of reason, the values of the basic, of the principal, of radicality, of the **arkhe** in general, and it would attempt to draw out all the possible consequences of this questioning (Derrida, 1983:16).

Soos hierbo gesien is, is dit presies wat Derrida in sy teorieë gedoen het: hy ondersoek die logosentriese betekenisvorming en dekonstrueer die metafisika van teenwoordigheid met sy vaste sentrum omdat "iterability" en "supplementariteit" altyd teenwoordig is. In sy ondersoeke na die waardes van die basiese dekonstrueer hy die konseptuele ordes van "verskil" en "nie-verskil" (in sy ondersoek na die "hymen") asook die ordes van "binne en buite" (in sy ondersoeke na "enting" en die "pharmakon"). Hy gaan dan verder en "draws out all the possible consequences of this questioning" in sy aanbieding van disseminerende betekenisvorming deur die beweging van "différance".

Hierdie disseminerende betekenisvorming is nie irrasioneel in die gewone sin van die woord nie, omdat die irrasionele vir Derrida deel vorm van die "beginsel van rede".

Those who venture forth along this path, it seems to me, need not set themselves up in opposition to the principle of reason, nor need they give way to "irrationalism" (Derrida, 1983:17).

Derrida se disseminerende betekenisvorming val dus steeds binne die "beginsel van rede", dit vorm net deel van 'n "dubbele beweging". Derrida verduidelik hierdie "dubbele beweging" binne die "universiteit as beginsel van rede" met die volgende beeld:

...to ensure professional competence and the most serious tradition of the university even while going as far as possible, theoretically and practically, in the most directly underground thinking about the abyss beneath the university, to think at one and the same time the entire "Cornellian" landscape - the campus on the heights, the bridges, and if necessary the barriers above the abyss - and the abyss itself (Derrida,

Dit is dus duidelik dat Derrida self hierdie irrasionele faset, die bodemlose poel, wat deur die kritici ook as 'n voorliefde by Derrida vir die "literêre" beskou word, as deel van die beginsel van rede beskou. Derrida (1983:15) sê self "irrationalism, like nihilism, is a posture that is completely symmetrical to, thus dependent upon, the principle of reason".

As Gasché (1986:4) dus die bewering maak dat die verskil tussen die meer "filosofiese" en die meer "literêre" benaderings daarin lê dat filosofiese argumente op 'n nie-diskursiewe manier gemaak word, op die vlak van die betekenaar, sintaksis en tekstuele organisasie, kan hy nie teengesprek word nie. Solank erkenning net verleen word aan die dekonstruktiewe faset, dít wat Derrida in die aanhaling hierbo die "uiterste limiet" van die outoriteit van die beginsel van rede noem.

Derrida (1992:22) gee self ook 'n rede aan vir sy voorliefde vir 'n literêre skryfwyse. Hy hou nie noodwendig van letterkunde in die algemeen, of verkies dit bo iets soos filosofie nie, maar hy hou van iets "daarvan": hy hou van die "vryheid" wat in letterkundige skrywe lê. Letterkunde het die reg om enigiets te sê, wat vir Derrida (1992:23) 'n soort demokratiese vryheid is, en dit het ook die reg tot absolute nie-respons. Dit is vry van "plig" en "verantwoordelikheid", want:

This non-response is more original and more secret than the modalities of power and duty because it is fundamentally heterogenous to them (Derrida, 1992:23).

Hierdie vryheid is die teks se geheim ("secret"), sy "spoor".

One can stop and examine a secret, make it say things, make out that there is something there when there is not. One can lie, cheat, seduce by making use of it. One can play with the secret as with a simulacrum, with a lure or yet another strategy.... The secret never allows itself to be captured or covered over by the relation to the other, by being-with or by any form of "social bond". Even if it makes them possible, it does not answer to them, it is what does not answer. No **responsiveness** [English in original, Tr.]. Shall we call this death? Death dealt? Death dealing? I see no reason not to call that life, existence, trace (Derrida, 1992:23).

Hierdie vryheid van letterkundige skrywe wat soos 'n geheim is wat nie hoëf te reageer nie, is vir Derrida lewe, dit lê vir hom in die spoor, dus in dekonstruktiewe of disseminerende betekenisgewing. Hy sou graag wou wegbreek van die beginsel van rede, maar hy besef albei is nodig:

It is a question of explicitly and systematically posing the problem of the status of a discourse which borrows from a heritage the resources necessary for the deconstruction of that heritage itself (Derrida, 1988:112).

Die "bepaaldheid" van die filosofiese en die "onbepaaldheid" van die literêre is vir Derrida dus onskeibaar, maar hy vertoon wel 'n voorliefde vir die "literêre". Hierdie voorliefde kleur ook sy resente skrywes waar die "literêre" met die "vroulike" geassosieer word.

That which truthfully does not allow itself to be possessed is **feminine** (Derrida, 1977:179).

...if style were man (as for Freud, the penis would be "the normal prototype of the fetish"), writing would be woman (Derrida, 1977:180).

She plays at dissimulation, adornment, lying, art, at artistic philosophy; she is a power of affirmation (Derrida, 1977:182).

Maar Derrida sê ook:

The congruence - a word I shall here oppose to coherence - of feminist and anti-feminist propositions is quite enigmatic, and at the same time strictly necessary (Derrida, 1977:180).

Hiermee wys hy daarop dat die een eintlik deel is van die ander, net soos die "literêre" ook deel is van die beginsel van rede.

Derrida se voorliefde vir die "literêre" kleur (as die literêre met die vroulike en die mite geassosieer word) sy resente benadering tot die woorde van die "ander" van wie, deur wie en tot wie daar gepraat word. Bannet (1993:84) wys daarop dat Derrida in Parages (1986) en Psyche: invention de l'autre (1987) van 'n mitopoëtiese ("mythopoetic") styl gebruik maak wat ons bodemlose postmodernistiese bewussyn weer na vore bring dat ons organisasie van

geskiedenis, kultuur en ondervinding deur mites, fiksies en verhale gevorm word. Derrida (1974) argumenteer ook in "White mythology" dat ons "rasionele, filosofiese" konsepte altyd maar metafore van die liggaam was. In bogenoemde twee tekste maak Derrida weer op 'n mities-poëtiese manier van mites en beelde van die liggaam gebruik om ander konsepte en die verhouding tussen die manlike en vroulike, die self en ander uit te beeld. Op hierdie manier maak Derrida ook van mites gebruik om ons denke te hernu. Die manlike en vroulike word deur Derrida in sy fabel aangewend as allegorie vir die lewe van die psige en die lewe van tekste. In hierdie fabel simboliseer vroulikheid dit wat bepaaldheid (die orde van die Vader) ontsnap, maar wat deur ons praat. Derrida bied 'n biseksuele liggaam aan wat uit die manlike en die vroulike bestaan, wat die liggaam van die skrywer, taal of teks kan wees. "I am (the) both, (the) double, I sign double, my writings and I make two. I am the (masculine) dead and the living (feminine) [Ear 21] (aangehaal uit Bannet, 1993:85). Bannet (1993:89) gee dan ook 'n goeie beskrywing van hoe hierdie manlike en vroulike verweef is:

The philosopher's pen (is) has to be inverted into a channel or passage for the Other who comes through him. He is not the masculine role of mastering truth and penetrating her, but the maternal role of bearing the truth to others and of serving as a channel for her coming.

Omdat die "filosofiese" en die "literêre" die twee kampe van kritiek teen Derrida verteenwoordig, doen Derrida in sy jonger werke, waarin hy die "literêre" as deel van die "filosofiese" aanbied (die manlike en vroulike is binne mekaar verweef), 'n baie slim ding: hy dekonstrueer die opposisie filosofies/literêr deur te toon dat een term reeds stilletjies binne die ander woon. Daarmee verklaar hy die hele kritiek teen hom tot niet! En hy lag stilletjies in sy mou as hy in die laaste paragraaf van "The principle of reason" (1983:20) vra:

Let me recall my "incipit" and the single question that I raised at the outset: how can we not speak, today, of the university? Have I said it, or done it? Have I said how one must not speak, today, of the university? Or have I rather spoken as one should not do today, within the University? Only others can answer. Beginning with you.

Dwarsdeur sy briljante teoretisering is hy voortdurend besig om sy disseminerende spel te speel: hy bedryf presies daardie "exuberant verbal freeplay" waarteen

Harvey (1986) en Gasché (1986) hom wil beskerm en wat Searle en Ellis (1989) nie kan gló enige ernstige filosoof kan bedryf nie, terwyl hy juis hierby uitkom deur ernstige filosofering waarmee Rorty (1992) beweer hy nie besig is nie. Die uiteinde van alles is dat hy Gadamer se beskuldiging dat hy genre-onderskeidings tot niet maak demonstreer as hy die filosofie/letterkunde-opposisie (en al die kritiese bagasie wat daarmee saamgaan) dekonstrueer en so Rorty (1992:243) se beskouing dat sy vroeë werke 'n "false start" is, tot niet maak.

Miskien het Rorty (1984:20) tog 'n punt beet as hy filosofie liever heeltemal tot niet wil maak en hierdie filosofie/letterkunde-opposisie (klassiek/romantiese, wetenskaplik/literêr, orde/vryheid) as 'n inherente ritme in elke sektor van die kultuur sien. Of sou mens met Gasché (1986:88) kon saamstem as hy dekonstruksie as 'n infrastruktuur sien wat nie essensie of identiteit is nie, maar altyd van homself verskil? As die basis van iets wat bestaan en nie bestaan nie, is die infrastruktuur die ewige terugkeer van verskil. Daarom sal betekenisvorming vir Derrida, selfs midde-in die beginsel van rede, nie buite die disseminerende spel kan plaasvind nie.

Vervolgens wil ek toon hoe Derrida se dekonstruktiewe betekenisvorming in die spel van die teks deur die vervanging van supplemente plaasvind.

1.6 DIE JAKKALSJAGTER - ALEXANDER STRACHAN (1990)¹⁴

1.6.1 Inleiding

Betekenisvorming vind in hierdie teks nie binne die organiserende beginsel van 'n struktuur plaas nie, maar binne die beweging van betekenisgewing self, in die vervanging van die sentrum deur supplemente. Ons het hier dus 'n spel van vervangings, 'n beweging van complementariteit, omdat 'n vaste sentrum nie bepaal kan word nie. Derrida noem dit ook die beweging van "différance": omdat die supplement die sentrum se plek oorgeneem het, word slegs verskuiwings en verplasings gevind as die supplement die plek van die betekende (wat nou slegs 'n spoor is) inneem.

¹⁴ Bladsynommers wat na hierdie teks verwys sal tussen hakies aangedui word.

Die teks het nie 'n sentrum nie, omdat dit nie die organiserende beginsel van 'n struktuur vertoon wat die "spel" van die struktuur beperk nie. Daar word byvoorbeeld verskillende verhaallyne aangebied, maar daar is nie sekerheid of dit drie verhale is of een verhaal nie. Daar is die verhaal van die man wat na die boervrou se plaas moet gaan om 'n hond te jag wat haar skape en kalwers vang, die verhaal van Lenka se verlede, en die verhaal van die jakkalsjagter wat as ou man in die sooihuis sterf. Hierdie drie verhale kan ook, soos Du Plooy (1993:54) uitgewys het, een verhaal wees. Dan is die man die skrywer, Lenka sy romanmatige verkenning van sy eie verlede en die jakkalsjagter is sy toekoms. Du Plooy wys daarop dat alhoewel Lenka en die jakkalsjagter skeibare en onderskeibare karakters is, hulle op 'n onderliggende vlak afspieëlings van dieselfde mens kan wees.

Hierdie teks is nie slegs sentrumloos nie. Die prototipe van 'n literêre vorm met 'n struktuur, die sprokie, word ook in hierdie teks gedekonstrueer. Smuts (1993:37) wys op die intertekstualiteit in die roman. Daar is vier verwysings na literêr-teoretiese werke, na twee tekste van Mieke Bal [63], na Van Gorp se definisie van "palimpsest" [68] en na Jurij M. Lotman se Die Struktur literarischer Texte [104]. Volgens Smuts vervul die intertekste 'n eksegetiese funksie. Mieke Bal (1981) se "Notes on narrative imbedding" wys na die komplekse inbeddingstruktuur van die roman. Van Gorp (1984) se gedeelte wys op die palimpSES wat ook op die teks van toepassing gemaak kan word. Twee van die aanhalings, dié van Bal (1977:104) en Lotman (1972:327), verwys na die sprokie. Na my mening stem eersgenoemde twee intertekste ooreen met wat in hierdie teks gebeur. Die teks vertoon 'n inbeddingstruktuur en 'n palimpSES. Maar die teks vertoon nie 'n ooreenkoms met die tradisionele sprokie nie. Inteendeel, die teks het geen duidelike begin, middel en einde nie, en ook nie 'n duidelike verband tussen die verhaal en sy betekenis, soos in 'n sprokie nie. Soos uit die intertekstuele aanhaling [104] blyk, is die "grens" 'n belangrike sprokieselement. In hierdie teks is daar juis nie afgebakende grense nie - die verskillende verhale en selfs tye vloei in en deur mekaar. Ook word die tradisionele gelukkige einde van die sprokie nie hier gevind nie. Maar waarom sou die intertekste oor die sprokie en ook sekere eienskappe van die sprokie wel aangebied word? Die verteltrant van die sprokie word byvoorbeeld aangewend as Lenka se storie begin: "Daar was 'n huis met 'n swembad, 'n vleisbraaiplek en twee peperbome" [9]. Die roman word ook in die verledetydsvorm van die sprokie aangebied. Die sprokie-elemente wat wel hier teenwoordig is, word waarskynlik gebruik om aan te toon hoe die sprokie deur die teks gedekonstrueer word. Dit is

'n demonstrasie van Derrida se "enting": die ware betekenis, die eintlike verhaal word op die sprokie geënt. Die sprokie doen homself aan as die hoofteks, maar die betekenis in die kantlyn, die onderliggende verhaal van die palimpSES wat net deurskyn, is die eintlike hoofteks.

...and in that way, to the one who knows how to read, these are sometimes more important than the so-called principle or capital text (Derrida, 1981a:202).

Die verhaallyne wat wel in die teks gerekonstrueer kan word, kan as sprokies beskou word. Maar dit is nie die "ware teks" nie. Hieroor later. Die hoofsprokie is Lenka se verhaal, wat dan ook 'n aanvang neem met die sprokie-verteltrant, soos reeds genoem.

1.6.2 Die "sprokies" in die teks

Die verhale word nie chronologies aangebied nie, maar uit 'n herrangskikking kan die volgende verhale gekonstrueer word:

1.6.2.1 Lenka se verhaal

Lenka is die oudste van drie seuns, en is op aandrang van sy ma, Magda, na sy twee oupas, Lennard en Karel, vernoem [45]. Sy pa, Hendrik, het ingestem omdat hy groot geskrik het toe Lenka die nag na sy geboorte deur sy naeltjie gebloe het.

Lenka het op 'n plaas grootgeword. Die eerste belangrike gebeurtenis in sy lewe wat hy kan onthou [44], was toe sy pa die honde op die werf met 'n tou laat vasmaak het omdat hulle hoenders gevang het. Die dooie hoenders is aan hulle nekke vasgemaak, en 'n plaaswerker moes hulle met 'n sweep slaan. Lenka het in die kombuis agter die koolstoof weggekuip.

Toe Lenka vyf jaar oud was, het die jakkalsjagter na hul plaas gekom. Lenka het 'n bewondering vir die jakkalsjagter gehad, veral oor sy hantering van die honde. Een dag het hy dan ook die jakkals gevang - in die laagte net voor die bos.

Ses maande later het hulle van die "ou werf" af weggetrek na 'n moderne huis op 'n stuk grond wat Hendrik aangekoop het, wat hulle die "woonplaas" genoem het. Toe hy ses jaar oud was, het hy op die dorp skoolgegaan, en omdat hy bang was

vir sy onderwyseres, het sy ma hom vir 'n naweek na sy oupa gestuur om sy aandag af te trek [69]. Sy oupa het hom sy oupagrootjie se houtbeen gaan wys wat in die skuur in 'n trommel gebêre was. Terug in die sitkamer is sy oupa dood terwyl hy in die stoel gesit het [73].

Vir sy hoërskoolopleiding is hy na 'n naburige dorp. In sy matriekjaar het hy langs Gillian gesit. In die motorhuis waar die leerlinge partytjie gehou het, het hy met haar gedans. Lenka het aangetrokke gevoel tot die biologie-onderwyseres en by die matrieks se afskeidspartytjie het sy hom tussen die biesies verlei. Hy trou met Gillian.

Vervreemding het tussen hom en Gillian ingetree, daar was 'n muur tussen hulle, en hulle kon nie meer kommunikeer nie [10]. Op 'n dag het sy hom verlaat, en uit frustrasie breek hy sy hand as hy dit teen die muur stukkend slaan [12]. Hulle skei [13] en dit voel vir hom "asof iemand dood is".

Nadat Gillian weg is, het hy saans deur die strate geloop en gereeld 'n prostituut besoek [18]. Hy huur 'n woonstel in die agterplaas van 'n huis op 'n kleinhoewe, en ontmoet daar vir Esmé, 'n skilderes wat die woonstel ook vir 'n ateljee gebruik [22]. Hulle het saam by 'n ou man in 'n sooihuisie gaan kuier [34]. Esmé het die ou man geskilder, maar toe Lenka daarna kyk, sien hy dat dit die gesig van 'n jong man is. Die ou man het een nag gesterf.

Terwyl hy militêre diens gedoen het, het hulle 'n vlugteling agtervolg [26]. Hy het hulle na sy basis gelei. Naby die basis het Lenka-hulle se verkenningsgroep op die aanvalsmag vanaf die tuisbasis gesit en wag. Hy het 'n voorgevoel gekry dat hulle moes weggaan, en teen die oggend het die mortiere geval waar hulle geslaap het. Die aanvalsmag is op 'n verkeerde plek afgegooi, en later kon die verkenningsgroep by hulle aansluit. Hulle het die basis aangeval [46].

Sy pa is op die plaas begrawe waarvan hulle weggetrek het toe hy vyf jaar oud was [15]. Gillian is intussen weer getroud met Albert, 'n prokureur.

Lenka gaan na 'n vrou se plaas waar hy na die hond soek wat die skape doodbyt, en waar hy terselfdertyd hierdie verhaal (sprokie) skryf. Nadat hy die hond geskiet het, gaan soek hy na Gillian, neem vir haar 'n verjaardagpresent, en ry weer weg in die reën.

1.6.2.2 *Magda se verhaal*

Nadat sy klaar is met skool, het sy by 'n prokureursfirma gaan werk, en in 'n losieshuis gebly [53]. In die prokureurskantoor het sy vir Hendrik ontmoet, wat haar na 'n week plaas toe genooi het.

Magda se verhouding met haar man word as ongelukkig uitgebeeld en sy verlang voortdurend terug na haar "vry" jare net na skool. Toe die jakkalsjagter gekom het, voel sy aangetrokke tot hom omdat hy haar ouderdom is. Die dag nadat die jakkals geskiet is, is sy dorp toe, maar bly die heeltyd onrustig, en toe sy tuis kom, het Hendrik die werfhonde aan toue vas om te kyk of daar iewers bloed aan hulle pote of bekke is, want 'n lam is weer doodgebyt. Sy soek onmiddellik na Lenka, en toe sy in die jakkalsjagter se trok gaan kyk, vind sy die jakkalsjagter se whippet, met pote rooi van die bloed. Sy gaan haal toe Hendrik se haelgeweer, en skiet die whippet dood [90]. Magda wag in die stoepkamer op die jakkalsjagter om aan hom te sê dat sy sy hond doodgeskiet het, maar in stede daarvan skeur sy haar rok oop. Twaalf jaar later het Magda nog jonk gevoel oor wat die nag gebeur het. Toe die jakkalsjagter ry, los hy die jakkals se vel vir Lenka [91].

Die jakkalsjagter se storie kan ook afsonderlik gekonstrueer word, asook die verdere verloop van Gillian se lewe. Hierdie gerekonstrueerde verhale kan as sprokies in die teks beskou word. Maar dit is nie "die teks" nie. Die betekenisvorming van hierdie teks word gevind in die dekonstruering van die eenledige betekenisvorming van die sprokie.

1.6.3 **Dekonstruering van die sprokie**

Die dekonstruering van die sprokie word gevind in die supplementêre plasing deur die teks, wat 'n proses is waarvolgens betekenis (die ware verhaal) nie gevind kan word nie, waarvolgens die "signifiant" nie by die "signifié" kan uitkom nie. Al wat gevind word, is die verplasing van die "signifiant", die verplasing en vervanging van supplemente. Hierdie logika van complementariteit word op die sprokie geënt. Die sprokie, wat voorgekom het as die sentrale teks, word nou deur die dekonstruktiewe logika van die supplementêre plasing geënt. Hierdie enting van die marginale op die sentrale gee aanleiding tot Derrida se "dubbele strategie": marginale enting dekonstrueer die basiese onderskeiding tussen die essensiële en die onessensiële, want as die marginale sentraal word, wat is dan eintlik die sentrale? Daarom word

die logika van eenledige betekenisvorming van die sprokie opgehef en supplamente neem oor. Hierdie beweging van "différance" maak die element wat sogenaamd "teenwoordig" moet wees, verwant aan tyd uit die verlede en die toekoms. Daarom kan die verhale van die man, Lenka en die jakkalsjagter, nie net drie afsonderlike verhale wees nie, maar ook die romanmatige verkenning van sy eie verlede en van sy toekoms.

Betekenis word nou nie meer bedink teen die agtergrond van betekenisvolle aanwesigheid nie, maar teen die agtergrond van "spoor", van die "palimpSES" wat deurskyn en meer "waarde" het as die oppervlakte-tekste [69]. Daarom kan Lenka en die jakkalsjagter op die onderliggende vlak "afspieëlings van dieselfde mens" (Du Plooy, 1993:54) wees. Omdat 'n betekenisvolle sentrum nie meer teenwoordig is nie, neem die supplamente in die teks die sentrum se afwesigheid in en word die teks Derrida se "skrif".

Herhaalbaarheid ("iterability") is 'n toestand wat van die begin af in die teks bestaan. Daarom begin die teks ook nie by 'n "begin", 'n "sentrum" nie, maar by "As 'n mens aanhou beweeg...". In hierdie sin is die teks nie 'n notasiesisteem wat sekondêr aan die verhaal verbind is nie, maar "the essence and content of these activities themselves" (Derrida, 1976:90). Hierdie teks het nie 'n "sentrum" nie, maar wel die opheffing van 'n sentrale teenwoordigheid deur 'n spel van supplamente.

Die "betekenis" van die teks kan nie in 'n "teenwoordigheid" gevind word nie, maar dit lê in die "afwesige", in die "spoor", in die onderste lae van die palimpSES wat net deurskyn. Hiermee dekonstrueer die teks die tradisionele metafisika: ons denke dat slegs die logiese, die sigbare, die "werklike" eintlik bestaan en van waarde is.

1.6.4 **Supplamente in die teks**

Die teks bied homself op 'n supplementêre wyse aan: verskillende supplamente word aangebied as verteenwoordigers van die "spoor". Die supplamente is gesaai deur die teks. Eerstens is die **verskillende verhale** in die teks supplamente van mekaar. Ons het reeds gesien dat 'n supplement, in die leemte van 'n volle eenheid, 'n ander eenheid in die plek daarvan aanbied wat eenders genoeg is, maar ook verskillend genoeg sodat 'n verplasing deur 'n byvoeging kan plaasvind. 'n Supplement is dus 'n **byvoeging** en 'n **verplasing**. Die verhaal van die jag van die wit hond is 'n supplement van die verhaal van Lenka se verlede, maar dit kan

ook omgedraai word. Ook is die verhaal van die jag van die vlugteling 'n supplement van die verhale van die jag van die hond en die jag van die jakkals.

Die teks gee self 'n aanduiding van hoe die res van die teks gelees moet word: as 'n taalveld waarin oneindige vervangings plaasvind omdat daar nie 'n sentrum is nie. Na Lenka en Gillian se egskeiding dwaal hy in strate rond en besoek hy 'n prostituut [18]. Hier word drie werklikhede supplementêr tot mekaar geplaas as die hoogtepunt van geweld buite op straat (wanneer een man 'n ander met 'n elektriese kabel teen die nek slaan), en die hoogtepunt van geweld uit die verlede toe hy op skool was (toe die afrigter die besoekende span se rugbytrui voor die seuns wat teen daardie span moet gaan speel, hou om stukkend te skeur), en sy seksuele hoogtepunt, gelyktydig plaasvind. Die supplementêre plasing van eersgenoemde twee hoogtepunte lei die leser daartoe om die hoogtepunt op daardie twee gebiede ook na die seksuele oor te plaas. Hierdie werkwyse vind dwarsdeur die teks plaas.

Die volgende supplemente word ook in die teks gevind: die jag van die hond en die jag van die vlugteling [26]; 'n parallel tussen die hond en die mank dogter:

"Ek het die hond vandag gesien," het hy gesê, "bo in die berg. Hy het sy poot gelek; hy loop kruppel."
Die mank dogter het vinnig opgekyk. Toe het sy weggekyk [21].

1.6.4.1 *Supplementêre spel tussen mens en dier*

Derrida beskou die vermoë van complementariteit om organe onderling vervangbaar te maak, as die ware "oorsprong" van taal. En dis hier waar die **onderskeid tussen mens en dier** lê. Die verskil is nie afhanklik van 'n enkele orgaan nie, dit word nie in die sigbare of die hoorbare orde gevind nie.

It is once again the **power of substituting one organ for another, of articulating space and time**, sight and voice, hand and spirit, it is this **faculty of supplementarity** which is the true "origin" - or nonorigin - of languages (Derrida, 1976:241).

In hierdie teks word op 'n komplekse manier van die onderskeid tussen mens en dier gebruik gemaak om supplementêre plasing te bewerkstellig. Die onderskeid tussen mens en dier word telkemale beklemtoon. Dit word nie slegs in die

taalvermoë gevind nie, maar ook in die **bewussyn van die dood**. Lenka se bewussyn van die dood word telkens teenoor dié van diere, veral dié van honde, gestel. Rousseau het alreeds gesê dat die dier pyn en honger vrees, maar nie die dood nie, want hy weet nie wat dit is om te sterf nie. Die kennis van die dood behoort eksklusief aan die mens. "So does the **child** become man when he opens himself to "the consciousness of death" (aangehaal in Derrida, 1976:184).

Lenka het maar pas begin praat toe hy al 'n bewussyn van die dood getoon het. 'n Dooie swaeltjie het uit sy nes op die stoep geval. Toe Magda sien hoe stip Lenka daarna staar, sê sy aan hom dat die voëltjie net slaap, maar hy het gesê: "Die voëltjie slaap nie. Die voëltjie is dood" [56]. Dit was vir Magda eienaardig dat hy op so 'n vroeë ouderdom alreeds 'n bewussyn van die dood het. Toe hy ses jaar oud was, het hy gesien hoe sy oupa sterf. "Die hande het stadig afgegely, slap langs sy sye gehang. Lenka het op sy stoel gesit, verbysterd oor wat gebeur het" [73].

Lenka het ook 'n soort "voorgevoel" gekry van naderende dood, soos bv. toe die verkennergroep op die aanvalsmag sit en wag het, en hy gevoel het hulle moet daar weggaan. Net daarna het 'n mortier op die plek geval waar hulle was. In hierdie gedeelte word **naderende gevaar** aan die klein hondjies verbind: terwyl hy die naderende gevaar aangevoel het, het hy weer die klein hondjies gesien wie se tonge eendag rooi uitgehang het toe die asbeshuisie waarin hulle was, te warm geword het [38].

Die naderende gevaar kan op sy beurt weer verbind word aan **naderende geweld**. "Naderende geweld" word hier die supplement vir "naderende gevaar". Naderende geweld kan in hierdie teks veral verbind word met honde. Dis omdat sy pa, Hendrik, die honde gewelddadig behandel het, en dit 'n geweldige indruk op sy jong gemoed gemaak het - in so 'n mate dat sy pa vir hom 'n verskrikking geword het, en hy hom begin haat het, hom selfs wou dood hê (al word dit nêrens in die teks direk gesê nie). Toe sy pa die honde so wreed laat slaan het omdat hulle hoenders gevang het, het hy agter die koolstoof weggekrui [44]. Toe daar weer 'n lam doodgebyt is die oggend nadat die jakkalsjagter die jakkals geskiet het, en sy pa die honde weer laat vasmaak het om te kyk of daar bloed aan hulle bekke is, het hy weer iewers weggekrui. Hierdie aanloop wanneer die honde vasgemaak word tot die hoogtepunt van geweld wanneer hulle geslaan word, het so 'n effek op Lenka gehad dat dit later 'n impak op sy seksuele verhouding met sy vrou gehad het. Dit word duidelik uit die supplementêre plasings in die teks van seksdaad en

geweldsdaad.

Hy het die **seksuele daad** as 'n **geweldsdaad** ervaar. Die seksuele daad word hier dus supplement van die geweldsdaad. Wanneer Lenka die prostituut na sy egskedding besoek, vind daar 'n hoogtepunt van geweld in die straat plaas as 'n man iemand wat die ander mense met 'n mes uitgedaag het om te "come, come", met 'n kabel teen sy nek slaan. Die seksuele hoogtepunt is dan 'n supplement van hierdie geweldsdaad.

Hierdie ervaring van die seksuele daad as 'n geweldsdaad het veroorsaak dat daar nie 'n normale huweliksverhouding tussen Lenka en Gillian kon bestaan nie. Alhoewel hulle mekaar liefgehad het, kon hulle nie by mekaar uitkom nie. Lenka sou ook nooit 'n normale verhouding kon hê terwyl hy aan die Oedipuskompleks gely het nie - hy sou eers regkom as hy die spoke uit sy verlede kon verwyder, en dit was om sy pa te skiet. Die skiet van sy pa word dus 'n supplement wanneer hy die wit hond skiet. Wanneer die seksuele hoogtepunt in Gillian se kamer plaasvind teen die einde, word die skiet van die hond/sy pa, en die seksuele hoogtepunt supplemente van mekaar. Nadat hy die wit hond geskiet het, verkeer hy seksueel met die mank dogter, en daarna was hy homself skoon in die reën. Die reën het hier 'n suiwerende effek asof dit hom verder help om die spoke van die verlede weg te was.

Net soos sy ma die hond doodgeskiet het wat die skaap gebyt het, het hy sy pa doodgeskiet wat honde wreed behandel het. Sy pa word hier 'n **supplement van dierlikheid**, waarvan die hoogtepunt van geweld en die hoogtepunt van seksualiteit ook vir Lenka 'n supplement is.

1.6.5 Ten slotte

Dwarsdeur die teks word hier dus supplemente gevind wat die plek van die "spoor" inneem - die spoor wat die "betekenis" is, maar wat nie uitgesê kan word nie. In hierdie teks het dit waarskynlik iets te doen met die invloede uit Lenka se kinderlewe, die effek van die geweld, sy identifikasie met die jakkalsjagter, maar nie met sy pa nie, die Oedipus-kompleks. Daarom die supplemente van die hoogtepunt van geweld, die hoogtepunt van die seksuele, dierlikheid, naderende gevaar, naderende geweld, die jag van die hond, die jakkals, die vlugteling, en die breërandhoed.

Dierlikheid maak dus 'n belangrike element van die supplemente uit. Die oomblik wanneer hierdie dierlikheid verwyder kan word, wanneer dit doodgeskiet word, kan dit ook uit die seksuele geweer word, en is hy moontlik, waar hy wegry in die reën, bevry van die spoke wat hom agtervolg het. Sou hierdie slot van die teks dan as 'n tradisionele sprokieslot beskou kon word?

Die geweld in hierdie teks verwys ook na die geweld van Derrida se "skrif", "the violence of the arche-writing, the violence of difference" (Derrida, 1976:110), wat die dood van die suiwer idioom van die unieke, die antwoord, die eenledige betekenisvorming teweegbring. Smuts (1993:45) beskou die slot as 'n wrang omkering van die geykte patroon wat die personasies in 'n ewig ongelukkige tyddimensie plaas deurdadig die punt van bereiking hulle altyd sal ontwyk. Ook Du Plooy (1993:58) ervaar die slot as "uitsigloos" omdat Lenka geen antwoorde het nie en binne die patroon van rusteloosheid vasgevang bly. Omdat die karakter hierdie oedipale suiwering ondergaan waardeur die dierlike ook uit die seksuele geweer is, ervaar ek die slot nie as uitsigloos nie, maar as bevrydend. Hy het miskien nie "lank en gelukkig" saam met Gillian geleef nie, maar is bevry van die eintlike probleem wat hom geknel het. Die bevryding het hy waarskynlik alreeds ervaar waar hy saam met die meisie geslaap het nadat hy die hond geskiet het [7]. Die teks bly 'n "disseminerende teks" waar geweld gepleeg word teen eenledige betekenisvorming - ook die eenledige betekenisvorming van 'n sprokieslot van "lank en gelukkig saamleef". Die bevryding lê in die supplementêre voortgang, in *différance*, in die "aanhou beweeg" want dan "is daar nie eensaamheid nie" [1].

1.7 GEVOLGTREKKING

Derrida se benadering bring 'n nuwe insig oor "die literêre" na vore. Omdat hy bewus is daarvan dat enige manier van betekenisvorming teoretiese aannames vooronderstel, dink hy nie net binne 'n "dubbele beweging" ("I am (the) both, (the) double..."), van binne en buite vorige onderskeidingskategorieë nie, maar gebruik beide gelyktydig om die literêre aard van denke te demonstreer. In die teks hierbo is gelyktydig van binne en van buite die sprokie gedink om by die dekonstruering daarvan uit te kom. En dan laat Derrida dit nie daar nie. Hy toon ook hoe die dekonstruktiewe betekenisvorming deur die disseminerende spel plaasvind, 'n spel waarin sowel verskil as verplasing 'n rol speel in die vervanging van supplemente. As die supplement (byvoorbeeld die wit hond) binne die spel van complementariteit verwant gemaak word aan sy betekende (byvoorbeeld sy pa), sal die betekende

altyd 'n ander betekenaar (byvoorbeeld die breërandhoed) wees. So word die supplement "die wit hond" vervang deur die supplement "die breërandhoed". Die supplement neem dus die sentrum se plek in sy afwesigheid in. Uit die bespreking van Die Jakkalsjagter het dit ook geblyk dat disseminasie nie teruggelei kan word na 'n teenwoordige of eenvoudige oorsprong nie, maar na 'n genererende meervoudigheid - 'n sprokie wat ook nie 'n sprokie is nie, of drie verhale wat ook een verhaal kan wees.

Dekonstruksie hou dus die implikasies in dat daar nie net een betekenis vir 'n teks is nie; dat daar nie net een sleutel is waarmee die betekenis van die geskiedenis ontsluit kan word nie; nie net een interpretasie wat ons in staat sal stel om geskilpunte te besleg nie; nie net een rewolusie om alle vorme van oorheersing te beëindig nie!

Derrida se beskouing dat die dekonstruksie reeds binne die teks self lê, het gelei tot die volgende kritiese uitlatings teen dekonstruksie (aangehaal uit Degenaar, 1989:4):

The post-structuralist project is an "activity of textual privatization" (Lentricchia, 1980:186).


Deconstruction actually rejects an oppositional politics, for it "provides you with all the risks of a radical politics while cancelling the subject who might be summoned to become an agent of them" (Eagleton, in Foley, 1985:113).

Hierdie kritiek teen die nie-politieke aard van dekonstruktiewe denke moet egter versigtig benader word, want die leser staan wel binne die taal en teks, maar dit beteken nie dat daar verder niks van hom oorbly nie. Hy staan ook in 'n sosiale, politieke en historiese en filosofiese situasie wat juis veroorsaak dat hy stereotipes en vanselfsprekende waarhede in die teks kan herken, sodat hy die dekonstruksie daarvan kan raaklees. Al het hy nie meer 'n outonome bestaan buite die teks nie, beteken dit nie dat hy net 'n stuk taal is nie - hy is die leser binne die taal. Sonder die insig wat hy vanuit buitetekstuele kennis verkry, sal hy nie die dekonstruksiedaad kan identifiseer wat deur die teks self uitgevoer is nie. Omdat dit tradisionele metafisiese sisteme is wat deur dekonstruksie bevraagteken word, word van sy buitetekstuele kennis gebruik gemaak om die dekonstruksie te herken. As magsverhoudings in 'n diskoers byvoorbeeld deur die dubbele strategie van

Derrida se "enting" of "pharmakon" omgekeer word, word dieselfde emansipasie aangebied wat die Marxis deur sy "rewolusie" aanbied. Die verskil lê net hierin dat Derrida besef dat dit nie 'n enkelvoudige proses is wat gebaseer is op outoriteit nie, maar dat dit sy bestaan in 'n onbeslisbaarheid of pluraliteit van outoriteite het. Hy sal dus waarskynlik krities staan as die kultuur in die resente kultuurteorie as outoriteit aanvaar word ten opsigte van betekenisvorming.

Hierdie dekonstruktiewe benadering van Derrida toon by uitstek dat daar 'n dubbele, onbeslisbare betekenis in die literêre opgesluit lê. Die disseminerende spel wat dit tot gevolg het as die leser die teks begin lees, bied ruim geleentheid vir die leser se skeppende verbeelding om tot sy reg te kom. Die leser kan voortbeweeg saam met die disseminasieproses totdat sy kompetensie "uitgeput" is. Betekenisvorming kan hier dus relativisties en subjektivisties plaasvind omdat 'n "vaste betekenis" wat betekenisvorming kan inperk, nie hier bestaan nie, maar slegs die "spel" van die literêre. Maar is dit nie juis waar "literêre betekenisvorming" wil uitkom nie? Dit "sluit" nie op een betekenis nie (waardeur dit eintlik 'n verarmde betekenis sou aanbied), maar behou 'n openheid waardeur die retoriek van taal lewendig kan bly.

Ook die dekonstruktivist, Paul de Man, is bewus van die moontlikhede wat binne die retoriek van taal lê as logika deur die retoriek opgelos word. In die volgende hoofstuk sal daar gekyk word hoe betekenisvorming, juis weens die retoriese aard van taal, deur blindheid kan plaasvind.



HOOFSTUK 2

BETEKENISVORMING DEUR BLINDHEID EN INSIG

Betekenisvorming vind deur mislesings plaas. Omdat retoriek logika oplos, word talle moontlikhede vir mislesings geopen. Hierdie mislesings is 'n blindheid wat juis op 'n insig kan dui: 'n blindheid in die teks kan die leser se insig word, of die blindheid van een leser die ander se insig. Betekenisvorming vind dus plaas deur die "raaklees" van die blindheid binne die retoriese aard van die literêre. Hierdie "raaklees" kan dan as 'n blindheid deur die volgende leser "raakgelees" word.

Die teks se uitbreiding vind hier deur 'n "ander insig" plaas. Dit is 'n aktiewe en prikkelende betekenisvorming wat 'n aktiewe leser benodig. Betekenis kan nie finaal vasgestel word in hierdie eindelose ketting van blindheid en insig nie.

PAUL DE MAN¹⁵

2.1 INLEIDING

In 'n onderhoud sê De Man (Rosso, 1986:791) dat sy uitgangspunt nie filosofies is nie, maar filologies en daarom didakties en teksgeoriënteerd. Sy werkwyse is dié van 'n ondersoekende tekstuele eksegesis. In die loop van sy analisering van tekste van veral Nietzsche en Rousseau, ook Poulet, Blanchot, Rilke, Proust en andere, kom sy literêre en kritiese teorieë na vore. Sy idees is dus diep in sy werk ingebed, en nie eksplisiet in die vorm van 'n teorie geartikuleer nie. Hy bied nie 'n bewuste ontologie of metafisika nie en 'n sterk desentrerende krag word in sy interpretasies gevind. Sy beskouing is dat die teks homself dekonstrueer en nie deur 'n filosofiese inmenging van buite gedekonstrueer moet word nie. Die teoretiese veralgemenings wat hy tussendeur maak, is nie gerig op 'n kritiese teorie nie, maar op literêre taal in die algemeen. Dit verduidelik dan sy voorkeur vir 'n linguistiese en retoriese bo 'n ontologiese of hermeneutiese benadering.

Betekenisvorming berus vir De Man op die retoriese aard van taal en in 'n ironiese insig wat deur blindheid na vore kom. Daarom is dit belangrik om te kyk wat De Man met hierdie "retoriese aard" bedoel, en watter rol sodanige linguistiese oorwegings vir hom in die literêre teorie en die letterkunde speel. Die rol van die leser kom hier op 'n ironiese manier in die gedrang as insig op die blindheid van die leser volg. Voordat hierdie ironiese betekenisvorming verduidelik kan word, moet daar ook na De Man se beskouing van "blindheid en insig" gekyk word. Eerstens dan, De Man se voorkeur vir die linguistiese en retoriese.

¹⁵ Paul de Man (1919-1983) is in België gebore en het sy opleiding in Europa gekry. Vir die grootste gedeelte van sy professionele loopbaan was hy verbonde aan Noord-Amerikaanse Universiteite, en tydens sy dood was hy professor by Yale. Hy het hoë agting geniet onder die studente en ook onder sy kollegas, J. Hillis Miller, Geoffrey Hartman en Harold Bloom wat Yale gedurende die sewentigerjare 'n sentrum van dekonstruksie gemaak het. Die ontdekking wat in 1987 gemaak is dat hy tydens die oorlog (1941) op die ouderdom van 22 'n kollaborateur aan 'n Nazi-tydskrif, *Le Soir*, in België was, en anti-semitiese sentimente uitgespreek het, het die legitimiteit van sy opvattinge (wat hoë aansien geniet het) baie ondermyn (Culler, 1989:268).

Sy belangrikste werke was:

1984. (essays geskryf gedurende 1956-1983). *The rhetoric of romanticism*. New York : Columbia University Press.

1971. *Blindness and insight*. New York : Oxford University Press.

1979. *Allegories of reading*. New Haven & London : Yale University Press.

1986. *The resistance to theory*. Minneapolis : University of Minnesota Press.

Sy retoriese ingesteldheid erf De Man van Nietzsche wat taal eerder figuurlik en retories as verwysend en verteenwoordigend beskou. Nietzsche vind dat 'n "misinterpretasie" ("misinterpretation") van die realiteit dwarsdeur die tradisie herhaaldelik plaasvind. Dit is die direkte gevolg van die feit dat taal 'n retoriese struktuur het.¹⁶

Volgens Nietzsche (1920-29, VI:88) is menslike kennis slegs moontlik deur middel van taal, en taal is weer gebaseer op die mens se kapasiteit tot metafoorskepping. Nietzsche se uitgangspunt is gebaseer op sy kritiek op die tradisioneel-filosofiese geloof in die "konsep" en in die "representatiewe aard" van taal. Kennis is tradisioneel beskou as 'n spieëling van die realiteit met behulp van "konsepte" as "representasies" van daardie realiteit. Die fout wat gemaak is, was om dinge as identies aan mekaar te beskou wat net op een punt 'n ooreenstemming vertoon - en dit herken Nietzsche (1967, III, 4:19[249]) as "metafoor". Konsepte is dus nie representasies van die realiteit nie, maar metafore. Wat as waarhede beskou is, was dus bloot konvensionele metafore. Nietzsche (1956:3:314) beskryf "waarheid" soos volg:

A moving army of metaphors, metonymies and anthropomorphisms, in short, a summa of human relationships that are being poetically and rhetorically sublimated, transposed, and beautified until, after long and repeated use, a people considers them as solid, canonical, and unavoidable. Truths are illusions whose illusionary nature has been forgotten, metaphors that have been used up and have lost their imprint and that now operate as mere metal, no longer as coins (aangehaal uit De Man, 1979:110).

Wat in hierdie waarheidsbegrip (deur De Man [1979:111] 'n "false literalism" genoem) vergeet word, is die retoriese, simboliese kwaliteit van alle taal. De Man (1979:111) wys daarop dat die degradering van die metafoor na letterlike betekenis nie soseer verdoem word omdat dit 'n waarheid vergeet het nie, maar omdat dit 'n nie-waarheid vergeet het, die leuen wat die metafoor in die eerste plek was.

Nietzsche se benadering kan verder verduidelik word met sy dekonstruksie van die "waarde van waardes". Hy dekonstrueer die mees fundamentele waarde van alles, naamlik die beginsel van nie-kontradiksie (Nietzsche, 1967:279-280). Volgens hierdie beginsel kan

¹⁶ Nietzsche se uitwys van hierdie "misinterpretasie" het ernstige gevolge vir die onderskeid tussen filosofie en literatuur wat later aanleiding gee tot uitgebreide debat, veral tussen 'n neo-pragmatis soos Rorty en 'n filosoof soos Norris.

dieselfde ding nie tegelykertyd bevestig en ontken word nie. Sensasie leer ons in hierdie opsig van die "waarheid" van dinge - iets kan nie terselfdertyd hard of sag voel nie. Nietzsche vra nou of die aksiome van logika eweredig is aan die realiteit of is dit middele waarmee ons die realiteit "skep"? In eersgenoemde geval sal ons 'n voorkennis van die realiteit moet hê waarvolgens ons weet dat teenoorgestelde eienskappe nie daaraan toegeskryf kan word nie, wat nie die geval kan wees nie. Die proposisie bevat dus nie 'n "waarheidskriterium" nie, maar 'n gebod van wat die waarheid "behoort" te wees.

The conceptual ban on contradictions proceeds from the belief that we **can** form concepts, that the concept not only designates ["bezeichnen"] the essence of a thing, but **comprehends** it ["fassen"]... In fact, **logic** (like geometry and arithmetical) applies only to **fictitious truths** ["fingierte Wahrheiten"] that we have created (Nietzsche, 1967:280).

Die logika gebaseer op nie-kontradiksie (dat teenoorgesteltes onversoenbaar is) is dus slegs "fiktiewe waarhede" wat ons self geskep het. Die "objektiewe wêreld" word dus eintlik deur interpretasie en perspektief gevorm. Hierdie "waarheid" wat deur Nietzsche "geskep" is (dat die objektiewe deur interpretasie en perspektief gevorm is), is onderliggend aan die hele poststrukuralistiese literêre teorie.

Nietzsche (1956:804-805) wys hierdie "misinterpretasie" verder uit deur die klassieke opposisies subjek-objek, oorsaak-effek, te dekonstrueer: die opposisie van subjek tot objek is gebaseer op die ruimtelike model van 'n "binne"- tot 'n "buite"-wêreld. Soos wat oorsaak effek bepaal, bepaal die uiterlike, objektiewe gebeurtenis in die wêreld die innerlike, subjektiewe gebeure. Nietzsche wys nou daarop dat die voorkeurstatus van die twee pole omgekeer kan word. Dit word duidelik dat wat as die objektiewe, eksterne oorsaak beskou is, self die resultaat is van 'n interne effek, want die wêreld word ervaar deur interpretasie en perspektief. Tussen subjek en objek is daar vir Nietzsche (1922. VI:85) dus geen oorsaaklikheid nie, maar op sy uiterste 'n "estetiese verhouding".

In sy beskouings van taal, waarvolgens geen informasie oor die dinge in sigself gegee word nie, en waarin waarhede bloot uitgediende metafore is, beskou Nietzsche kwessies van epistemologie as kwessies van retoriek. Omdat taal essensieel retories is, ("it only intends to convey a **doxa** (opinion), not an **episteme** (truth)...[Nietzsche, 1922:300]...) sal alles wat deur taal werk, soos epistemologie en filosofie en letterkunde, retories wees. Vir Nietzsche, en ook vir De Man "the trope is not a derived, marginal, or aberrant form of language but the linguistic paradigm par excellence" (De Man, 1979:105).

Tropes are not something that can be added or subtracted from language at will; they are its truest nature (Nietzsche, 1922:300).

Die feit dat taal retories is, beteken dus nie bloot dat dit esteties, ornamenteel is nie, en ook moet dit nie semanties verstaan word as 'n figuurlike betekenis wat uit 'n letterlike aanduiding spruit nie, maar dit is 'n modus wat taal as sodanig kenmerk. Dit is effekte wat 'n direkte representasie van die werklikheid voorkom. Dit herinner ons aan die figuurlikheid van alle taal. Nie-letterlike uitdrukkings ("tropes") laat die skrywer toe om een ding te sê en 'n ander te bedoel: in die **metafoor** word die letterlike betekenis van een woord nie met 'n ander vergelyk nie, maar as identies aan die ander woord aangebied, byvoorbeeld "my love is a red, red rose". Hier word dus "roos" gesê, maar "geliefde" bedoel; in **metonimie** word die een woord in die plek van 'n ander aangebied waarmee dit deur ervaring geassosieer geraak het, byvoorbeeld die "kroon" kan in die plek van "koning" aangebied word. Hier word "kroon" gesê, maar "koning" bedoel.

Retoriek is vir De Man die huiwering tussen letterlike en figuurlike betekenisse. In hierdie opsig beskryf De Man (1975:29) dit selfs as 'n "teks":

Rhetoric is a **text** in that it allows for two incompatible, mutually self-destructive points of view and therefore puts an insurmountable obstacle in the way of any reading or understanding.

Hierdie benadering van De Man tot retoriek hou die implikasie in dat betekenisvorming vir De Man nie epistemologies stabiel kan plaasvind nie, omdat die retoriek binne taal 'n aktiewe negatiewe verhouding met logika het. Maar logiese betekenisvorming word verder ontwig omdat taal 'n retoriese én 'n referensiële én 'n grammatiese pool het, wat gesamentlik ontwiggend op mekaar inwerk. De Man verduidelik die retoriese en referensiële pole met behulp van die taalhandelingssteorie.

De Man (1979:131) maak van begrippe van die kontemporêre taalhandelingssteorie gebruik om die retorisiteit van taal te beklemtoon. Hy bring "constative language" in lyn met retoriese oorreding ("persuasion") en referensialiteit, en "performative language" met retoriese figuurlikheid. Taal kan dus retories en referensieel wees. Later bring De Man (1979:239) die grammatikale dimensie ook by:

There can be no text without grammar: the logic of grammar generates texts only in the absence of referential meaning..."

Grammatika verplaas egter nie retoriek nie, maar skep juis die moontlikheid van figuurlikheid deur die referensiële-retoriese polariteit te onderbreek. Leitch (1983:48) wys

daarop dat De Man se byvoeging van grammatika by die teorie van retoriek belangrik is omdat dit 'n veranderde konsepsie van die teken teweegbring. Alle tekens bestaan nou uit grammatikale, retoriese en referensiële strata. En omdat elke stratum sy eie verdelings bevat, is die stabiliteit en eenheid van die teken meer as ooit opgehef, en word die innerlike balans van die model op verskillende maniere omvergegooi. Sodoende tree die byvoeging van grammatika as 'n desentraliserende krag op. Des te meer sal die literêre desentraliserend optree, want dit bevoordeel die retoriese bo die grammatikale en logiese funksies.

2.3 LITERÊRE BETEKENISVORMING: DIE ROL VAN DIE LINGUISTIESE EN RETORIESE

De Man se uitsprake oor literêre teorie en letterkunde is ook op hierdie retorisiteit gebaseer. Literêre teorie het vir De Man (1988a:158) op sy eie voete begin staan toe literêre tekste nie meer op nie-linguistiese oorwegings, dit is historiese en estetiese oorwegings, gebaseer is nie, en toe linguistiese terminologie in die metataal oor literatuur ingebring is. De Man kwalifiseer "linguistiese terminologie" as 'n terminologie wat referensialiteit as 'n funksie van taal beskou, en nie noodwendig as 'n intuïsie nie. Intuïsie impliseer persepsie, bewussyn, ondervinding wat ingesluit is in 'n wêreld van logika en begrip. In hierdie wêreld beklee die estetiese 'n prominente plek. Linguistiese terminologie is 'n terminologie wat nie esteties is nie.

Letterkunde is vir De Man primêr nie esteties of mimeties nie, maar retories (linguisties). Literariteit word dikwels misverstaan asof dit 'n ander woord vir estetiese respons is. Ook is literêre "effek" vir De Man (1988a:159) eerder 'n retoriese as 'n estetiese funksie van taal, byvoorbeeld 'n herkenbare stylfiguur (paranomasia) wat op die vlak van die betekenaar werk. Die saamval van klank en betekenis is bloot 'n effek van taal en nie verwysend nie. Letterkunde sluit vir De Man (1988a:160) eerder die ontruiming as die bevestiging van estetiese kategorieë in. Dit het tot gevolg dat die noodsaak van 'n nie-perseptuele, linguistiese moment ook in die skilderkuns en musiek herken moet word. Ons moet dus leer om prente te "lees" in plaas van om betekenis te "verbeel".

Die leser speel 'n belangrike rol in De Man se benadering tot literêre betekenisvorming.

2.3.1 Betekenisvorming deur die leesaksie

Betekenisvorming vind deur die leesaksie plaas en De Man se idees oor retorisiteit en mislees, die oplossing van logika deur retoriek, sy beskouing van die literêre teks as self-dekonstruktief en van literêre kritiek as allegories, spruit uit sy ingesteldheid op lees.

Eerstens, sê De Man (1971:107), moet die literêre teks geleë word. Dit is 'n begripsdaad wat nooit waargeneem kan word, voorgeskryf of ondersoek kan word nie. Dit is nie 'n waarneembare gebeurtenis wat 'n positiewe bestaansvorm kan aanneem nie, hetsy as 'n natuurfeit of as 'n bewussynsdaad nie. Dit vra om 'n begrip wat noodwendig immanent moet bly omdat verstaanbaarheid op eie terme plaasvind. Volgens De Man (1971:107) is hierdie area van immanensie noodwendig deel van alle kritiese diskoers.

2.3.1.1 *Logika opgelos deur retoriek*

Die latente spanning tussen retoriek en grammatika word aan die gang gesit deur die leesaksie, die proses wat deelneem aan beide. De Man (1988b:392) illustreer die spanning tussen grammatika en retoriek met die volgende voorbeeld: die oënskynlike simbiose tussen 'n grammatikale en retoriese struktuur word in die sogenaamde "retoriese vraag" gevind. As sy vrou aan Archie Bunker vra of hy sy rolbalskoene se veters bo of onder vasgemaak wil hê, antwoord hy met die vraag: "Wat is die verskil?" Ewe geduldig verduidelik sy vrou aan hom die verskil, maar dit wek slegs sy misnoeë op. Sy vraag het nie werklik vir die verskil gevra nie, maar hy het eintlik bedoel: "Ek gee nie 'n duiwel om wat die verskil is nie." Dieselfde grammatikale patroon bied dus twee betekenisse wat onderling uitsluitend is: die letterlike betekenis vra vir 'n konsep (verskil) en die bestaan daarvan word weer deur die figuurlike betekenis ontken. **Retoriek los logika dus op en open duiselingwekkende moontlikhede van referensiële afwykings.**

Die grammatikale dekodering van 'n teks laat 'n oorblyfsel van onbepaaldheid agter wat deur grammatikale middele opgelos moet word, maar dit kan nie. Daar is probeer om retoriese figure deur grammatikale kodes te verplaas met die idee om betekenis te bemeester. Geen grammatikale dekodering, hoe verfynd ook al, kan egter die bepalende figuurlike dimensies van 'n teks bereik nie, want daar is grammatikale elemente waarvan die semantiese funksie nie grammaties definieerbaar is nie.

De Man (1988a:164) wys daarop dat omdat retoriek 'n aktiewe negatiewe verhouding met grammatika en logika het, dit nie 'n epistemologies-stabiele konstruksie kan wees nie. En omdat die retoriese of tropologiese dimensie van taal 'n groter rol in die letterkunde as in ander verbale manifestasies speel, kan betekenisvorming nie epistemologies-stabiel plaasvind nie. En omdat grammatika sowel as beelding 'n integrale deel van lees is, is ook lees 'n negatiewe proses waarin die grammatikale kognisie ten alle tye deur sy retoriese verplasing tot niet gemaak word. Betekenisvorming vind binne die "aporia" van onbeslistheid of onsekerheid plaas.

Kritiek sou teen de De Man uitgespreek kon word dat hier 'n onbepaalde vrye spel van betekenisse plaasvind, soos Lentricchia (1980:185) dan ook gedoen het.

The shift from cognitive terms ('wrong', 'valid') to ethical and practical language ('good', 'interesting') is entirely consistent with the drift of American post-post-structuralism (freedom, joy, affirmation, the erotic pleasure of the text) and especially harmonious with de Man's Nietzschean bias.

Dit is egter nie met De Man die geval soos byvoorbeeld met Hartman (1980:274) wat 'n voorstander van onbepaalde vrye spel is nie, en wat sê "...for nothing is really broken, but rather freed for contemplation, analysis, and play." In De Man se geval is daar altyd die "logiese" spanning tussen die twee betekenisse van taal, die "letterlike" en "figuurlike" betekenisse, wat mekaar moet ophef. Dit wil dus voorkom of die "aporia" van onbeslistheid of onsekerheid nie 'n algehele "oplossing" van betekenis is, wat voortsweef in 'n vrye spel nie. De Man (1979:12) skryf:

The two readings have to engage each other in direct confrontation, since the one reading is precisely the error denounced by the other and has to be undone by it. ...none can exist in the other's absence.

Tog, nadat retoriek logika opgehef het, wat vind dan plaas? Dan het ons tog die duiselingwekkende moontlikhede van referensiële afwyking waarvan hierbo gepraat is. Norris (1985) sowel as Goodheart (1984) beklemtoon dit dat De Man se "cognitive rigor" sy dekonstruktiewe speelsheid in toom hou.

De Man's overriding drive to demystify language goes along with his adherence to the protocols of logical argument, no matter how strange or paradoxical their upshot (Norris, 1985:77)

Deconstructive playfulness is strongly modified by the ascetic strain that determines its cognitive rigor (Goodheart, 1984:172)

Dit lyk vir my of De Man van logiese argumentasie gebruik maak om by sy dekonstruksie uit te kom, en as die retoriese die logiese opgehef het, kan dit nie meer 'n epistemologies-stabiele konstruksie wees nie. Dan kan logiese argumentasie nie meer 'n rol speel nie. En hier kom ons by die slimheid in De Man se teorie uit. Juis omdat logiese argumentasie nie 'n rol kan speel nie, word lees 'n onmoontlike taak, en sal talle mislesings¹⁷ gemaak word! Betekenisvorming vind hier deur blindheid plaas.

¹⁷ Waar mislesings vir De Man 'n noodwendige gevolg is van die oplossing van logika deur retoriek, is dit by Bloom 'n bewuste aksie. Die sterk digter verander die tradisie deur dit doelbewus "mis te lees" waardeur hy dan uit die poëtiese invloed van die voorganger kan losbreek. "Poetic strength comes only from a triumphant wrestling with the greatest of the dead, and from an even more triumphant solipsism" (Bloom, 1975:9).

2.3.1.2 *Blindheid en insig*

Kritiese lees of interpretasie is vir De Man (1971:109) problematies omdat dit immanent is. Hiermee bedoel De Man dat die teks binne die leser se subjektiwiteit gevorm word. Omdat die teks nie 'n positiewe bestaansvorm het nie, kan interpretasie nie "beskrywing" wees nie. Die enigste akkurate vorm van interpretasie sou wees as die kritikus die werk dupliseer. Maar interpretasie kan ook nie 'n blote duplisering wees nie, want die werk kan nie sonder die inmenging van 'n ander taal verstaan word nie. En boonop is die taal én die literêre teks retories! Lees is dus 'n onmoontlike taak. Eintlik is die teks "onleesbaar".

Die kritikus sal dus noodwendig van die teks afwyk. En, beweer De Man (1971:109), die kritikus sê nie slegs iets wat die werk nie sê nie, hy sê selfs iets wat hy self nie bedoel om te sê nie. Wat die kritikus sê, het dus nie noodwendig immanente verbintenis met die werk nie; dit kan 'n arbitrêre byvoeging of vermindering wees, of die verskil tussen sy bewering en sy betekenis kan 'n fout wees. De Man (1971:109) wys daarop dat as die werk herhaaldelik gebruik word om te toon waar en hoe die kritikus daarvan afwyk, jou begrip van die werk gemodifiseer kan word, en die foutiewe visie sou selfs produktief na vore kon tree. So kan 'n retoriek van blindheid ontstaan. De Man (1971:110) wys hierdie teenstrydigheid uit as "die blindheid van die bewering teenoor die insig van die betekenis". In die literatuurgeskiedenis kan kritici ook "blinde" bewerings maak onder die invloed van 'n ander kritikus.


De Man (1971:113-133) wys Derrida se blindheid in sy dekonstruksie van Rousseau se teorie van representasie uit deur daarop te wys dat Rousseau se teorie van representasie nie op betekenis as "teenwoordigheid" en oorfloed gerig is, soos Derrida aanvaar dit in Rousseau se geval moet wees nie, maar op betekenis as "leegte". Musiek is vir Rousseau 'n blote struktuur omdat dit "hol" is in sy kern, omdat dit die ontkenning van alle teenwoordigheid "beteken". Die strukturele eienskappe van taal is vir Rousseau dieselfde as wat aan musiek toegeskryf word. Omdat Derrida Rousseau "mislees", interpreteer hy Rousseau se benadering as 'n oomblik van blindheid waarin Rousseau die teenoorgestelde sê van wat hy bedoel om te sê. De Man (1971:139) meen egter dat Rousseau se teks geen blinde kolle het nie omdat dit te alle tye rekenskap gee van sy eie retoriese modus. Wat Derrida as blindheid beskou, is eintlik bloot 'n transposisie van die letterlike na die figuurlike diskoersvlak. Derrida se blindheid is hier De Man se insig!

Die kritiese lees van Derrida se kritiese lees van Rousseau toon blindheid as 'n noodwendige korrelaat van die retoriese aard van literêre taal. Volgens De Man (1971:141) kan die oomblik van blindheid verskillend gelokaliseer word binne die struktuur van die sisteem "teks-leser-kritikus": die eerste leser se oomblik van blindheid kan anders wees as die kritikus (as tweede leser) s'n. Ook kan (soos in die voorbeelde deur De Man

aangebied) kritiese tekste wat blind is, die blindheid deur 'n kritiese lees van die kritiese teks probeer dekonstrueer. Ook die teks kan areas van blindheid bevat wat dan deur die leser en kritikus sigbaar gemaak word. Die "blindheid" is vir De Man nie 'n negatiewe aspek van die literêre nie, want tekste of kritiese tekste kan juis as gevolg van die blindheid literêr genoem word, en nie ten spyte daarvan nie. Omdat 'n sekere graad van blindheid juis weens 'n moontlikheid van 'n fout, deel vorm van literatuur, word die onderlinge afhanklikheid van interpretasie en teks hierdeur bevestig.

2.4 KRITIESE NABETRAGTING

In die onderstaande grafiese voorstelling van De Man se benadering kan gesien word dat die leesaksie sentraal staan in sy benadering tot betekenisvorming, maar tog lê die swaartepunt in die retoriese, met die daaropvolgende eindelose ketting van blindheid en insig.



In bostaande model blyk dit dat die leesaksie immanent¹⁸ is, en dat betekenisvorming deur taal plaasvind. Taal en die literêre teks bestaan uit retoriese en grammatikale strata. Die grammatikale skep juis die moontlikheid van figuurlikheid deur die verbreking van die verwysend-retoriese polariteit. Die literêre bevoordeel die retoriese bo die grammatikale en logiese funksies. Dit is dan juis die leesaksie wat die latente spanning tussen die retoriese en grammatikale aan die gang sit, omdat dit aan beide prosesse deelneem. Omdat die retoriese dimensie 'n groter rol speel as die grammatikale in die letterkunde, word die grammatikale dikwels deur die retoriese "verplaas". In hierdie opsig is lees 'n negatiewe proses waarin die grammatikale kennis deur sy retoriese verplasing tot niet gemaak word. Sodoende los retoriek logika op en talle moontlikhede van "mislees" word geopen.

Omdat linguistiese middele vir De Man die belangrikste positiewe krag in die literêre proses is, vind betekenisvorming met inagneming van die retoriese aard van taal en teks plaas, wat dikwels lei tot insig wat deur blindheid plaasvind. De Man se bewussyn van die rol wat blindheid in betekenisvorming speel, is 'n vonds, veral as insig juis deur blindheid tot stand kom. Dit is 'n aktiewe betekenisvorming waarby nie normaalweg uitgekóm kan word nie.

Heelwat kritiek is al teen de Man uitgespreek oor die feit dat hy ahistories en politiek-onverskillig is.¹⁹ Leitch (1992:50) kritiseer beide De Man se betrokkenheid met retoriese analise en sy weiering van eties-politiese valorisasie omdat dit 'n sekere soort formalistiese poststrukturealisme kenmerk. Wat Leitch die meeste pla oor hierdie manier van teoretisering is die beskouing dat retoriese analise enigiets anders kan en moet voorafgaan. Hy bevraagteken die idee dat die benadering van die kritikus beperk word tot die grammaties-retoriese, veral omdat dit op die twyfelagtige hiërargiese onderbou-bobou-model berus waar taal die "basis" van etiek, politiek en epistemologie is.

Vir Leitch laat taal gelyktydig grammatikale, figuurlike, epistemologiese en eties-politiese kragte en effekte los, en daar is geen manier om prioriteit aan een van hulle te verleen nie.

¹⁸ 'n "Immanente" leesaksie dui daarop dat taal binne die leser is as hy 'n gedig lees. Hy kan nooit buite taal staan nie.

¹⁹ Die volgende kritici het De Man vanuit 'n Marxistiese perspektief gekritiseer: Lentricchia. 1980. After the new criticism; Michael Ryan. 1982. Marxism and deconstruction; G. C. Spivak. 1981. "Sex and history in The Prelude" in Texas studies in literature and language, 23:357; J. Natoli (ed.) 1987. "Uncanny criticism in the United states" in Tracing literary theory.

S. Gearheart (1983. Philosophy before literature: Deconstruction, historicity and the work of Paul de Man in Diacritics 13(4):63-81) vergelyk De Man ongunstig met Derrida, met die beswaar dat De Man voortdurend tekstuele literariteit bo historiese analise bevoordeel.

Om grammatika en retoriek voor epistemologie, etiek en politiek te plaas, is om 'n voorkeur as 'n waarheid te poneer, en hierdie metafisiese voorkeur plaas onwerklike grense tussen taal, kennis en mag - met die resultaat dat kritiese ondersoek permanent besig bly met tekstuele eksegeese en op die grens van kulturele analise en kritiek stol.

Leitch het nie gelyk as hy sê dat "retoriese analise [in De Man se benadering] enigiets anders kan en moet voorafgaan" nie, en ook word die kritikus in De Man se teorie nie "beperk" tot die grammaties-retoriese nie. Die politieke en etiese is alreeds by die retoriese analise ingesluit. Betekenisvorming vind nie plaas in die sosiale en politieke as 'n optrede "agter" taal nie, maar as **deel** van 'n spel van tekens - dit word juis in taal ingelaat deur 'n spel van blindheid en insig. Dit is die intertekstualiteit vanuit sosiale, politieke en ekonomiese tekens wat betekenisvorming enigsins moontlik maak. De Man se teorie van blindheid en insig is byvoorbeeld 'n uitstekende metode om magsdiskoerse mee raak te lees!

Na my mening het Leitch ook nie gelyk as hy beweer dat daar geen manier is om prioriteit aan een van die vier kragte te verleen nie. De Man het deur middel van 'n goed-deurdagte kritiek getoon hoe retoriek logika oplos en hoe dekonstruktiewe betekenisvorming vervolgens kan plaasvind. Ek onderskryf Norris (1985:9) se beklemtoning van De Man se rigoristiese anti-filosofiese benadering:

De Man remains the most rigorous of anti-philosophers, undermining the truth-claims of epistemology only by way of an exhaustively thought-out rhetorical critique.

Dit is dus nie 'n kwessie van prioriteite wat verleen word nie, maar deur middel van 'n goed-deurdagte retoriese kritiek word die grammatiese en epistemologiese deur die retoriese opgelos. Die eties-politiese is alreeds by De Man se betekenisvorming ingesluit omdat die teks 'n intertekstuele gebeurtenis is waarby die tekstualiteit van die wêreld ook ingesluit is. Die etiese dimensie is in alle betekenisvormingsprosesse teenwoordig omdat waardes die mens se interpretasies kleur.

De Man se hele benadering van insig deur blindheid is intens ironies, en lynreg teen die gewone tradisionele logika. Dit is gebaseer op 'n onsekerheidsbeginsel, op onbetroubaarheid, omdat daar geen gerusstellende duidelikheid lê in die retoriese nie. Hierdie retoriese vorm die basis van die literêre teks wat ondersoek word, sowel as van die middel (taal) waardeur die ondersoek gedoen word. Die onsekerheidsbeginsel staan sterk voorop omdat die bewering dat 'n kritiese teks onbetroubaar is, self onbetroubaar is omdat van linguistiese middele gebruik gemaak word om by daardie gevolgtrekking uit te kom. Binne hierdie "spel van onbetroubaarheid" is dit verstaanbaar dat daar baie "blinde foute"

kan ontstaan, en is dit heerlijk ironies dat insig juis uit hierdie blindheid na vore kan tree. Volgens De Man kan die blindheid binne die teks self bestaan, wat dan binne die insig van die leser ontdek word, of die blindheid kan deur 'n tweede leser by die eerste leser raakgelees word. Betekenisvorming lê dus in die "raaklees" van die blindheid binne die retoriese aard van die literêre. Maar daardie "raaklees" kan weer, omdat daar steeds binne retoriek beweeg word, as 'n "blindheid" deur die volgende leser "raakgelees" word. Betekenis kan volgens De Man se benadering dus nie finaal vasgestel word nie, omdat die daad waarmee betekenis beheer moet word, self nie in beheer kan wees nie. Die leser is 'n ironiese leser, want hy besef self sy interpretasie lê binne die retoriese, wat beteken dat sy interpretasie nie finaal kan wees nie: daar is altyd nog iets, iets wat hy misgelees het; hy het gesien, maar nie gesien nie. Die leser staan binne 'n linguistiese beweging wat hy nie altyd kan beheer nie. Goodheart (1984:133) sê:

The deconstructive critic is a philosopher "manque", committed as he is to truth or logic, which he nevertheless declares to be impossible because of the tropological nature of all discourse.

'n Onbepaalde semiose word dus wel hier gevind, maar dit is nie 'n semiose wat betekenisloos voortbeweeg nie. Omdat dit 'n situasie is waarin voortdurend tot insig gekom kan word, juis deur die blindheid wat deur die retoriese veroorsaak word, is dit 'n sinvolle semiose, en onderskryf dit Norris (1985:72) se aanspraak dat De Man oor 'n "power of 'rigorous' or consequential argument" beskik.

In die teks wat hieronder bespreek gaan word, sal getoon word hoe betekenisvorming deur insig in die blindhede van die teks plaasvind.

2.5 ABJATER WAT SO LAG - WILMA STOCKENSTRÖM (1991)²⁰

2.5.1 Logika opgelos deur retoriek: omgekeerde waarhede

In hierdie teks word logika deur retoriek opgelos en talle moontlikhede van mislees word geopen. Die onderskeid wat normaalweg tussen lewe en dood gemaak word, word hier opgehef. Eerstens word die kerkhof as 'n plek vol "lewe" gesien. Geeste, woedende soekers, sweef tussen die groot denne in die kerkhof rond [10], soos die spook wat vir sy eie dooie vrou by haar graf gaan kuier [9]; daar groei rankrosies en "sweel peas" en narsings, baie gras, donker mos en paddastoele [12]. Vir die verteller "lewe" spoke [57]. Ook meneer Wiid sê: "...die dooies lewe intenser as ons. Onthou" [57].

²⁰ Bladsynommers wat na hierdie teks verwys, sal tussen hakies aangedui word.

Die **waarheid** word in die begraafplaas opgehef: "In hierdie blink sonlig is alle onwaarheid waar en die waarheid 'n boel leuens" [38]. Die logiese betekenis van die sipresse word opgehef as hulle die betekenis aanneem van vreugde én verdoemenis. In die twee betekenisse wat onderling uitsluitend is, los retoriek logika op. Die letterlike betekenis vra vir 'n konsep, en die figuurlike betekenis ontken daardie letterlike betekenis deur 'n dubbele opheffing. Ook die teksverse op die grafstene praat van vergifnis én wraak; rus én ewige lewe [38]. Die verteller voel meer tuis hier "want hier word die waarheid opgehef" [40]. **Selfs tyd** word opgehef: "...waar geeste dwaal... is dit altyd en bly dit altyd teenswoordige tyd.....niks hou ooit op nie, en niks het 'n begin of einde nie. Ons weet net van voortsetting" [57]. Die verlede wat die "lewe" was, is vir haar dood, en die toekoms wat die "dood" is, is vir haar lewe:

...ek het daardie landskap heeltemal vergeet. Hy bestaan nie meer nie. Daar was nooit 'n verlede nie. Ek werk met die dood. Die dood is hier. En vorentoe is hy ook [81].

Omdat Abjater leef, maar soos 'n dooie leef, besef sy: "...ek het die regte dood leer ken. Hy sit ook in die lewendes, weet ek nou..." [114]. Daarom dink sy dat Rienie al 'n weduwee was, lank voordat Abjater hom doodgelag het [120]. Omdat die lewe en dood nie meer twee pole is nie, maar in mekaar "ingeskuif" het, word die opposisie lewe/dood hiermee opgehef. "Lewe" begin die betekenis van "dood" aanneem.

As gevolg van hierdie opheffing van die opposisie lewe/dood, is die belangrike vir die verteller die punt waar die lewe en die dood by mekaar uitkom, daar waar die een in die ander oorgaan. Dit is die "laaste wegglip", die "onopvallende oorgange" wat haar bybly, die vonk wat sy sien uitdoof [95].

Hou nou op bid, dominee, wil ek sê.... En jy, suster, gee pad met jou spuitnaald en jou aangeleerde besorgdheid. Daar's belangriker sake as asemhaal. Dis die oomblik van gewyde toetrede nou. Kyk! Die engel kom... en wanneer die engel hom stiptelik opraap, het ek goedkeurend geknik [95-96].

Vir haar is die einde 'n "aanpas van ongebluste lewensverlange by 'n voldongenheid" [82]; hierdie aanpas is vir haar 'n "rym", die punt waar die lewe en die dood met mekaar rym. Dit is dan ook die rede waarom Abjater se twee bejaarde ouers in salige afwagting op die stoep kon sit. Hulle is ingestem op die "twee kante van die mens se bestaan, dié een waarin hulle hulle nog bevind, en die ander een wat onwrikbaar aan die kom was" [116].

Die sterwensoomblik word vir die verteller 'n huweliksvoltrekking tussen lewe en dood waarvan die hartstog tussen man en vrou bloot 'n "bespotlike namaaksel" is [65]. By Ben se dood meen sy hy besef dat hy haar nou "met 'n volkome suiwer liefde sal kan bevrug

en dat ek stil sal wag en my nie sal verset nie" [93]. Bettie beny haar "wat met die dood getrou het" [121]. Sy weet ook as sy sterf sal sy "omhels voel" en haar mond sal oopval "kompleet of ek ja sê" [126].

Die gewone lewe-dood-logika word hier dus opgehef as die een in die ander oorgaan. Die letterlike betekenis van lewe en dood word verander as die dood die betekenis van lewe, en lewe die betekenis van dood begin aanneem. Die retoriese betekenis het hier dus oorgeneem, want die woorde sê iets anders as hul letterlike betekenis.

Hierdie retoriese hantering van die lewe-dood-logika bied aan ons 'n **omgekeerde waarheid**: vervulling lê in die dood, in die huwelik met die dood. Die gewone huwelik (wat gewoonlik as die groot vervulling gesien word) kan soos 'n vinknes afwaai en die kuikentjies kan uitval [27] - eers in die huwelik met die dood lê vervulling. Hierdie omgekeerde waarheid is 'n aanduiding van die "modus" van die teks. Daar word ook ander omgekeerde waarhede aangebied, soos die omgekeerde waarhede van die ou vrou en ant Sara.

Dit wat die verteller as waarhede oor die ou vrou en ant Sara ervaar het, word later omgekeer. Sy het die ou vrou as stil en diepsinnig ervaar, as een "wie se oë so diep van opgegaarde gedagtes sit dat sy nie die vermoë gehad het om uit te praat nie" [14]. Ant Sara, weer, het vir haar oppervlakkig voorgekom, sy het "ten bate van liefdadigheid louter leuens vertel, dit was oëverblindery" [13]. Op haar doodsbed het die ou vrou egter haar waardigheid verloor [63], terwyl ant Sara se voorspellings waar geword het. Die waarhede oor die ou vrou en ant Sara is dus omgekeer: ant Sara was eintlik die diepsinnige een en die ou vrou die oppervlakkige een.

Hierdie omkering van waarhede is 'n aanduiding van die blindheid-insig-modus van die teks: Die een leser verkry insig deur die ander leser se blindheid vir die omkerings in die teks raak te lees.

2.5.2 Insig in die "blindhede" van die leser

'n Voorbeeld hiervan is die kritiek wat uitgespreek is deur la van Zyl (1991:11) omdat sy blind was vir die omkerings in die teks. Sy het kritiek teen die karakterisering omdat dit met die woordgebruik en die wyse waarop oor dinge gedink word, bots. Hierdie kritiek is die gevolg van 'n blindheid vir die omkerings in die teks. Van Zyl het die verteller se karakter as dié van 'n eenvoudige meisie gelees. Een van die omgekeerde waarhede in die teks is dat die eenvoudige meisie nie eenvoudig is nie. Sy is 'n soort "wat eksamens gedop het, wat dom was en nie uitgeblink het nie" [112]. Haar eie direkte ervaring met lewe en dood word gestel teenoor die wysheid wat uit boeke bekom word. "Ek werk met die lewe en die

dood self en hulle is meer as die woorde op die bladsye van die dik boeke..." [80]. Boeke is vir haar grafte [58]. Die normale opposisies dom/slim, ongeleerdheid/boekgeleerdheid se waarhede word omgekeer. Boekgeleerdheid tel hier nie, maar slegs die direkte ervaring met die dood, want op daardie punt van oorgang lê kennis en waarheid. Haar kennis was die kennis van "liggaam en gees" [24]. Die onboekgeleerde meisie is dus nie eenvoudig nie. Net soos die waarheid uit die waarsegster se mond gekom het, kan dit uit die eenvoudige verteller se mond kom. Waarheid is nie meer waarheid nie en eenvoud is nie meer eenvoud nie. Die woorde het hul letterlike betekenis verloor en die retoriese het oorgeneem. Insig kom na vore as 'n blindheid vir hierdie retoriese betekenis herken kan word. Maar hier bestaan ook 'n blindheid in die teks self.

2.5.3 Insig in die "blindheid" van die teks

Hierdie teks bevat 'n belangrike "blindheid" wat deur die leser se insig raakgelees moet word. Hierdie blindheid is **Abjater**. Omdat dit ook die titel van die boek is, sal dit waarskynlik veel met die modus van die boek te doen hê. Hierdie "modus" is hierbo onderskei as "omgekeerde waarhede". Die woord "Abjater" bevat in homself 'n omgekeerde waarheid. 'n Omgekeerde waarheid kan natuurlik nie in een letterlike betekenis van 'n woord bestaan nie. Dit kan wel in die retoriese betekenis gevind word.

Volgens die WAT en HAT beteken "Abjater": niksbeduidende persoon; lawwe vent; snuiter; vabond. In die Bybelse konteks beteken "Abjater" weer "betekenisvolle persoon". In die Hebreeuse vertaling beteken "Abjatar" "bron van oorvloed". ("Ab" beteken "vader" of "bron" en "jatar" (jtr) beteken "oorvloed"). Die Bybelse Abjatar was 'n profeet. Hy dui hier dus op "betekenisvolheid".

In die konteks van die teks lyk dit of hier na die betekenis van **niksbeduidende persoon** verwys word. Maar dit is 'n blindheid in die teks. Daar is twee retoriese betekenisse in "Abjater" wat deur die verloop van die verhaal omgekeerde waarhede word. Dit is die betekenisse van "niksbeduidende persoon" en "betekenisvolle persoon". Hierdie twee retoriese betekenisse van "Abjater" gaan onderskeidelik vanaf een Abjater in die ander oor, want hier is twee Abjaters in hierdie teks. Die verteller is Abjater en Abjater is Abjater. Die oorgang tussen hierdie twee Abjaters is 'n oorgang tussen hul menswaardigheidsprosesse: Die verteller beweeg van niksbeduidendheid na betekenisvolheid, en Abjater beweeg vanaf betekenisvolheid na niksbeduidendheid.

Aanvanklik voel die verteller 'n baie onmenswaardige persoon, betekenisloos, niksbeduidend. Selfs haar werkgeefster se vriendinne skinder nie oor haar nie, alhoewel hulle oor hul "meide" kla [8]. Sy wou haar selfs met die geeste vereenselwig omdat die lewendes haar nie "as mens" beskou nie, "omdat ek van die omgang met mense net

afstomping geken het" [11]. Onder die lewendes het sy net 'n "tussen-in plek" geken, 'n arm witmeisie tussen die bevoorregtes en die "meide" [16]. Haar groei na menswaardigheid toe begin met **Abjater se lag**. As Abjater lag, het sy "ingesluit gevoel in die omvattendheid van sy lag", "verborge en uitverkore", "onbevrees en vol moed" [17]. Net soos die stofkolom as gevolg van die vee van die besem vir haar soos 'n kolom wemelende goud gevoel het wat haar beskerm het, was Abjater se gelag vir haar 'n lig, "'n suil van geluksalig geborge voel" [20]. Toe sy die siek meneer Wiid opgepas het, het sy begin voel na 'n "vroumens met betekenis. Ek het die huishouding beteken. Ek het die besluite beteken. Alles was my verantwoordelikheid" [23]. En hoe nader hy aan die dood gekom het, hoe meer betekenis het sy self gekry, hoe nodiger was sy vir hom [31], en hoe meer groei sy uit haar verlede uit: "Die verlede het niks geword" [34]. Na meneer Wiid se dood gaan sy verder vooruit as sy as erfgenaam ook grondbesitter word [77]. Sy was nou nie meer huisbediende nie, maar sterwensbegeleier en grondbesitter. Sy voel nou "belangriker as die dokter wat probeer genees en die suster, sy hulp" [94]. En toe die gesiene Erwees haar laat kom, voel sy trots op haar goeie naam, op die feit dat hulle "haar" gevra het [97]. Sy was nou nie meer Abjater, 'n niksbeduidende persoon nie, maar iemand met 'n "goeie naam": Abjater, die betekenisvolle persoon.

Die omgekeerde proses is by Abjater waar te neem. Abjater wat 'n gesiene man en altyd vrolik was, met 'n gelag wat almal binnegenooi het, was nadat hy in Oos-Afrika gewond is, nooit weer dieselfde nie [99]. Hy het al hoe meer in homself begin keer en ophou praat en lag en later het hy net bly lê [101]. Met sy lag kon hy altyd alles oorwin, maar iets moes gebeur het wat hom die mag van die onoorwinlike (die dood) laat leer ken het. En hy het waarskynlik ook langsamerhand tot die besef gekom dat hy eintlik "niksbeduidend" is,

...dat alles maar net so goed en net so doeltreffend en net so opgewek verrig word sonder sy toesig, en dat hy nie die spil was waarom alles gedraai het nie [107].

Vanaf Abjater, die betekenisvolle persoon het hy verander na Abjater, die niksbeduidende persoon.

Die finale oorgang van haar Abjater na sy Abjater en van sy Abjater na haar Abjater vind plaas as sy die "niks" in hom herken [115]. Dit is skrikwekkend, want dit is die "regte dood" wat in die lewende sit. By hierdie skrikwekkende herkenning begin sy sing en hy begin lag. Hy lag vir haar gesingery wat soos 'n donkie klink. Dit is dus 'n verwerpende lag en nie meer 'n lag wat haar insluit nie. Sy is nie meer deel van hom, van Abjater, van niksbeduidendheid nie. Die dood het sy lag oorwin, en sy wag op vervulling, op haar bruidegom, die dood.

Die lewe-dood-opposisie word ook binne die **lag** gedekonstrueer. Aanvanklik het Abjater se lag 'n "lewegewende effek" gehad. Dit was 'n "aansteeklike lag van geluk", van "geluksaligheid" [124], maar teen die einde word die lag aan die dood gekoppel as hy "laggend sterf" of "sterwend lag". Daarom wag die verteller teen die einde op die volgende manier op haar dood:

Ek wag op 'n gelag, ek weet hoe hy sal klink en ek sal my omhels
voel en my mond sal oopval, dink ekke, my mond sal oopgaan
kompleet of ek ja sê, en so sal ek my deel vind [126].

Die retoriese betekenis wat in "Abjater" opgesluit lê, is 'n omgekeerde waarheid: die dood is eintlik lewe en die lewe dood. Die mens se geluk en betekenisvolheid lê eintlik in die lewe van die dood hiernamaals. Maar is dit 'n ómgekeerde waarheid? Hierdie "insig" kan weer deur 'n ander leser as 'n blindheid uitgewys word. Betekenisvorming kan nie epistemologies-stabiel plaasvind nie.

2.5.4 Slot

De Man se betekenisvorming deur blindheid en insig is 'n vonds. Sonder sy teorie sal my insig in hierdie teks nie tot hierdie mate kon plaasvind nie. Dit is 'n benadering wat sekerlik op enige teks toegepas kan word en die aard daarvan is sodanig dat dit tot insig lei waarby nie normaalweg uitgekom word nie.

2.6 GEVOLGTREKKING

Onder die invloed van Nietzsche se uitgangspunte dat konsepte nie interpretasies van die realiteit is nie, maar metafore, en dat "logika" middele is waarmee ons die realiteit en "waarheid" skep, bied De Man 'n betekenisvorming aan wat nie epistemologies-stabiel plaasvind nie, maar binne onbeslistheid. Hy bied 'n logiese redenasie aan waarom betekenisvorming nie epistemologies-stabiel kan plaasvind nie. Eerstens het die retoriese binne taal 'n aktiewe negatiewe verhouding met grammatika en logika. Tweedens speel die retoriese en tropologiese dimensie van taal 'n groter rol in die letterkunde as in enige ander verbale manifestasie. En derdens word die grammatiese kennis binne die leesproses deur sy retoriese verplasing tot niet gemaak.

Soos verduidelik is, het die leesdaad nie 'n positiewe bestaansvorm nie, maar is dit immanent omdat dit 'n proses is wat deel vorm van die retoriek en grammatika. Die latente spanning tussen die retoriese en grammatiese word juis aan die gang gesit deur die leesaksie. Logika word in hierdie proses deur die retoriek opgelos en duielingwekkende moontlikhede van referensiële afwykings word geopen. Omdat logiese argumentasie nie

meer 'n rol speel nie, kan slegs "mislesings" gemaak word.

De Man bied nie 'n ingeperkte betekenisvorming aan nie. Wat hy wel aanbied, is 'n "logiese argumentasie" om by die stelling wat hy wil maak, naamlik dat betekenisvorming deur blindheid plaasvind, uit te kom. Daarom Norris (1985:77) se aanspraak dat De Man van die protokol van logiese argumentasie gebruik maak.

Deur logiese argumentasie kom hy uit by die bevinding dat logiese argumentasie nie 'n rol in betekenisvorming kan speel nie! Dit kom aanvanklik voor of hy sy eie teorie dekonstrueer, maar deur hierdie dekonstruering van sy eie teorie bewys hy eintlik sy eie teorie: dat net mislesings kan bestaan! Insig vind hier deur sy eie blindheid plaas en hy bewys sy eie aforisme:

Critics' moments of greatest blindness with regard to their own critical assumptions are also the moments at which they achieve their greatest insight (De Man, 1971:109).

Die teenstrydigheid tussen betekenis en uiting vorm 'n konstituerende deel van sy logika. Blindheid is dus deel van betekenisvorming en die onderlinge afhanklikheid van interpretasie en teks word hierdeur bevestig. Die blindheid vorm deel van die "aard van die literêre".

Die kritiek wat teen De Man uitgespreek is dat hy a-histories en politiek-onverskillig is, neem die feit dat die werklikheid nooit onbemiddeld is nie, nie voldoende in aanmerking nie. Degenaar (1990:8-9) het die belangrikheid daarvan beklemtoon dat die verstaansproses nooit 'n onskuldige aangeleentheid is nie. Dit is nooit "onmiddellik" nie, maar "middellik". Hiervolgens is betekenis 'n funksie van differensiasies wat sosiale en historiese dimensies het. Die sosiale, politieke en ekonomiese is medebepalend vir sowel die skepping as die verstaan van tekste. Hierdie werklikheid word gemedieer deur taal

...en taal as proses van differensiasie is nooit natuurlik, neutraal, direk, homogeen of onproblematies nie, maar word altyd bepaal deur kultuur, konteks, spore, diskoerse, magsverhoudings, en geskiedenis (Degenaar, 1990:9).

Literêre betekenisvorming deur blindheid en insig sal dus plaasvind deur die ontsluiting van die teks in die rigting van die sosiale, geskiedkundige en politieke waarin dit figureer. Maar dit vind nie net binne hierdie ontsluiting plaas nie. Die feit dat blindhede raakgelees kan word, beteken dat 'n kritiese ingesteldheid by hierdie ontsluiting ingesluit is, en daardeur kan die hegemonie van 'n bepaalde diskoers raakgelees word, omdat mag altyd alreeds werkzaam is in diskoerse. Die kritiek wat teen De Man uitgespreek is dat hy voortdurend

tekstuele literariteit bevoordeel, word dus weerlê deur die feit dat sy teorie ook 'n kritiese hermeneutiek insluit waarvolgens die belange blootgelê word wat onderliggend is aan interpretasies.

Betekenisvorming vind hier by uitstek subjektief plaas omdat verskillende lesers se oomblikke van blindhede verskillend kan plaasvind. Die een leser se blindheid kan ook deur 'n ander leser in insig verander word. Die blindhede in die teks of interpretasie waarvan die leser immanent deel is, aktiveer die skeppende verbeelding van die leser in so 'n mate dat die teks inderwaarheid hierdeur "uitgebrei" word. Betekenisvorming kan dus oop en onbeperk plaasvind, afhangende van die "insigte" wat deur blindheid verkry word. En dit is veral hier waar die groot waarde van hierdie benadering gevind kan word: in **nuwe insigte** wat vir die leser deur blindheid oopgemaak word. Daarom is dit 'n ironiese, maar ook 'n suspisieuse betekenisvorming. Die leser besef dat sy interpretasie binne die retoriese lê, wat beteken dat sy interpretasie nie finaal kan wees nie - daar is altyd nog iets wat hy misgelees het.

Miller se benadering stem in baie opsigte met dié van De Man ooreen. Ook vir Miller bestaan daar net "mislesings", maar in sy teorie neem dit die vorm aan van "laterale danse".

HOOFSTUK 3

DIE LATERALE DANS: DEKONSTRUKTIEWE BETEKENISVORMING

Die retoriese kragte immanent in taal het tot gevolg dat betekenisvorming deur 'n wedersydse gasheer-parasiet-verhouding tussen die enkellynige en dekonstruktiewe lees plaasvind. Die onbeslisbare betekenisvorming wat hieruit spruit, is eintlik mislesings wat in die vorm van laterale danse na vore kom.

Ook die gasheer-parasiet-verhouding tussen die Platoniese en Nietzscheaanse repetisies (iets wat die lineariteit belemmer) maak ondubbelsinnige uitdrukking onmoontlik en betekenisvorming beweeg in laterale interpretasiedanse na die volgende repetisie toe, en weer na die volgende, ensovoorts.

Die teks word uitgebrei deurdat die sywaartse beweging in die alogiese elemente van die sisteem inbeweeg. Die ondermyning van vanselfsprekende waarhede speel 'n rol in hierdie dekonstruktiewe betekenisvorming en die leser moet dus in staat wees om vanuit sy kennis van die "tekens" (ook van die buitelinguistiese) die dekonstruksie in die teks raak te lees. Hierdie betekenisvorming sal dus vernuwend op die leser inwerk en die betekenisvorming vind relativisties en subjektivisties plaas omdat die allegoriese logika nie ruimte laat vir 'n inperkende meesterkode nie.

3.1 INLEIDING

Miller se intellektuele belangstelling het vanaf fenomenologie na dekonstruksie verskuif. Volgens Salusinszky (1987:209) was die vroeë invloed op Miller nie Hegeliaanse fenomenologie soos met Hartman die geval was nie, maar wel die "bewussynskritiek" van Georges Poulet, 'n kollega aan die Johns Hopkins-universiteit. In sy eerste drie boeke kombineer hy Poulet se metodologie met sy eie teologiese preokkupasie. Die fokus in die drie boeke is dan ook op die skrywer se bewussyn as immanent in die tekste.

3.2 VROEË BENADERING: BETEKENISVORMING DEUR INTERSUBJEKTIVITEIT

Volgens sy vroeë benadering (Miller, 1979a:xvii) vind literêre betekenisvorming hoofsaaklik in die bewussyn plaas, en die taak van die kritikus is dan om homself met die subjektiwiteit wat in die woorde uitgedruk is, te identifiseer, "to relive that life from the inside, and to constitute it anew in his criticism". Betekenisvorming vind hier dus deur 'n proses van "intersubjektiwiteit" plaas. Omdat bewussyn altyd bewussyn van iets is, is 'n literêre werk 'n daad waardeur die denke besit neem van ruimte, tyd, natuur, ander denke, en dit druk ook die verhouding van die self tot God uit (Miller, 1979a:xviii). In sy boek oor Dickens wys Miller (1965:ix) daarop dat

²¹ J. Hillis Miller is in 1928 in Virginia gebore, en het 'n graad in die natuurwetenskap (Salusinszky, 1987:210). Tot 1968 was hy professor in Engels en Vergelykende Literatuurstudie aan Yale, en president van die "modern Language Association of America". Tans is hy professor aan die Universiteit van Californië te Irvine. Behalwe 'n groot aantal artikels, skryf hy die volgende boeke:

- 1963. The disappearance of God: five nineteenth-century writers. Cambridge, Mass. : Harvard University Press.
- 1965. Charles Dickens: the world of his novels. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.
- 1965. Poets of reality: six twentieth century writers. Cambridge, Mass. : Harvard University Press.
- 1968. The form of Victorian fiction. Notre Dame : University of Notre Dame Press.
- 1970. Thomas Hardy: distance and desire. Cambridge, Mass. : Harvard University Press.
- 1982. Fiction and repetition: seven English novels. Cambridge, Mass. : Harvard University Press.
- 1985. The linguistic moment: from Wordsworth to Stevens. Princeton : Princeton University Press.
- 1987. The ethics of reading. New York : Columbia University Press.
- 1991. Theory now and then. Durham : Duke University Press.

die skrywer se skeppende visie die tydsgees aandui, en dat die kritikus die "eenheid van die skeppende bewussyn" uit die skeppings kan verkry. In Poets of reality is realiteit 'n teenwoordigheid aan die bewussyn, "present to the mind which possesses it through the senses, and present in the words of the poems which ratify this possession" (Miller, 1966:11). In The form of Victorian fiction (Miller:1970b:1-2) blyk dit duidelik dat die woord nie vooropgestel word nie, maar die bewussyn, as hy beweer

The fact that a novel is made of words means that it is also a form of consciousness. The reading or criticism of Victorian fiction is therefore, like any other reading or criticism, to be defined as consciousness of the consciousness of another.

Sy ingesteldheid op die bewussyn, die letterlike, mimetiese generering van betekenis, ruimte, die monologiese, 'n progressiewe teorie vir literêre geskiedenis, het in die laat sestiger- en die sewentigerjare verander in 'n ingesteldheid op taal, die figuurlike, op 'n intraliterêre generering van betekenis; hy het ruimte vervang deur tyd, die monologiese deur die dialogiese, en hy word 'n aanhanger van 'n permuterende ("permutative") teorie van geskiedenis (Miller, 1979a:xii).

3.3 MILLER SE VERANDERDE BENADERING: DIE ROL VAN TAAL IN BETEKENISVORMING

Miller hang later 'n dekonstruktiewe benadering aan wat die ontstaan van literêre betekenisvorming buite taal ontken. Hy ontken ook die bestaan van 'n "self" buite taal wat die taal gebruik om homself "uit te druk". Taal druk nie meer die self uit nie, maar skeep dit. Die self is dus 'n komponent van die linguistiese veld. In sy boek oor Thomas Hardy het sy instelling alreeds verskuif van 'n soeke na die bewussyn agter woorde na die woorde, die taal self. Hy besef dat die kritikus nie meer buite staan nie, maar binne die taal self, "the means of his entry is language" (Miller, 1970b:viii). Ook meen Miller (1970b:38) dat Hardy self besef dat sy roman slegs 'n "verbale realiteit" het.

In sy 1971-essay oor Poulet²² dui Miller (1971) self aan hoe sy denke verander het. Hy wys daarop hoe die verskillende vorme van teenwoordigheid, soos deur Poulet en ook deur sy eie vroeë benadering aangehang, deur die tradisie van moderne denke verwerp word. Miller (1971:213-215) noem Freud, Benveniste, Nietzsche, Saussure, Foucault, De Man, Derrida as voorbeelde. In die laaste gedeelte van die essay probeer hy Poulet met Derrida versoen, maar slaag eintlik net daarin om te bewys dat Poulet se benadering wel gedekonstrueer kan word. Hy breek dus met Poulet en wend hom na Derrida. Vanaf 'n tradisie waarin betekenisvorming deur "teenwoordigheid" of "bewussyn" plaasvind, keer hy na 'n tradisie waarin betekenisvorming deur "verskil" plaasvind.

Miller se veranderde benadering word duidelik weerspieël deurdat die patroon wat hy in The disappearance of God en Poets of reality gebruik het, op 'n veranderde manier in sy twee boeke Fiction and repetition (1982) en The linguistic moment (1985) (Salusinszky, 1987:211) herhaal word. Hy "hernu" inderwaarheid sy eie kanon deur in die eerste twee ooreenstemmende boeke van 'n groep Victoriaanse romanskrywers gebruik te maak, en in die tweede groep van Romantiese en post-Romantiese digters, met die verskil dat die vroeë benadering gebaseer is op "teenwoordigheid" en "bewussyn", en die latere benadering op "spoor" en "onbeslisbaarheid".

Miller (1982:20) demonstreer self sy nuwe uitgangspunt met sy kenmerkende sistematiserende denke met die volgende voorbeeld. As die bewering gemaak word dat die roman 'n "representasie van menslike realiteit in woorde" is, kan die definisie drie verskillende diskoerse oor fiksie insluit. As "menslike realiteit" beklemtoon word, word nie in ag geneem dat fiksie slegs fiksie is nie, en word die karakters as werklike mense gesien met werklike etiese waardes. Word "representasie" beklemtoon, word op die vertelkonvensies gefokus, met die klem op die bewussyn van skrywer en leser. Dit was dan ook Miller se vorige ingesteldheid. Hy fokus nou op die derde moontlikheid, dat die roman 'n representasie van menslike realiteit "in woorde" is. Hier word op "retoriese" in plaas van "referensiële" betekenis gefokus.

²² Hierdie artikel is 'n effens hersiene kombinerings van twee essays oor Poulet, "The literary criticism of Georges Poulet", MLN, 78(1963):471-488; en "Geneva or Paris: The recent work of Georges Poulet", University of Toronto Quarterly, 39(1969-70):212-228.

Taal is vir Miller iets "immanents". Taal word gedefinieer as iets binne my as ek 'n gedig lees. Die persoon wat die gedig lees, word die lokus waar die gedig gelees en geïnterpreteer word. Aan taal word dus nie gedink as "iets daarbuite" nie, buite my, op 'n ander plek nie. Dit het ook nie 'n beginpunt nie, maar is "alreeds daar":

...language, from any conceivable human point of view, is something that is always already there; and that the lure of getting before it is an impossible lure. All you do is getting further and further back towards a place where language is already there. That doesn't make it transcendent; it means that we are, for better or for worse, within language from the beginning, and can't get outside it (Salusinszky, 1987:232).

Hierdie instelling op die gesitueerdheid in taal het daartoe gelei dat dekonstruksie gekritiseer is as bloot 'n meer gesofistikeerde weergawe van die ou "New Criticism", en dat dit veral gekritiseer word omdat dit ahistories en apolities is. Dit hou die implikasie in dat as die leser binne taal staan, hy buite die politieke en sosiale moet wees. Hierdie kritiek teen Miller is 'n denkwysse waarvolgens in terme van polariteite gedink word: die ekstrinsieke teenoor die intrinsieke.

Miller (1991:387) beskou die onderskeid tussen die intrinsieke en die ekstrinsieke - soos die meeste binêre opposisies - as vals en misleidend. Vir hom is hierdie ekstrinsieke verhoudings alreeds intrinsiek aan die teks. Hy akkommodeer dus selfs historiese, politieke en sosiale benaderings binne taal. Miller (1987:6) wys daarop dat sosiale, politieke of historiese omstandighede dikwels as "oorsaak" of "bepalende konteks" van die werk aangegee word; die werk word as 'n "spieël" van sy agtergrond beskou; die werk word gepenetreer deur die sosiale beskouings van die outeur, of deur die ideologie van die historiese tydperk. Miller beskou hierdie verhoudings egter as die een of ander **retoriese vorm**. Spieëling, refleksie of mimesis is 'n soort metafoor - 'n eendersheid word veronderstel tussen die refleksie en dit wat gereflekteer word; die nosie van konteks huiwer tussen metonimie en sinekdogee; penetrasie is 'n voorbeeld van "anastomose" (die invoeging van 'n woord binne 'n ander woord bv. "underdarkneath"); en ideologie is 'n vorm van "anamorfose" (die transformasie van een vorm in 'n ander wat 'n distorsie is van die oorspronklike vorm wanneer dit van 'n sekere hoek af bekyk word).

Die dekonstruktiviste beskou hulle teorie nie as 'n intrinsieke teorie wat geïsoleerd staan van die buitelinguistiese nie, want vir hulle is die buitelinguistiese alreeds

binne taal. Daarom lê Miller (1991:386) soveel klem op "lees" "in the sense of a rhetorical analysis of the most vigilant and patient sort". Deur 'n retoriese "close reading" kan die rol van die buitelinguistiese raakgelees word.

In any case, without the rhetorical study of literature, its laws, what it is, and what it can do, particularly on the role of figurative language in interfering with the straightforward working of grammar and logic, as the parasitical virus interferes with the working of the host cell, we can have no hope of understanding just what the role of literature might be in society, in history, and in individual human life (Miller, 1991:386).

Ek dink die aanklag teen dekonstruksie dat hulle apolities en ahistories is, sal slegs gestaak word as die dekonstruktiviste 'n eksplisiete teorie aanbied oor die manier waarop die "buitelinguistiese" deur die dekonstruksieteorie geakkommodeer word. Miller besef dit, en daarom haal hy De Man aan wat aanbeveel dat die taak van die literêre kritiek in die toekoms moet wees om 'n bemiddeling tussen die retoriese studie van letterkunde - dekonstruksie - en die huidige gewilde studie van die ekstrasieke verhoudings van letterkunde te bewerkstellig.

Al hierdie modelle (van mimesis, konteks en ideologie soos hierbo genoem) behoort vir Miller (1987:7) tot die problematiek van binne- en buitepolariteite wat onderhewig is aan 'n verskeidenheid van kruisings, verplasings, vervangings as binnekant buite word, buite binne of as eienskappe oor die verdeling vloei. Binne hierdie retoriese werking vind die dekonstruksie van die teks plaas.

3.4 DIE LOGIKA VAN DEKONSTRUKSIE: LATERALE BETEKENISVORMING

Deconstruction is not a dismantling of the structure of the text but a demonstration that it has already dismantled itself (Miller, 1977a:341).

Hierdie benadering dat die teks homself dekonstrueer word ook deur De Man aangehang. Die heterogeniteit van die teks maak hom kwesbaar vir dekonstruksie, maar dit beteken nie dat dekonstruksie slegs aan die teks se heterogeniteit toegeskryf kan word nie. Dekonstruksie vind plaas omdat die betekenis waartussen besluit moet word, asimmetries is, omdat daar niks is wat gedoen kan

word om hulle by mekaar uit te bring nie. Hulle is nie oop vir organiese eenwording of dialektiese sintese nie.

In 'n onderhoud met Salusinszky (1987:228) wys Miller daarop dat die verskil tussen die dekonstruktivis en die New Critic se benaderings juis hierin lê dat die term "heterogeniteit" vir beide verskillende betekenisse inhou. Hy verduidelik dat alhoewel die struktuur van spanningsvolle ironie vir die New Critic wel teenstellende betekenisse ingehou het, dit altyd binne 'n enkele struktuur van onversoenbaarhede plaasvind, waar alles op 'n dialektiese manier aan mekaar verwant is. Verskillende diversiteite en ironieë kan dus wel op 'n manier by mekaar uitgebring word. Vir die dekonstruktivis is die teenstellende betekenisvormings in die teks onversoenbaar. Miller (1975:30) maak hierdie kwessie ook elders duidelik as hy sê dat die heterogeniteit van 'n teks vir die dekonstruktivis in die feit lê dat dit tegelykertyd twee heeltemal onversoenbare dinge sê. Of dit sê iets wat op twee onversoenbare maniere geïnterpreteer kan word, en is gevolglik "onbeslisbaar". Die een manier is "referensieel" (dan is daar 'n oorsprong), terwyl die ander manier die dekonstruksie van hierdie referensialiteit is (dan is daar geen oorsprong, maar slegs die vry spel van linguistiese vervanging). Die referensiële moet dus ook teenwoordig wees, anders sal die daad van dekonstruksie nie uitgevoer kan word nie. Maar die dekonstruksie moet daar wees om die referensialiteit van die taal te ontken. Ons kom hier dus by die dekonstruktivistiese doodloopstraat uit, die "aporia, impasse, 'malconfort', in which one can neither sit nor stand" (Miller, 1975:30). Hierdie logika van dekonstruksie speel 'n groot rol in literêre betekenisvorming soos deur Miller gesien, en word verder verduidelik deur die beeld van die "gasheer en parasiet", en deur die rol van "repetisie" en "verskil".

3.4.1 Parasiet en gasheer

Daar is geen parasiet sonder 'n gasheer nie - dit het geen betekenis sonder sy teenpool nie. Dit staan nie slegs gelyktydig aan beide kante van die grenslyn nie, dit is ook die grenslyn self, "the screen that is a permeable membrane²³ connecting inside and outside" (Miller, 1979b:219). Volgens Miller (1979b:224-225) vorm beide die enkellynige ("univocal") en die dekonstruktiewe lees hierdie

²³ Ook Derrida (1981:221) maak gebruik van die membraan ("hymen") in sy "terminologie" van dubbele en onbeslisbare waardes omdat dit terselfdertyd 'n opheffing en samevoeging van teenoorgesteldes kan wees.

membraan.

On the one hand, the "obvious or univocal reading" always contains the "deconstructive reading" as a parasite encrypted within itself as part of itself. On the other hand, the "deconstructive" reading can by no means free itself from the metaphysical reading it means to contest. The poem in itself, then, is neither the host nor the parasite but the food they both need, host in another sense, the third element in this particular triangle. Both readings are at the same table together, bound by a strange relation of reciprocal obligation, of gift or food-giving and gift or food-receiving (Miller, 1979b:225).

Die enkellynige en dekonstruktiewe lees en die teks staan in 'n driehoeksverhouding tot mekaar. Miller (1979b:224) beskryf hierdie driehoeksverhouding ook as 'n vreemde soort kettingverhouding. Dit het geen begin of einde nie, en geen bepalende element soos 'n oorsprong, 'n doel of 'n onderliggende beginsel kan geïdentifiseer word nie. In so 'n ketting is daar altyd iets vorentoe of agtertoe waarna 'n skakel kan verwys wat die reeks dan oop hou. Die verhouding tussen enige twee aangrensende elemente in hierdie ketting kan terselfdertyd vriendelik of vyandig wees. Dit kan nie met die gewone logika van binêre opposisie benader word nie, en is nie oop vir dialektiese sintese nie.

In hierdie benadering tot die teks, waar die dekonstruktiewe lees as parasiet sowel as gasheer kan optree, beskryf Miller (1979b:230) "dekonstruksie" soos volg:

"Deconstruction" is neither nihilism nor metaphysics but simply interpretation as such, the untangling of the inherence of metaphysics in nihilism and of nihilism in metaphysics by way of the close reading of texts. This procedure, however, can in no way escape, in its own discourse, from the language of the passage it cites. This language is the expression of the inherence of nihilism in metaphysics and of metaphysics in nihilism.

Miller (1980:613) beskou "nihilisme" as 'n vals naam wat aan dekonstruksie gegee is. Nihilisme is vir hom 'n deel van metafisika, en nie sy teenoorgestelde nie. Dit is die "latent ghost encrypted within any expression of a logocentric system" (Miller, 1979b:228). Dit is die metafisika se parasiet wat hy in sigself bevat, as die "ongeneesbare" wat nie deur die metafisika genees kan word nie. Nihilisme is die

parasiet wat altyd teenwoordig is binne die Westerse metafisika waar die hoogste waardes hulleself altyd devalueer. Soos in die aanhaling hierbo gesien is, is dekonstruksie nie nihilisme self nie, maar interpretasie wat die gasheer-parasiet-verhouding tussen die twee ondersoek.

Hierdie soort logika word ook deur Miller verduidelik in sy benadering tot die begrippe "repetisie" en "verskil".

3.4.2 Repetisie en verskil ("difference")

Soos reeds gesien is taal, die retoriese, die "linguistiese moment" vir Miller 'n belangrike element in literatuur en in literêre kritiek. In hierdie linguistiese moment lê (Miller, 1977b:450) die eksplisiete verwerping van oorsprong wat uit 'n eenheidsbeginsel voortkom, opgesluit.

Single sources are replaced by some self-generating diacritical structure of repetition with a difference. This mode of repetition exists in three planes or dimensions. Nature or "reality" itself is seen, as by Ruskin, according to the principle of the identity of indiscernibles. Each leaf, wave, stone, flower or bird is different from all others. Their similarity to one another arises against the ground of this basic dissimilarity. In a similar way, language is related to what it names across the gap of its incorrigible difference from its referent. Within language itself, the relation of sign to sign, of a literary work to the precursor work that it brings to a strange new flowering after date, is, once again, a similarity based on discontinuity and difference.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Miller se benadering nie gebaseer is op eenheid en kontinuïteit nie, maar dat die kragte van verskil - wat veral in repetisies duidelik na vore kom - juis die tradisionele konsepte van oorsprong en eenheid ondermyn.

Miller (1982:6) verduidelik die verskil tussen twee vorme van repetisie. Dit wat Deleuze "**Platoniese repetisie**" noem, is gebaseer op 'n soliede, argetipiese model wat onaangeraak is deur die effekte van repetisie, want al die herhalings is blote kopieë van hierdie model. So is mimesis 'n kopie van die *realiteit*. Hierdie Platoniese repetisie word deur baie as die normale beskou.

Die tweede vorm van repetisie noem Deleuze die "**Nietzscheaanse repetisie**", en dit is gebaseer op verskil. Hiervolgens is elke ding uniek, verskillend van elke ander ding. Dit is dus nie 'n wêreld van kopieë nie, maar van wat Deleuze "simulacra" of "phantasms" noem. Dit is verdubbelings wat nie gebaseer is op 'n argetipiese model of paradigma nie, maar dit kom voort uit differensiële interrelasies tussen elemente wat almal op dieselfde vlak is.

Miller (1982:7-8) verduidelik die twee soorte repetisies met Benjamin se onderskeiding tussen die rasonale, gewilde, intensionele geheue van die "daglig" en daardie soort onwillekeurige geheue wat Benjamin "vergeet" noem. Die dagliggeheue werk logies, die een ding herhaal die ander, en is gebaseer op 'n konsep waarvolgens hul eendersheid verstaan kan word. Dit stem ooreen met Deleuze se Platoniese vorm van repetisie. Die tweede, onwillekeurige vorm se eendershede is "ondeursigtig eenders" ("undurchschaubar ähnlich"). Hierdie eendershede word met drome geassosieer waarin iets herhaal word wat heel verskillend van iets anders is, maar tog op 'n vreemde manier eenders. ("It was a sock, but it was my mother too.") Hierdie herhaling is nie op 'n konsep gebaseer nie. Dit stem ooreen met Deleuze se tweede vorm van repetisie.

'n Interessante faset van hierdie vorme van repetisie is dat die tweede vorm van repetisie afhanklik is van die eerste vorm. Die twee vorme roep mekaar op, asof hulle onder dwang is ten opsigte van mekaar. Die tweede is nie die ontkenning of die teenoorgestelde van die eerste nie, maar sy "teenpool", in 'n vreemde verhouding waarvolgens die tweede die omkeerbare, altyd alreeds teenwoordige skim van die eerste is (Miller, 1982:8). Waar die daglig-ooreenstemming van 'n beginsel van identiteit afhang wat reeds vooraf bestaan, is die droomooreenstemmings ongebaseerd, of gebaseer op die verskil tussen die twee. In die opening van daardie verskil word 'n derde ding geskep, wat deur Benjamin die **beeld** genoem word. Die beeld is die betekenis wat gegenereer word deur die weerskaatsing van twee ongelyksoortige dinge in die tweede vorm van repetisie. Die beeld lê nie in die eerste of in die tweede vorm en ook nie in 'n voorafbestaande beginsel nie, maar tussen-in, in die leë ruimte wat deur die ondeursigtige eendersheid gevorm word.

Om hierdie benadering te verduidelik, bied Benjamin die embleem van 'n sokkie wat in homself opgerol kan word, aan. Die sokkie kan 'n leë sak wees, maar kan terselfdertyd 'n geskenk binne die sak wees (as dit in homself opgerol is), en dan

weer 'n sokkie. Die teenpole binne/buite, vol/leeg, wakker/droom, houer/inhoud word hiermee opgehef: dis nie meer teenoorgestelde pole nie, maar verskille wat verskille kan bly terwyl hulle in mekaar oorgaan. Die eendersheid tussen die sak en die geskenk kan hier nie teruggevoer word na 'n basiese identiteitsbeginsel nie, omdat die basis, die sokkie, self die moontlikheid is van twee teenoorgestelde dinge, beide die houer en die inhoud, die leë sak en die geskenk.²⁴ "Each state of the object is both the literal ground of the other and the figure of it" (Miller, 1982:11). Die verhouding tussen die twee vorme van repetisie daag die elementêre beginsel van logika uit, naamlik die wet van nie-kontradiksie wat sê: "óf A óf nie-A".

Miller (1982) bespreek sewe romans waarbinne die twee soorte repetisie op een of ander manier verstrengel is. Elke vorm van repetisie roep die ander hier noodwendig op as sy skaduwee. Die herhalende reekse word aangebied as tegelykertyd begrond en onbeground. Die heterogeniteit van hierdie tekste lê in die feit dat beide vorme van repetisie teenwoordig is, alhoewel hulle onversoenbaar is. Dit is 'n voorbeeld van die logika van dekonstruksie.

3.4.3 Die "onleesbaarheid" van die teks: onsamehangende web van die doolhof

Vir Miller (1980:610) lê die "waarde" van dekonstruktiewe "betekenisvorming" daarin dat dit insig gebring het in die noodsaaklike blindheid van die werk uit sy eie onsamehangendheid of heterogeniteit en ook insig in die konsekwente onvermoë van die kritikus om die werk op enige bepalende of monologiese manier te "lees". Hiervoor stel Miller (1980:610) die term "onleesbaarheid" ("unreadability") voor. Hy verkies dit bo die term "mislees", omdat "mislees" 'n herstelbare fout suggereer. Dit impliseer met ander woorde die moontlikheid van 'n korrekte lesing, terwyl 'n "onleesbare" werk nie deur 'n bepaalde lesing omvat kan word nie. Die besondere manier waarop 'n besondere werk onleesbaar is, kan egter wel gespesifiseer word. Miller stel dit soos volg:

²⁴ Die logika van dekonstruksie soos dit hier aangebied word, sluit aan by die logika van die postmodernisme. Dit word in my MA-verhandeling (Miller, 1990, ongepubliseerd) en in Muller (1991) as 'n "topologiese veranderlikheid" verduidelik as die ononderskeibaarheid tussen binne en buite met behulp van Klein se vorm en die Moebius-strook gedemonstreer word. Hier word 'n invou van buite na binne gevind wat veroorsaak dat grense nie meer duidelik afgebaken word nie, en binne en buite ononderskeibaar verstrengel raak.

If uncanniness is characteristic of literature, the critic needs all the canniness he can get in order to name the special mode of uncanniness in the work in question (Miller, 1980:610).

Omdat die teks onleesbaar is, is alle interpretasie "misinterpretasie". Die interpretasiepatroon sal dus onderwerp wees aan "vrye spel" omdat dit formeel "onbeslisbaar" is. Daar bestaan dus nie iets soos 'n "objektiewe" interpretasie nie, maar slegs mislesings.

Miller verduidelik die onmoontlikheid van die objektiewe interpretasie deur die teks met 'n "doolhof" te vergelyk. Die kritikus volg die verskillende "drade" van die doolhof. Aanvanklik doen hierdie drade logosentries en monologies aan (Miller, 1976:69). Gebeure volg gebeure op in 'n metonimiese lyn, en die teks organiseer homself in 'n oorsaaklike ketting. Die verwagting is dat die einde 'n retrospektiewe *onthulling* van die geheel sal aanbied. Dit werk egter nie so nie. Van die nege areas (of "drade") van lineêre terminologie wat deur Miller (1976:71-72) opgenoem word (die gedrukte woorde, die narratiewe lyn, karakterbeskrywing, interpersoonlike verhoudings, ekonomiese terminologie, topografie, illustrasies, figuurlike taal, realistiese representasie) kan geen enkele een 'n punt bereik vanwaar dit die geheel kan oorskou, beheer of verstaan nie. Vroeër of later bereik dit 'n kruispad, 'n vurk, waarvan altwee bene doodloop. Hierdie "double blind" is terselfdertyd 'n mislukking om die sentrum van die doolhof te bereik en ook die lees van 'n vals sentrum.

Hierdie kortwiek van die objektiewe interpretasie vind plaas omdat die beeld van die (lineêre) draad nie losgemaak kan word van die probleem van "repetisie" nie. Miller (1976:68) definieer repetisie as enigiets wat met die draad kan gebeur om sy reglynige lineariteit te problematiseer: terugkerings, knope, oorkruisings, rimpelings, oplossings, onderbrekings, fiksionaliserings.

Without the line there is no repetition, but repetition is what disturbs, suspends or destroys the linearity of the line, like a soft wintry aurora playing behind its straightforward logic (Miller, 1976:70).

Hieruit blyk dit dat die lineêre wel nodig is om die dekonstruktiewe betekenisvorming te laat plaasvind, maar dan is daar geen terugkeer nie - die lineariteit is vernietig.

Miller (1976:72) wys daarop dat die betekenisverhouding tussen bogenoemde nege areas nie vanaf teken na ding is nie, maar 'n **verplasing van een teken na 'n ander teken** wat op sy beurt weer betekenis verkry van 'n ander figuurlike teken, in 'n voortdurende "mise en abyme". Miller noem hierdie verplasing **allegorie**. Allegorie neem hier die betekenis aan van die onmoontlikheid van ondubbelsinnige uitdrukking. Die kritikus kry nou te doen met die ineenstorting van onderskeidings, byvoorbeeld tussen figuurlike en letterlike taal, of tussen teks en buitetekstuele realiteit, of tussen die beskouing dat die roman iets na-aap of iets laat gebeur. In die talle onbeslisbare gedeeltes in die teks (wat 'n geskrewe teks is) is daar altyd iets oorgelaat of iets weg, iets te veel of te min. Dit voorkom dat die geskrewe teks "terugvertaal" word na 'n enkele bewussyn, verbeeld of werklik. Op een of ander manier het die monologiese dialogies geword, die enkeldraad 'n moebiusstrook, met twee kante wat eintlik een kant is. As Miller se dekonstruktiewe betekenisvorming dus posgevat het, het die moebiusstrook die monologiese heeltemal "opgeneem" as deel van sy betekenisvorming.

Ook die deel-geheel-, binne-buite-verdeling verval omdat die gedeelte nie sonder die geheel verstaan kan word nie. Die gedeelte is ononderskeibaar van die geheel, die buitekant alreeds binne. Karakter kan byvoorbeeld nie gedefinieer word sonder om oor interpersoonlike verhoudings of tyd, mimesis ensovoorts, te praat nie. Die kritikus kan ook nie "buite" die teks staan en 'n wet daarvoor vind nie. Analitiese terminologie lê reeds binne die teks. Al dink die kritikus hy staan veilig en rasideel buite die teenstellende taal van die teks, is hy alreeds vasgevang in die teks se web. Want enige roman interpreteer homself alreeds. Miller (1975:31) beklemtoon dit telkens dat hy nie wil sê dat dekonstruksie deur 'n kritikus uitgevoer word wat "buite" die teks staan nie, maar "the text performs on itself the act of deconstruction without any help from the critic". Die kritikus se rol is dus slegs om die dekonstruksiedaad te identifiseer wat alreeds deur die teks self uitgevoer is. Dit gebruik binne homself dieselfde soort taal, ervaar dieselfde doodloopstrate wat deur die kritikus ervaar word. Hierdie soort uitlating het gelei tot 'n kritiek teen die nie-politieke denke van dekonstruksie, waarvoor verduideliking kommentaar gelewer word.

Volgens Miller (1976:74) moet die kritikus se uitgangspunt dus wees om die een of ander spoor te volg totdat hy een van die "double blinds" in die teks bereik. Hy poog dus nie meer om 'n veronderstelde "eenheid" te vind nie. Wat hy wel doen is om te ontdek hoe die teks homself dekonstrueer in die web van storie-vertel. Miller (1982:51) lees nie "betekenis" in die teks wat "single, unified and logically coherent"

is nie, maar volgens hom moet die kritikus die heterogeniteit in die teks raaklees, 'n heterogeniteit waardeur die teks homself dekonstrueer, want dit word aangebied as 'n definitiewe groep moontlike betekenis wat onderling verbind is, maar logies onversoenbaar is (Miller, 1982:51). Om by hierdie dekonstruerende betekenisvorming uit te kom, stel Miller (1982:127) 'n bepaalde manier van lees voor, naamlik 'n sywaartse verskuiwing wat hy 'n "laterale dans" noem.

3.4.4 Die laterale dans

Omdat geen "ware" betekenis van die teks uit die navolging van 'n enkele draad verkry kan word nie, is daar slegs vitale patrone van tekstuele verbindings wanneer 'n sywaartse beweging van die interpretasiedaad plaasvind.


The reader must execute a lateral dance of interpretation to explicate any given passage, without ever reaching, in this sideways movement, a passage which is chief, original, or originating, a sovereign principle of explanation. The meaning, rather, is suspended within the interaction among the elements. It is immanent rather than transcendent (Miller, 1982:127).

Nie een van die "drade" in die web van die teks word dus bevoorreg nie, maar daar vind 'n dekonstruktiewe dans tussen hulle plaas wat gebaseer is op "repetisie", maar repetisie met 'n "verskil".

In each new appearance the components are rearranged. The new example does not match the first, though it clearly repeats it... and the difference is as important as the repetition (Miller, 1982:128).

Volgens Miller (1979b:225) is hierdie laterale dekonstruktiewe lees gebonde aan 'n metafisiese lees en andersom. Nie een van die twee kan alleen staan nie. Hulle is beide gasheer en parasiet van en op mekaar. Die kritikus gaan dus soos volg te werk om by die dekonstruksie van die teks self uit te kom: eerstens vors hy die konsepte en motiewe en hul herhalings in die teks na. Deur die repetisie word die kragte wat inherent aan alle repetisie is, vrygelaat. Hierdie kragte sit die werking van "difference" aan die gang waardeur die teks gedesentreer en gedestabiliseer word. In hierdie proses sal die kritikus by die element in die sisteem uitkom wat alogies is, "the thread in the text in question which will unravel it all, or the loose stone which will pull down the whole building" (Miller, 1977a:341).

Miller se dekonstruktiewe benadering kan skematies soos volg voorgestel word:



In bostaande model word getoon dat die onleesbaarheid van die teks die gevolg is van die gasheer-parasiet-verhouding tussen die enkellynige en die dekonstruktiewe lees, asook tussen die platoniese en Nietzscheaanse repetisies. Hierdie verhouding veroorsaak dat die lineariteit in die teks versteur word sodat slegs oorgegaan kan word in die sywaartse beweging van 'n laterale dans.

3.5 KRITIESE OORSIG

Miller en De Man se benaderings tot betekenisvorming stem in baie opsigte ooreen. Albei is deur Nietzsche se beskouing van retoriek beïnvloed en albei het vanaf 'n fenomenologiese na 'n dekonstruktiewe betekenisvorming beweeg. Hul dekonstruktiewe denke is nie, soos by Derrida, gebaseer op "onbeslisbaarhede" soos "disseminasie", "spoor" ensovoorts nie, maar dit berus op retoriese kragte

immanent in taal.

Literêre betekenisvorming vind vir Miller (net soos vir De Man) nie binne die referensiële funksie van taal plaas nie, maar dit lê binne die retoriese kragte van taal (net soos vir De Man). As gevolg van die retoriese kragte immanent in taal, is die literêre teks inderwaarheid "onleesbaar" (wat ook De Man se opinie is) en kan slegs talle mislesings van die betekenis van die teks verkry word, en nooit een objektiewe, bepaalbare betekenis nie.

Die teks is "onleesbaar" omdat betekenisvorming in die gasheer-parasiet-verhouding tussen die enkellynige lees en die dekonstruktiewe lees binne die teks self lê. Die enkellynige lees bevat die dekonstruktiewe lees soos 'n parasiet in homself, en op sy beurt kan die dekonstruktiewe lees nie bestaan sonder 'n enkellynige lees nie. (Soortgelyke pole wat deur De Man aangebied word, is die "retoriese" en die "grammatiese". Dis juis omdat die retoriese die grammatiese of logiese verplaas, dat betekenisvorming deur blindheid plaasvind.) Omdat die teks referensieel is in sy enkellynige lees, maar daardie referensialiteit terselfdertyd gedekonstrueer is in sy dekonstruktiewe lees, is die betekenis waartussen besluit moet word, asimmetries, en kan daar nie organiese eenwording of dialektiese sintese plaasvind nie. Twee heeltemal onversoenbare dinge word tegelykertyd gesê, hulle kan nie by mekaar uitgebring word nie, en is gevolglik "onbeslisbaar". Die enkellynige lees moet teenwoordig wees sodat die dekonstruktiewe lees uitgevoer kan word, maar terselfdertyd moet die dekonstruktiewe lees gedoen word sodat die referensialiteit van die taal ontken kan word. Hulle is dus beide gasheer en parasiet van mekaar. Hierdie gasheer-parasiet-verhouding veroorsaak dat literêre betekenisvorming slegs binne mislesings gemaak kan word. Miller bied hierdie mislesings as "laterale danse" aan.

Die laterale dans ontstaan ook as gevolg van die gasheer-parasiet-verhouding wat tussen die twee soorte repetisies binne die teks bestaan. Die kritikus volg die verskillende "drade" van die teks se "doolhof", maar sy lineêre pad word versteur as repetisie in die vorm van knope of kruisings of terugkerings gevind word. Die illusie van 'n logies-samehangende teks word nou verbreek en die kritikus kom by 'n dekonstruktivistiese doodloopstraat uit as gevolg van die gasheer-parasiet-verhouding tussen die twee soorte repetisies wanneer twee ongelyksoortige dinge weërkaats word. 'n Enkele betekenis kan nie gevorm word nie omdat die basis self die moontlikheid is van twee teenoorgestelde dinge - die enkeldraad het 'n

moebiusstrook geword. Die kritikus beweeg nou sywaarts in 'n "laterale interpretasiedans" en kom by verdere tekstuele verbindings en repetisies uit. Weer word die laterale dans uitgevoer en so beweeg hy deur die alogiese elemente in die sisteem. Betekenisvorming vind "allegories" plaas, met ander woorde, binne die dubbelsinnige uitdrukking, of anders genoem, dekonstruktief.

Alhoewel Miller 'n gasheer-parasiet-verhouding tussen die enkellynige en dekonstruktiewe lees en tussen die platoniese en Nietzscheaanse repetisies aanbied, word die gasheer blykbaar op die ou end heeltemal "verteer" deur die parasiet. Ons het telkemale gesien hoe die monologiese deur die moebiusstrook "opgeneem" is, hoe die lineariteit van die monologiese deur die dekonstruktiewe vernietig is, hoe ondubbelsinnige uitdrukking onmoontlik is in die allegorie en hoe daar op die ou end slegs sywaartse danse in die doolhof oorbly. Hieruit kan afgelei word dat betekenisvorming vir Miller óf onbeslisbaar is, óf oneindig relativisties kan wees. Tog sê Miller in 'n onderhoud met Salusinszky (1987:227) "complicated and heterogeneous though the field of a given text is, it nevertheless is finite". Miller beweer dat sy lees beheer word deur die teks, maar terselfdertyd is dit nie maklik beperkbaar nie. Vir alle praktiese doeleindes, sê hy, kan jy die hoofkomponente van die moontlike betekenis waarbinne enige lees van die teks sal val, identifiseer. Hy beklemtoon 'n soort virtuele oneindigheid in die betekeniservaring - jy kan altyd in die terugkeer na 'n teks, iets anders daarin vind.

I say "virtual" because it's not infinite: Great expectations has only so many words, only so many themes; it places itself in a certain way within the repertoire of possible themes in Western literature, but not all of them. It's finite, in that sense. On the other hand, it's big enough so that even the same person can go on finding new things in it (Salusinszky, 1987:227).

Hierdie insig van Miller oor die heterogeniteit in 'n teks, is 'n insig wat almal het, maar verskillende teorieë benader dit net vanuit verskillende hoeke, byvoorbeeld Kristeva met haar zero-1- en zero-2-logikas, Barthes met sy tweede-orde semiotiese sisteem, ensovoorts. Dit is egter nie oor die heterogeniteit van die teks waaroor hier uitspraak gegee moet word nie, maar of Miller se betekenisvorming wat hy in sy dekonstruksieteorie aanbied, nie dalk oneindig relativisties plaasvind nie.

Omdat die enkellynige lees deur die allegoriese logika opgehef is, sal

betekenisvorming wel relativisties en subjektivisties plaasvind. Dit kan nie anders nie, want daar is geen "sentrum" meer wat betekenis kan rig of beperk nie. Verskillende lesers sal die laterale dans op verskillende maniere uitvoer, en elkeen kan dit so ver voer as wat sy kompetensie hom toelaat.

In Chris Pelser se kortverhaalbundel, Soveel nagte plotseling, is die betekenis waartussen besluit moet word, asimmetries - hulle kan nie by mekaar uitgebring word nie. Met behulp van Miller se laterale betekenis teorie word dit duidelik dat hier sywaartse betekenisvorming plaasvind as repetisies met verskille aangebied word.

3.6 SOVEEL NAGTE PLOTSELING - CHRIS PELSER (1991)²⁵

'n Enkellynige lees van hierdie teks word van binne die lees self gedekonstrueer: hier bestaan 'n gasheer-parasiet-verhouding tussen die Platoniese en Nietzscheaanse repetisies in die teks wat terselfdertyd ook die gasheer-parasiet-verhouding tussen 'n enkellynige en 'n dekonstruktiewe lees is. Dit beteken dat ons hier binne 'n allegoriese logika staan (waar slegs die dubbelsinnige uitdrukking moontlik is) wat enkellynigheid ophef. Reglynigheid en repetisie kom hier dus gelyktydig voor: sonder reglynigheid is daar nie repetisie nie, maar repetisie versteur die reglynigheid. Afbakende onderskeidings sal dus hier wegval. Daarom die kortverhaalbundel sonder afbakende kortverhale.

3.6.1 Gasheer-parasiet-verhouding: repetisies met verskille

Chris Pelser bied aan ons 'n alreeds gedekonstrueerde kortverhaalbundel. Dit is 'n Nietzscheaanse repetisie van "'n **kortverhaalbundel**": 'n repetisie met 'n verskil, 'n repetisie wat gebaseer is op die verskil tussen hierdie kortverhaalbundel en 'n "normale" kortverhaalbundel. Die verskil lê daarin dat dit kortverhale is, maar op 'n vreemde manier is hulle tog aan mekaar verbind, maar sonder dat die verhale in 'n novellistiese geheel opgaan: daar is altyd 'n skakel wat na iets vorentoe of agtertoe in die bundel verwys, wat die reeks oop hou en terselfdertyd aan mekaar verbind, byvoorbeeld die prop wat in die een storie met 'n reinigingsproses te doen het, in die ander met die dood vergelyk word, met 'n keuse; die stoele, skoene, vis,

²⁵ Bladsynommers in hierdie teks sal tussen hakies aangedui word.

die gepik-pik in die haan se kruis, figureer in die verskillende verhale.

In hierdie bundel word voortdurend "repetisies" gevind, maar repetisies met verskille. Dit is Nietzscheaanse repetisies wat in 'n gasheer-parasiet-verhouding met die Platoniese repetisie verkeer. Die lineêre draad van die teks word deur die repetisies versteur. Dit veroorsaak 'n voortdurende sywaartse betekenisvorming, 'n **laterale dans** tussen die drade van die teks wat op hierdie repetisie met 'n verskil gebaseer is.

Die **titel** is alreeds 'n repetisie met 'n verskil van woorde in Paul Eluard se gedig "Le front couvert" ("die bedekte voorhoof"):

"Hoeveel nagte plotseling
sonder vertrouwe sonder 'n mooi dag sonder horison
wat 'n afgeknaagde gerf.²⁶

"Hoeveel nagte plotseling" word verander na "soveel nagte plotseling". In die repetisie lê die verskil daarin dat dit nie meer 'n vraag is nie, maar 'n antwoord: soveel uitsiglose nagte word beleef deur drie mense wat vasgevang is in 'n driehoeksverhouding waarin die verteller (C) tussen sy vrou (H) en sy minnares (M) staan. Die liefdesgeskiedenis is soos 'n draad deur die kortverhale geweef, maar 'n draad waarvan die reglynige lineariteit voortdurend onderbreek word deur Nietzscheaanse repetisies. Hierdie liefdesgeskiedenis en ook die verhale, is deurweek met 'n weemoed soos dié waarvan Willem Elsschot in sy gedig "Het Huwelijk" praat:

Hy dink: ek slaan haar dood en steek die huis aan die brand
Ek moet die skimmel van my stram voete was
en hol deur die vuur en deur die water plas
tot by 'n ander lief in enige ander land.
Maar doodslaan kon hy nie, want tussen droom en daad
staan wette in die weg en praktiese besware,
en ook weemoedigheid, wat niemand kan verklaar
en wat in die aand kom, as 'n mens gaan slaap.²⁷

²⁶ Dit is 'n vertaling van Uys Krige soos aangehaal deur Gilfillan (1992:4).

²⁷ Vertaalde weergawe aangebied deur Britz, 1992:20.

3.6.2 Laterale danse tussen werklikheid en fiksie

Binne die dekonstruktiewe logika van die teks (waarvan enkellynigheid deel vorm), is die ironiese gevolg dat enkellynigheid verval - alhoewel dit teenwoordig is, is dit nie meer teenwoordig nie. By hierdie dekonstruktiewe doodloopstaat, wat Miller ook "malconfort" noem, verval die deel-geheel-, binne-buite-verdelings.

In hierdie teks word die grens tussen werklikheid en fiksie oorskry omdat C, M en H onder andere na persone in die werklikheid buite die teks verwys. Die C verwys waarskynlik na Chris (Pelser), die outeur van die teks, die M na Marié aan wie die bundel opgedra is. Dit lyk baie waarskynlik dat hier na Marié Blomerus verwys word omdat M 'n vers "21 April" geskryf het [78] wat een van Marie Blomerus se gedigte uit haar bundel Ithaca is. In die werklikheid is dit bekend dat die skrywer wel 'n verhouding met die digteres gehad het. Dan is daar nog H (die hardwerkende vrou wat altyd in die tuin werk). Op die fiksie-werklikheidsvlak verwys C dus na die skrywer self, M na sy minnares en H na sy vrou.

Maar deur 'n laterale dans beweeg hierdie betekenis ook uit na 'n meer simboliese betekenis. Die H, wat ook 'n feministiese lektrise is wat 'n teks op die trein na Pietersburg sit en dekonstrueer, kan ook verwys na Joan Hambidge wat as dekonstruktivistiese lektrise in Pietersburg bekend is. Hier het ons dan te doen met Chris (C), die outeur van hierdie bundel, en met 'n digter (M) en 'n akademikus (H). Indien dit as reg aanvaar word, het ons weer eens 'n repetisie met 'n verskil: 'n repetisie van die worstelende liefdesverhouding, maar hierdie keer is dit 'n **worsteling tussen die digter en die akademikus** in Chris Pelsers. Dan het ons hier met 'n allegoriese kortverhaalbundel te doen waar die verskeuring van die man tussen twee vroue 'n uitbeelding is van die verskeuring van die skrywer tussen die akademikus en die digter in hom.

Maar die laterale dans van betekenisvorming kan ook verder uitwyk. Dit hoef nie bloot na die skrywer en akademikus in hom te verwys nie. Sterk in aansluiting hierby is die regterbrein-linkerbrein-dualiteite wat twee fasette van die mens is waartussen nie werklik gekies kan word nie, maar waarvoor sekere mense sekere voorkeure het. Dit kan ook à la Nietzsche genoem word die **Dionisiese en Apolliniese**, die mitologiese uitdrukking van polêre opposisies en hul aantrekkingskrag op mekaar. Apollo is die vorm, logika en Dionisus is lewe, drange, kontradiksies. Beide stoot mekaar af en lok mekaar aan, maar sonder enige

moontlike rekonsillasie of splitsing, want op sy eie is Dionisus 'n draaikolk, terwyl Apollo in isolasie leuens aan homself vertel. Die twee vrouens in C se lewe is hoogs waarskynlik fasette van die Dionisiese en Apolliniese. Daarom sê hy [85] "Hy was sy hele lewe lank op soek na sy anima".

Die verstrengeldheid van die twee kom dan ook in hierdie teks na vore in die vorm van 'n literêre teks wat homself dekonstrueer, soos in die volgende afdeling verduidelik word. Hier word dus tegelykertyd twee onversoembare dinge aangebied, die teks en die dekonstruering van die teks. Hulle is nie meer twee teenoorgestelde pole nie, maar verskille wat verskille bly terwyl hulle in mekaar oorgaan.

3.6.3 Repetisies met verskille

In die eerste twee verhale word die werklikheid-fiksie-, werklikheid-droom-opposisies ondermyn. Ons kry telkens 'n laterale dans in die droom of in die fiksie in. Dit gebeur in die talle laterale danse in die teks.

Die werklikheid (C en M neem saam 'n skuimbad [9]) van die eerste storie, "Die skoene", word 'n repetisie met 'n verskil in die tweede storie. Hier is dit 'n droom [14], terwyl die droom in die eerste storie weer as werklikheid aangebied word in die tweede storie, maar met 'n verskil.

In die eerste storie droom hy oor sy en M se verblyf in Praag. Sy gaan uit om skoene te koop, en hy gooi haar 30 pare skoene na die T-34's wat buite in die straat verbyry, en toe hulle verby is, lê haar gebreekte lyf in die straat.

In die tweede storie vertrek H (in die werklikheid in Suid-Afrika) van hul kommune om skoene te koop (maar dienlike skoene, nie "Guggi's" soos dié van M nie), en C gooi H se skoene na die tenks wat in die straat verbyry. Die opvallende verskil in hierdie repetisie is dat H se gebreekte lyf nie in die straat bly lê nie. Hy hou op met die vertelling as hy lostrek met die eerste skoene. Omdat die "werklikheid" hier aangebied word, en H alles kritiseer wat hy skryf, kan geen "wensdenkery" hier toegelaat word nie, maar die gegewe "skitter" juis in afwesigheid omdat dit 'n repetisie is waarvan die betekenis van die tweede repetisie juis afhanklik is van die eerste - die Nietzscheaanse repetisie is gebaseer op die verskil tussen die twee. Hier is dus 'n gasheer-parasietverhouding tussen die Nietzscheaanse en Platoniese repetisies en daarom staan dít wat uitgelaat is, juis uit. Hierdie "verskil" sê hy wens

dat M se gebreekte liggaam in sy droom H s'n moes wees in die werklikheid. Dit is wat Benjamin die "beeld" noem, wat die betekenis is wat gegenereer word deur die weerkaatsing van twee ongelyksoortige dinge in die tweede vorm van repetisie. Die "beeld" lê nie in een van die twee vorme afsonderlik nie, maar tussen-in, in die leë ruimte wat deur die ondeursigtige eendersheid gevorm word.

Die **skoene** en die **stoele** kry ook 'n ander betekenis in die repetisie. M se skoene simboliseer hul samesyn, hul reise saam [12], terwyl H se skoene aan haar werk in die tuin laat dink. Die regop stoele in Praag roep die "opklim na 'n ander hemel" op, terwyl die riempiesmatstoele in die repetisie erfstukke is uit 'n vorige bedeling. Dieselfde betekenaar roep dus heeltemal onversoenbare dinge op. Die referensiële word hier gedekonstrueer en slegs die vrye spel van linguistiese vervanging bly oor. M en H se wêreld, dié van skrywer en akademikus, is onversoenbaar, maar tog is daar 'n gemene deler, naamlik C.

3.6.4 Die laterale dans

In die volgende gedeelte sal die drade van die teks se "doolhof" gevolg word. Die lineêre pad word telkens versteur as repetisies in die vorm van knope of kruisings of terugkerings gevind word. Dan kan enkellynige betekenis nie gevorm word nie, omdat die basis self die moontlikheid is van twee teenoorgestelde dinge, en die leser beweeg sywaarts in 'n "laterale interpretasiedans" in. Omdat geen "ware" betekenis uit die navolging van 'n enkele draad verkry kan word nie, word hier slegs vitale patronë van tekstuele verbindings gevind wanneer 'n sywaartse beweging van die interpretasiedaad plaasvind.

'n Draad waarby die leser kan begin, is die **prop** as motief. C sit gewoonlik om drie-uur op 'n Dinsdagmiddag op die prop in M se bad [9]. Aanvanklik sê hy "die prop pla my nie" [9], maar in die verdere repetisies praat die "verskille" anders. Later [61] word gesê

Die prop tussen my boude het meer geword as net die fisieke ongerief wat ek telkens moes verduur. Ek het later ook emosioneel in die bad bly sit, die prop 'n konstante irritasie aan my gees...Wou ons/ek dalk te sindelik leef?

Die betekenaar word hier 'n "reinigingsproses", maar die laterale dans word verder gevoer as die afvoerpyp onder die prop met 'n swart tonnel vergelyk word [66] wat

ook met **die dood** vergelyk word [64]. Weer is dit 'n repetisie met 'n verskil: hy probeer die dood keer deur op die prop te sit sodat die leë swart gat van die dood toegehou kan word. Maar nou bly hy op die rand agter en moet sy keuse maak [66].

Geen reglynige betekenis kan hier gevorm word nie, en die dans word ook sywaarts gevoer na die vis se kant toe waar hy in die bad swem en soms "vertoef hy langer as wat nodig is bo die swart prop, byna asof hy weet dat dit die einde van 'n lewenslyn is [70]. Later sit M op die prop, asof sy dit wou keer [79].

Hierdie danse om die prop beweeg dus sywaarts na die doodsgedagte toe - die prop dien as "gasheer" vir die "parasiet" van die dood. Die vis (M) kan nie meer in die bad rondswem nie want sy vrou (H) wil haar nie meer daar hê nie [72]. Hier begin die teks teruggedans na haar repeterende woorde "slaap jy by haar?" [55, 56, 57, 64] wat gerepeteer word in die "pik-pik-pik in die ongelukkige haan se kruis totdat daar 'n wond verskyn en 'n bloedkol al hoe groter, al hoe wyer uitsprei" [54]). Hy besef "daar is net een uitweg" [72] en dit is om die vis se rug te knak. Hy sal moet breek met M (die skrywer in hom moet doodmaak) as hy net saam met H wil leef. Maar om net saam met H te leef, sal ook sy dood veroorsaak want die gepik-pik-pik aan die haan se kruis lei uiteindelik tot die dood. Hierdie insig is 'n "beeld" wat ontstaan uit 'n ander repetisie met 'n verskil: dit wat met sy hennetjie gebeur het na so 'n gepikkery. Daarom moet C op die rand van die bad agterbly om 'n keuse te maak [66]. Betekenis kan nie gevorm word nie en van hier af beweeg die teks weer in 'n laterale dans na die windswael toe wat in die huis ingekom het en nie kan uit nie: "En daar is 'n sekere doelgerigtheid in die manier waarop hy van muur tot muur vlieg en uitkoms soek" [86]. Die windswael is dan weer 'n gasheer vir die repetisie as C van M se dood verneem:

Hy het die gehoorbuis laat val, toe in sirkels in die eng ruimte van sy studeerkamer begin loop. Hy weet nie hoe lank hy so aangehou het nie; die telefoon was lankal dood, toe loop hy nog [87].

Hier dans die teks terug na sy voorwete "Ek wou dit nie só hê nie" - 'n frase wat op sy beurt deur die verskillende repetisies aan verskeie betekenaars gekoppel word: die nuwe Suid-Afrika [55]; die feit dat hy M soos 'n gebreekte riet in Praag agtergelaat het [56]; die chaos in die land [59] en in 'n oneindige stemming van weemoed sien hy net uitsigloosheid "Ek wou dit nie só hê nie" [63], en laastens

beteken hierdie frase dat hy nie 'n keuse wou maak nie [66]. Hy besef dat hulle nie sonder mekaar kan leef nie.

Dit lei na die **laterale (doods?)danse** wat uitgevoer word as C selfmoord pleeg (omdat M dood is) en M het waarskynlik van verdriet gesterf (voetnota 2 p. 73) omdat hy dood is. Hier het ons met twee betekenisse te doen wat onderling verbind is, maar logies onversoenbaar. Dit is twee repetisies van die dood wat afhanklik is van mekaar - die een vind plaas omdat die ander daar is. Dit is logies onmoontlik, maar sonder mekaar sou dit ook nie kon plaasgevind het nie. Dit is 'n gasheer-parasiet-verhouding wat onderling op mekaar teer. Miller (1979b:219) het dit duidelik gemaak dat die gasheer en die parasiet in hierdie verhouding geen betekenis sonder sy teenpool het nie. Hy stel dit dat die gasheer en parasiet nie slegs gelyktydig aan beide kante van die grenslyn staan nie, dit is ook die grenslyn self, "it is neither the host nor the parasite but the food they both need" (Miller, 1979b:225). Elk se dood is in hierdie teks afhanklik van die ander se dood, "the food they both need (to die)".

En dit is ook hoe verskeie passasies in die teks werk. Betekenisvorming vind plaas deur herhaling met verskille waarvan die repetisies op mekaar teer. Dit is die retoriese kragte in taal wat die lees sywaarts laat beweeg vanaf die prop na die vis, na die repeterende woorde "slaap jy by haar?", na die pik-pik-pik in die haan se kruis, na die besef dat hy sal moet breek met M, na die rand van die bad waar hy 'n keuse sal moet maak, na die windswael wat nie kan uit nie, na die sirkels wat C loop, na die voorwete dat hy dit nie só wou hê nie, dat hy nie 'n keuse wou maak nie, na sy en M se dood. Dit is nie die "logiese verloop" van die verhaal, wat deur die leser uit die gegewe gerekonstrueer is nie, maar sywaartse bewegings wat deur die lees uitgevoer word omdat die reglynige lees kruispaai, terugkerings, "double blinds", onderbrekings bereik as gevolg van die feit dat lees "immanent" is: dit vind binne taal plaas wat retories is. Binne die retoriese kragte word die teken bevry, en vind betekenisvorming lateraal plaas. Die betekenisse waartussen besluit moet word, is asimmetries. Die teks is alreeds gedekonstrueer, en die leser volg die paaie in die onsamehangende web van die doolhof. Die teks is dus "onleesbaar" omdat die leser dit nie op 'n monologiese manier kan lees nie. Dit wat hierbo aangebied is, is deel van 'n "vrye spel", formeel onbeslisbaar, en kan beskou word as een van talle mislesings.

3.6.5 Slot

Miller se laterale danse is 'n bevredigende manier vir die leser om met die dekonstruksie in die teks "saam te dans". Dit word nie soseer as 'n uitbreiding van die teks ervaar nie, miskien meer as 'n tipe "jouissance" met sy saamdans in die laterale bewegings van die teks. Dit is 'n tipe betekenisvorming wat vir enige tipe teks sal werk, maar veral bevredigend in die oop of postmodernistiese teks opgespoor sal kan word.

3.7 GEVOLGTREKKING

Dekonstruksie vind vir Miller plaas omdat betekenis waartussen besluit moet word, asimmetries is. Hulle is nie oop vir organiese eenwording of dialektiese sintese nie. Betekenis is asimmetries omdat eendersheid en verskil gelyktydig teenwoordig is, twee (on)gelyksoortige dinge word gelyktydig weerkaats: A en nie-A. Hulle bestaan in 'n gasheer-parasiet-verhouding tot mekaar.

Miller noem hierdie verhouding "allegories", wat beteken dat 'n ondubbelsinnige uitdrukking onmoontlik is.

Betekenisvorming vind vir Miller binne hierdie allegoriese verhouding, in die saambestaan van 'n enkellynige en 'n dekonstruktiewe lees plaas. 'n Enkellynige lees word eintlik van binne die lees self gedekonstrueer omdat die gasheer-parasiet-verhouding tussen die Platoniese en Nietzscheaanse repetisies; ook die gasheer-parasiet-verhouding tussen 'n enkellynige en 'n dekonstruktiewe lees is. Die allegoriese logika hef noodwendig die enkellynigheid op. Dit is 'n ongemaklike situasie, want alhoewel die enkellynigheid opgehef is, is die enkellynigheid steeds deel van die hele proses. Op die ou end is die enkellynigheid vir alle praktiese oorwegings tog opgehef omdat dit nie binne 'n allegoriese logika gehandhaaf kan word nie. En as enkellynigheid opgehef is, kan betekenis relativisties en subjektivisties plaasvind. Verskillende subjekte sal verskillende drade in die teks volg wat ook verskillende verbindings in sy laterale beweging maak. Dieselfde subjek sal ook nie, as hy weer na die teks teruggaan, elke keer dieselfde draad op dieselfde manier volg nie. Dit is so dat daar sekere riglyne sal wees wat die lees sal rig, soos byvoorbeeld wanneer sekere veronderstelde vanselfsprekende waarhede in die teks ondermyn word - ook kulturele selfbeelde en stereotipes. Maar dit kom waarskynlik vanuit die Platoniese repetisie, vóórdat die allegoriese logika

die enkellynigheid opgehef het. As die laterale danse eers 'n aanvang geneem het, kan betekenisvorming net deur die kompetensie, of "uitgeputte" kompetensie van die leser ingeperk word.

Alhoewel hulle nie 'n uitgewerkte "sosiale" teorie het waarin die verhouding tussen 'n retoriese studie van letterkunde en die ekstrasieke verhoudings uitgespel word nie, lê die dekonstruktiviste voortdurend daarop klem dat hierdie verhoudings alreeds "binne" die teks is. Vanselfsprekende waarhede wat deur 'n retoriese betekenisvorming ondermyn word, is "tekens" vanuit gemeenskappe, historiese data, filosofiese teorieë, films, televisie en koerante.

My standpunt is dat kultuur, politiek en die sosiale nie op sigself betekenisbepalend is nie. Sou dit wees, tree dit outoritêr op. Sosiale, politieke en ekonomiese dimensies van die literêre en van die leser se aktiwiteit is alreeds ingesluit by die betekenisvorming, in die vorm van tekste en tekens. Die teks is 'n intertekstuele gebeurtenis, waarby die tekstualiteit van die wêreld ook ingesluit is.

En dis wanneer hierdie "tekens" deur die leser gelees word, dat die dekonstruksie daarvan herken word. Selfs Miller se laterale danse vind vanuit hierdie tekens plaas. Die gasheer-parasiet-verhouding tussen 'n enkellynige en 'n dekonstruktiewe lees is dus altyd teenwoordig. Die gasheer word wel "verteer" deur die parasiet maar die gasheer moet in elke (nuwe) geval eers daar wees om verteer te word. Die leser moet net in staat wees om die "tekens" te lees. Daarom kan ons nooit heeltemal weg beweeg van 'n "close reading" af nie, maar nie net 'n "close reading" van die teks nie, ook van die buite-tekstuele, soos Miller (1991:392) dit in sy nuutste boek stel:

Courses in the literature departments should become primarily training in reading and writing, the reading of great works of literature, yes, but with a much broader notion of the canon, and along with that training in reading all the signs: paintings, movies, television, the newspaper, historical data, the data of material culture. An educated people these days, an informed electorate, is a people who can read, who can read all the signs, no easy thing to learn.

As so 'n leser deur die dekonstruktivis aangehang word, is my mening dat dit nie bloot 'n subjek is wat in die teks "verdwyn" nie, maar 'n aktiewe leser wat vanuit sy kennis van al die tekens, ook van die buite-linguistiese, die dekonstruksie in die

teks kan raaklees. Die subjek "verdwyn" nie en word nie "vasgevang" in taal nie, maar sy skeppende vermoëns word deur die retoriese kragte in taal geaktiveer om deel te word van die gasheer-parasiet-logika van dekonstruksie.

Maar die dekonstruktivis lê nie net die tekens nie. Hy lewer ook 'n belangrike bydrae tot die ontbloting van die maniere waarop mag werksaam is in diskoers. Implisiet ontken hy die verslawing binne 'n outoritêre diskoers. Soos hierbo gesien is, is vanselfsprekende waarhede wat deur retoriese betekenisvorming ondermyn word, alreeds tekens vanuit die gemeenskap. Binêre opposisies soos die marginale/sentrale, teenwoordigheid/afwesigheid, manlik/vroulik, vorm reeds deel van magsdiskoerse. As die opposisie gedekonstrueer word, word die hiërargie omgekeer. Degenaar (1989:7) beskou die dekonstruering van opposisies as die rewolusionêre konsep wat in dekonstruksie op die vlak van diskoersanalise figureer. Daarom kan die rewolusionêre potensiaal van dekonstruksie nie geïgnoreer word nie.

Vir 'n Marxis soos Jameson (wie se teorie in die volgende hoofstuk bespreek sal word), is 'n rewolusionêre leesstrategie nie voldoende nie. Hy sou wou sien dat dekonstruksie 'n verskuiwing maak van 'n rewolusionêre leesstrategie na 'n rewolusionêre politieke aksie toe. Die dekonstruktivis sal natuurlik antwoord dat daar nie regtig 'n verskil is nie omdat beide tekste is wat geïnterpreteer moet word, maar - sonder die oorheersing van een of ander vorm van totalisering, soos byvoorbeeld Jameson se aanbieding van Marxistiese betekenisvorming as die "absolute horison van alle interpretasie".